„Die Sosio-ekonomiese leefwyse van Bantoe-
onderwysers"

('n Studie in akkulturasie ten opsigte van
die onderwysers van die Bantoedorp, Ikageng,
Potchefstroom)

Verhandeling ter gedeeltelike nakoming van
die vereistes vir die graad

Magister Artium

aan die Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys, deur,

Francois Andries Naude

Leier: Prof.Dr. J.H. Coetzee M.A., D.Phil.

P.U. vir C.H.O.,
POTCHEFSTROOM.
Desember 1967.

Opgedra aan:

Pappie en Mammie

Voorwoord

Ek wil van die geleentheid gebruik maak om almal van harte te bedank wat dit op 'n direkte of indirekte wyse vir my moontlik gemaak het om hierdie verhandeling te voltooi om also 'n ideaal te verwesenlik.

Dit sal my seker gegun word as ek die geleentheid ten bate neem om my ouers te bedank vir alles wat hulle vir my gedoen het om my so ver in die lewe te laat vorder. Vir al die opoffering en aanmoediging, baie dankie, Mammie en Pappie.

Teenoor my leier, prof. J.H. Coetzee, my opregte en innige dank vir al die raad en leiding en bo alles die vriendelike wyse waarop hy my altyd ontvang het, soms op die mees ongeleë tye. Baie dankie Professor.

Aan die volgende persone my innige dank vir hulp, om sekere inligting te kry:

1. Mnr. P.W. Dreyer, Streekdirekteur van die Suid-Transvaal streek vir die toestemming om insae in die skole se kwartaalstate te kan kry.
2. Mnr. J.J. Bezuidenhout, plaaslike Inspekteur van Skole, Bantoe-onderwys, Potchefstroom, wat my toestemming gegee het om die skole gedurende pouses te mag besoek.
3. Mnr. P. Riekert, Direkteur van Nie-blankesake, Potchefstroomse Munisipaliteit, vir sy toestemming om Ikageng te besoek.

4. Die opsieners van die inspeksiekring.
5. Die skoolraadsekretaris van Potchefstroom.
6. My informante, die vier-en-sewentig onderwysers.

Al het dit soms met veel moeite gepaard gegaan, het hulle my tog van die nodige gegewens voorsien, wat hierdie verhandeling moontlik gemaak het.

Almal verder wat nie hier genoem is nie. Wees verseker dat u deeltjie, klein of groot, vir my van die grootste belang was. Die groot geheel word tog opgebou deur vele onderdele, en soms kan die grootste nie funksioneer sonder die samewerking van die allerkleinste onderdeel nie. My dank ook aan u.

Ek loof God vir Sy genade aan my.

Mag die verhandeling, deur die genade van Bo, slegs die begin wees van 'n bydrae tot die Volkekunde as wetenskap.

# I N H O U D S O P G A W E

Bls.

INLEIDING .................................... 1

a. Probleemstelling ........................ 1
b. Doelstelling ............................ 1
c. Metode .................................. 2
d. Die omvang .............................. 3

HOOFSTUK I ................................... 5

AKKULTURASIE ............................... 5

I. Die dinamiese aard van kultuur ........ 5
II. Akkulturasie, assimilasie en diffusie . 8
III. Definisies ........................... 9
IV. Die verloop van die akkulturasieproses. 10

Walter se indeling:

A. Akkommodasie ..................... 10
B. Formele inkorporasie ............. 11
C. Amalgamasie ...................... 11

V. Soorte kontak ......................... 13
VI. Situasies waarin akkulturasie mag plaasvind ......................... 13
VII. Remmende faktore ..................... 16
a. Kulturele struikelblokke (Remmende faktore) 16
b. Sosiale struikelblokke ........... 17
c. Sielkundige struikelblokke ....... 18
VIII. Faktore wat verandering bevorder ...... 19
IX. Die ontwikkelingsproses in Suid-Afrika. 22
1. Die Bantoeagtergrond ............. 22
2. Die eerste kontakfase ............ 23
3. Onderlinge oorloë open die deur vir die blankes ................ 24
4. Die tweede kontakfase ............ 26
a. Die invloed van die sending-aksie ...................... 26

b/...

Bls.

b. Die invloed van die handelaars 33

c. Die invloed van die Administrateerder ............... 35

5. Die derde fase .................... 36

6. Vierde fase: die Bantoe in die dorpe en stede ................. 38

HOOFSTUK II ............................. 40

AGTERGROND VAN DIE ONDERWYSERSGROEP VAN POTCHEFSTROOM ............................ 40

A. Samestelling ........................... 40

1. Indeling van die skole ............... 40

2. Personeel ............................ 41

a. Huistaal ........................... 41

b. Geslagsdistribusie ................. 42

c. Persoonlik ......................... 45

d. Herkoms ............................ 45

(i) Stam en totem ................ 45

(ii) Geboorteplekke .............. 46

(iii) Waar oral onderwys gegee is .. 50

(iv) Redes waarom die onderwysers na Potchefstroom gekom het . 51

1. Familieredes ........... 51

2. Professionele redes ..... 51

3. Ekonomiese redes ........ 52

4. Algemene redes .......... 52

5. Onbekend ............... 52

e. Onderwyskwalifikasies ............. 52

(i) Akademies ................... 52

(ii) Professioneel ............... 54

(iii) Opleiding: inrigtings waar hulle opleiding ontvang het. 55

1. Familieredes ........... 56

2. Voordele van die bepaalde inrigting ............. 56

3. Algemene redes .......... 57

(iv) Verdere studie ............... 57

a. Kursusse ............... 58

b. Inrigtings ............. 58

f. Posisies tans beklee .............. 60

g. Salarisse ......................... 61

h/...

Bls.

h. Ouderdomme ........................ 62
(i) Verspreiding van ouderdomme .. 62
(ii) Gemiddelde ouderdomme ....... 63
i. Huwelikstatus ..................... 64
(i) Huwelikstatus: volgens skole . 64
(ii) Huwelikstatus: manlik en vroulik ....... 65
j. Werk man of vrou? ................. 65

B. Samevatting ............................ 66

HOOFSTUK III ................................ 68

VERLOWING EN HUWELIKSLUITING .......... 68

I. Verlowing.................................. 68

A. Die tradisionele verlowing ........... 68
a. Verlowingseremonie: Wes- en Suid-Sotho ......... 68
(i) Huweliksaansoek: Wes- en Suid-Sotho .... 68
(ii) Die verlowingsfees: Wes- en Suid-Sotho .... 71
(iii) Duur van verlowing: Wes- en Suid-Sotho .... 71
b. Die verlowingseremonie: Nguni ..... 72
(i) Die huweliksaansoek: Nguni .. 72
(ii) Die verlowingsfees: Nguni ... 73
(iii) Duur van verlowing: Nguni ... 73

B. Ontleding van gegewens ingesamel in verband met verlowing .............. 74
a. Stamverwantskap van man/vrou .... 74
b. Verlowing: gebruik van ring ..... 74
c. Metode van verlowing ............ 75

C. Gevolgtrekkings in verband met verlowing ......................... 78

II. Huwelikseremonie ....................... 80

A. Die tradisionele huwelikseremonie .... 80
a. Huwelikseremonie: Wes- en Suid-Sotho ........... 80
b. Huwelikseremonie: Nguni ........... 81

Bls.

B. Ontleding van gegewens ingesamel in verband met die huwelikseremonie...... 83

a. Die rol van bogadi/lobola ......... 83

b. Nooi van gaste .................... 84

c. Kleredrag van die bruid en bruidegom ....................... 85

(i) Vrou ........................ 85
(ii) Man ......................... 86

d. Gebruik van bruidsmotor ........... 87

e. Huwelik: Binne of buite gemeenskap van goedere ................ 87

f. Aard van die huwelik .............. 88

(i) Plek van die onthaal ........ 88
(ii) Drank op die onthaal ........ 88
(iii) Voedsel op die onthaal en ander gebruike ............ 90

g. Huwelikseremonie .................. 91

h. Rol van die familie ............... 93

i. Die huwelikseremonie soos deur sekere informante beskryf ....... 95

(i) Die Xhoza-huwelik ........... 95
(ii) Die Tswana-huwelik .......... 96
(iii) Die moderne onthaal ......... 98
(iv) Wat die ongetroudes beplan .. 98

j. Gesinsgrootte en geboortebeperking. 98

(i) Gesinsgrootte ................ 98
(ii) Geboortebeperking ............ 101

1. „Grace" se ondersoek ...... 101
2. Die toestand in Potchefstroom .................. 102

C. Gevolgtrekkings in verband met die Huwelikseremonie ..................... 102

HOOFSTUK IV ..................................... 111

HUISE, MEUBELS EN VERVOER .............. 111

I. Huise ................................... 111

A. Die tradisionele in verband met huise .. 111

B. Ontleding van gegewens ingesamel in verband met huise ................... 112

Bls.

a. Stelsel van huisverskaffing in Ikageng .......................... 112

b. Huise gekoop, gehuur of volgens erf-en-diens skema bekom ........ 114

c. Soorte vertrekke in die huis ...... 115

d. Is huis vergroot? ................. 116

e. Grootte van die erf ............... 117

f. Begeerte in verband met groter huise ........................... 117

g. Redes waarom groter huise verlang word ............................ 118

(i) Getroudes ..................... 118

(ii) Ongetroudes .................. 119

C. Gevolgtrekkings in verband met huise . 120

II. Meublement ............................ 121

A. Die tradisionele in verband met meublement ............................ 121

B. Ontleding van gegewens in verband met meublement ..................... 122

a. Woonkamer ....................... 122

b. Eetkamer ........................ 123

c. Slaapkamers ..................... 124

d. Kombuis ......................... 125

e. Badkamer ........................ 126

f. Die plek waar die meubels gekoop is ....................... 126

g. Hoe die meubels gekoop is ....... 126

h. Die besit van radio's: modelle en soorte ....................... 127

C. Gevolgtrekkings in verband met meublement ........................ 128

III. Vervoer ............................... 130

A. Die tradisionele in verband met vervoer ............................ 130

B. Analise van die gegewens in verband met vervoer ..................... 130

(i) Soorte motors wat die onderwysers besit ....................... 131

(ii) Vervoer waarvan gebruik gemaak word ....................... 132

Bls.

C. Gevolgtrekkings in verband met vervoer.. 133

HOOFSTUK V .................................... 134

VOEDSEL, DRANK EN KLEDINGGEWOONTES ..... 134

I. Voedsel .................................... 134

A. Die tradisionele in verband met voedsel. 134

B. Ontleding van gegewens ingesamel in verband met voedsel .................. 136

a. Wie die voedsel voorberei ......... 136

b. Soorte voedsel .................... 136

c. Wie die kos koop .................. 138

d. Koopplekke van voedsel ............ 138

e. Die saameet van die huisgesin .... 141

f. Maaltye ........................... 142

(i) Ontbyt ...................... 143
(ii) Middagete ................... 143
(iii) Aandete .................... 144

g. Eetplek en eetgerei ............... 145

(i) Waar geëet word ............ 145
(ii) Waarmee geëet word ......... 146
(iii) Waarin geëet word ......... 146

h. Gebruik van lekkers ............... 147

i. Die fees van die eerste vrugte .... 147

C. Gevolgtrekkings in verband met voedsel.. 148

II. Drank ..................................... 151

A. Die tradisionele in verband met drank... 151

B. Ontleding van gegewens ingesamel in verband met drank .................... 152

a. Soorte blanke drank verkies ....... 153

b. Drinkplekke ....................... 155

c. Gebruik van drank voor ete: soorte. 156

C. Die gevolgtrekkings in verband met drank .............................. 156

III. Kledinggewoontes ......................... 158

A. Die tradisionele in verband met kledinggewoontes ...................... 158

Bls.

B. Ontleding van gegewens ingesamel in verband met kledinggewoontes ......... 159

a. Inleidend ......................... 159

b. Die maak van klere deur die vrou... 160

(i) Man ......................... 160
(ii) Vrou ......................... 160
(iii) Seuns ......................... 161
(iv) Dogters ......................... 161

c. Koopplekke en soorte klere ........ 161

(i) Man ......................... 161
(ii) Vrou ......................... 162
(iii) Seuns ......................... 162
(iv) Dogters ......................... 163

d. Die dra van hoede deur die mans ... 163

C. Gevolgtrekkings in verband met kleding-gewoontes ......................... 164

HOOFSTUK VI ......................... 166

SOSIALE LEWE: OPVOEDING, ONTSPANNING, KERK EN ANDER ORGANISASIES, BESPARING EN VERSEKERING ......................... 166

I. Opvoeding ......................... 166

A. Die tradisionele in verband met opvoeding 166

a. Dissipline ......................... 166

b. Informele opvoeding ................. 166

c. Formele opvoeding ................. 167

B. Analise van gegewens ingesamel in verband met opvoeding ................. 169

a. Dissipline ......................... 169

b. Informele opvoeding ................. 170

c. Formele opvoeding ................. 171

C. Gevolgtrekkings in verband met opvoeding 172

II. Ontspanning: sport, sang en musiek, dans, lees en tuinmaak ......................... 174

A. Die tradisionele in verband met ont-spanning ......................... 174

a. Sport ......................... 174

b. Sang en musiek ......................... 175

Bls.

(i) Tromme .......................... 176
(ii) Rammelaars ...................... 176
(iii) Snaarinstrumente ................ 176
(iv) Fluit-en blaasinstrumente ........ 176

c. Dans ............................... 177

d. Lees ............................... 177

e. Tuinmaak ........................... 178

B. Ontleding van gegewens ingesamel in verband met ontspanning .............. 179

a. Sport .............................. 179

(i) Vader ........................... 179
(ii) Vrou ............................ 179
(iii) Seuns ........................... 180
(iv) Dogters ......................... 180

b. Sang en musiek ..................... 180

c. Dans ............................... 182

d. Lees ............................... 183

e. Tuinmaak ........................... 185

C. Gevolgtrekkings in verband met ontspanning ........................... 186

III. Kerk en ander organisasies ................. 190

A. Die tradisionele in verband met kerk en ander organisasies .................... 190

B. Ontleding van gegewens ingesamel in verband met kerk en ander organisasies. 190

a. Kerk ............................... 191

b. Ander organisasies ................. 194

C. Gevolgtrekkings in verband met kerk en ander organisasies .................... 195

IV. Besparing en versekering ................... 195

A. Die tradisionele in verband met besparing en versekering ................ 195

B. Ontleding van gegewens ingewin in verband met besparing en versekering ..... 196

a. Besparing .......................... 196

b. Versekering ........................ 198

(i) Begrafnispolis ................ 198
(ii) Versekering ................... 199
(iii) Waarom polisse uitgeneem/nie-uitgeneem is nie ........... 200

Bls.

1. Redes waarom 'n polis uitgeneem is ......... 200
2. Redes waarom 'n polis nie uitgeneem is nie.. 200

c. 'n Gesinsbegroting (Gerekonstrueer)... 201

C. Gevolgtrekkings in verband met besparing en versekering ........................ 202

HOOFSTUK VII ...................................... 204

KONKLUSIES EN AANBEVELINGS ............... 204

SUMMARY IN ENGLISH ....................... 212

BRONNELYS ........................................ 215

BYLAES

1. Salarisskale van Bantoe onderwysers ..... 220
2. Opsomming van Departementele Leergange... 224
3. Vraelys ................................ 227

LYS/...

## LYS VAN TABELLE


| Nommer | | Bls. |
|---|---|---|
| 1. | Indeling van skole | 40 |
| 2. | Huistaal | 41 |
| 3. | Verdeling van die onderwysers aan die verskillende skole volgens geslag | 42 |
| 4. | Geslag van die hoofde aan die verskillende skole | 44 |
| 5. | Akademiese kwalifikasies | 53 |
| 6. | Professionele kwalifikasies | 54 |
| 7. | Inrigtings waar hulle opleiding ontvang het | 55 |
| 8. | Kursusse (verdere studie) | 58 |
| 9. | Inrigtings (verdere studie) | 58 |
| 10. | Soorte poste | 61 |
| 11. | Gemiddelde salarisse | 62 |
| 12. | Ouderdom: Verspreiding by die verskillende skole | 63 |
| 13. | Gemiddelde ouderdomme | 64 |
| 14. | Huwelikstatus: Volgens skole | 64 |
| 15. | Huwelikstatus: Manlik en vroulik | 65 |
| 16. | Maniere waarop getroudes verloof geraak het | 75 |
| 17. | Soorte drank gebruik | 89 |
| 18. | Huise gekoop, gehuur of volgens erf-en-diensskema bekom | 114 |
| 19. | Soorte vertrekke in die huis | 115 |
| 20. | Grootte van die erf | 117 |
| 21. | Begeerte in verband met groter huise | 117 |
| 22. | Die plek waar die meubels gekoop is | 126 |
| 23. | Tipe radio | 127 |
| 24. | Soorte motors wat die onderwysers besit | 131 |
| 25. | Vervoer waarvan gebruik gemaak word | 132 |
| 26. | Voedselsoorte | 137 |
| 27. | Wie die kos koop | 138 |
| 28. | Melk | 139 |
| 29. | Vleis | 139 |
| 30. | Mieliemeel | 139 |
| 31. | Brood | 140 |
| 32. | Ingemaakte vleis, vis en groente | 140 |
| 33. | Getal maaltye per dag | 142 |

| Nommer | | Bls. |
|---|---|---|
| 34. | Waar geëet word ........................ | 145 |
| 35. | Waarmee geëet word ..................... | 146 |
| 36. | Waarin geëet word ...................... | 146 |
| 37. | Hoeveel lekkers kinders eet ............. | 147 |
| 38. | Soorte blanke-drank verkies ............. | 153 |
| 39. | Drinkplekke ............................. | 155 |
| 40. | Gebruik van drank voor ete: Soorte ....... | 156 |
| 41. | Instrumente wat bespeel word ............ | 182 |
| 42. | Tydskrifte, boeke en koerante wat die onderwysers lees ....................... | 184 |
| 43. | Posisies wat hulle in die verenigings-lewe beklee ........................... | 194 |
| 44. | Waar geld gespaar word .................. | 197 |
| 45. | Verspreiding van versekering ............ | 199 |

## K A A R T E

Kaart I ................................ 48

Kaart II ............................... 49

# I N L E I D I N G

## a. Probleemstelling

Die gedeelte van die Volkekunde as wetenskap, naamlik akkulturasie, is 'n redelike jong vertakking. Ten opsigte daarvan het daar reeds veel verskyn, maar alles is nog nie gesê nie, aangesien die proses eintlik nog aan die gang is. Hier voor ons oë is 'n proses van verwestering aan die gang en die meeste van ons sien dit eintlik ongemerk voor die oë verbygaan sonder om enige ag daarop te slaan. Tog is hierdie proses vir ons as Blanke inwoners sowel as Bantoe inwoners van Suid-Afrika van die grootste belang. In hierdie studie sal gepoog word om lig op enkele van die probleme te laat val.

## b. Doelstelling

Hier word 'n studie gemaak van 'n aspek van die akkulturasieproses by die Suid-Afrikaanse Bantoe. Aangesien die veld vir so 'n studie geweldig wyd is, is die veld van ondersoek dus beperk tot 'n meer spesifieke groep, naamlik die onderwysers. Dit is ook nie sonder doel gedoen nie. Die onderwysers as die intellektuele groep van die Bantoe behoort op die gebied van algehele verwestering seker die verste te gevorder het. Vrae soos die volgende kom dan onwillekeurig by 'n mens op: het die staat van ontwikkeling deur hulle bereik, hulle gehelp om weg te breek van die tradisionele kultuur, en is hulle nou geheel en al verwesters?

Is dit werklik waar wat in „Die Vaderland" van 4 Augustus 1965 in groot letters verskyn het: „Bantoe

oor/...

oor een geslag totaal verwesters." Ook dr. J. Adendorf, hoof van die Bantoebeleggingskorporasie het daarna in 'n toespraak verwys (3 Augustus 1965) in Johannesburg en gesê dat dit die geval is. Is hierdie sogenaamde „verwestering" slegs 'n dun lagie vernis in die vorm van die uiterlike, bv. klere, ens? 'n Antwoord op bogenoemde vraag sou ek graag wou gee, maar later meer daaroor.

'n Ander vraag wat homself voordoen, is naamlik: wat was die Bantoeonderwyser, as 'n leier in sy eie gemeenskap, se bydrae tot hierdie verwesteringsproses?

Met 'n soeke na gegewens om bogenoemde vrae te beantwoord moet telkens gewaak word om nie verblind te word deur die soeke na kultuurreste nie. Reste is wel menigvuldig te vind, maar hulle moet nie die allesoorheersende word nie, aangesien ons verder in gedagte moet hou om te let op statussimbole wat die onderwyser homself toe-eien. Is hierdie statussimbole slegs 'n deel van die akkulturasieproses? Die studie is toegespits op die sigbare en uitwendige tekens van aanvaarding van Westerse gebruike en gewoontes en nie soveel op kwessies van gesindheid en houding nie, en kultuurreste word alleen as agtergrondgegewens gehanteer.

c. <u>Metode</u>

Wat die metode van ondersoek betref slegs enkele opmerkings: die vraelysmetode is gebruik. Eers is 'n voorlopige vraelys deur die navorser persoonlik oorhandig aan die proefpersone. Na die finale vraelys opgestel is, is eers 'n paar vraelyste gesirkuleer alvorens die vraelyste getik en afgerol is vir finale sirkulasie.

Met/...

Met die invul van die vraelyste is persoonlik gehelp om moontlike probleme wat kon opduik uit te stryk. Ook is persoonlik by hulle besoek aan hulle huise afgelê en is daar veral van persoonlike observasie gebruik gemaak. Alle gegewens is weer gekontroleer met ander informante.

Aanvanklik is daar groot agterdog teenoor die navorser en die opname gekoester. Maar na vele persoonlike gesprekke en verduidelikings is die muur afgebreek en is die gegewens makliker ingevorder as met die eerste opname. Die skoolhoofde het veral baie bygedra om die gegewens so goed as moontlik ingesamel te kry. Die hoofde het slegs hulle assistente in my afwesigheid met hulp en raad bedien. 'n Afskrif van die vraelys waarop hierdie ondersoek gebaseer is, word as 'n bylae aangeheg.

d. Die omvang

Soos uit die titel blyk, bepaal hierdie ondersoek hom by die sosiale en ekonomiese lewe/leefwyse van die onderwysers in die Ikageng-Bantoedorp, Potchefstroom. Die politieke aspek van akkulturasie is dus buite rekening gelaat.

Die studie is dus beperk tot 'n groep onderwysers in een Bantoesamelewing waar hulle invloed uitoefen. Die volgende aspekte is behandel: in die eerste hoofstuk word by wyse van inleiding tot die studie die begrip akkulturasie behandel, die verloop van die proses in Suid-Afrika, soorte kontakte en faktore wat akkulturasie bevorder of teenwerk. Hierna volg 'n blik op die agtergrond van die onderwysers, wat aspekte behels soos byvoorbeeld die opvoedkundige agtergrond van die groep.

Verdere/...

Verdere hoofstukke word in beslag geneem deur aspekte van die leefwyse van die onderwysers byvoorbeeld:

a. Verlowing.

b. Huwelik.

c. Gesin.

d. Huisbesit.

e. Meublement.

f. Vervoer.

g. Voedsel.

h. Drank.

i. Kledinggewoontes.

j. Sosiale lewe:

(i) Opvoeding.

(ii) Kerk.

(iii) Sport en ander organisasies.

k. Besparing en versekering.

Genoemde punte word telkens in drie afdelings behandel:

(i) Tradisionele.

(ii) Ontleding van gegewens ingesamel.

(iii) Gevolgtrekkings.

Die laaste hoofstuk word in beslag geneem deur enkele konklusies en gevolgtrekkings.

# HOOFSTUK I

# HOOFSTUK I

## AKKULTURASIE

### I. DIE DINAMIESE AARD VAN KULTUUR

Verandering is 'n algemene trek in die menslike kultuur. Dit moet altyd bestudeer word met inagneming van die agtergrond van kulturele stabiliteit. Enige verandering, hoe verreikend ook al vir enige gemeenskap, beïnvloed ná alles net 'n klein deeltjie van die gewoonte van daardie mense. Die verskynsel van dinamiese kultuur het dus 'n positiewe en negatiewe aspek. Verandering moet altyd gesien word in verhouding tot 'n weerstand teen verandering. Die probleme sluit dus in 'n analise van die toestande waaronder konserwatisme en verandering 'n sekere kulturele toneel domineer; hoe hierdie houdings teenoor die oue en nuwe ontwikkel, met die aanvaarding van die nuwe, en hoe die nuwe as dit eers aanvaar is, vervorm word in die kulturele verband waarin dit aangepas word.

Veranderinge kan van binne of van buite 'n gemeenskap aangebring word. Interne ontwikkeling is die gevolg van ontdekking of uitvinding. Veranderinge van buite volg op 'n proses van leen of kulturele transmissie.[1] Die prosesse van ontdekking en uitvinding is onduidelik. In sommige gevalle het blote toeval 'n persoon gelei na 'n nuwe tegniek, 'n nuwe konsep, 'n nuwe geloof. In sommige gevalle het 'n tekortkoming gelei na die soek na 'n metode wat die behoefte kon

bevredig/...

1. Herskovits, M.J., Man and his works. p.635.

bevredig.

Die ewolusioniste het klem gelê op die psigiese eenheid van die mensheid en het dus interne faktore beklemtoon as die oorsaak van verandering. Later, in reaksie hierteen, het die diffusioniste weer die neiging van die mens om elemente van kultuur te leen beklemtoon. Dit blyk egter redelik om te aanvaar dat nóg onafhanklike oorsprong, nòg diffusie alleen die verandering wat in elke kultuur aangetref word, kan verklaar, maar dat albei hierdie prosesse aanvaar moet word, as ons die vorms wat 'n gegewe kultuur openbaar in 'n gegewe tyd wil verklaar.

Die tegniek wat die feit van kulturele leen bevestig het, was die analise van die verspreiding van kultuurtrekke en komplekse oor beperkte areas. Toe is gevind dat kulture nader aan mekaar meer ooreenkoms vertoon het as dié wat verder van mekaar was. Sulke bevindings kon alleen verklaar word op grond van die veronderstelling dat ooreenkomste die gevolg van diffusie is, en dat, hoe groter die geleentheid is om te leen, hoe meer die kulture wat met mekaar in aanraking gekom het, met mekaar ooreenkom.[2)]

Ondersoek na die eindresultaat van kulturele verandering deur 'n analise van die verspreiding van kultuurelemente word genoem diffusiestudie, terwyl die ondersoeke wat verandering as proses as onderwerp het, akkulturasie ondersoek genoem word.

Studies van kulturele transmissie as proses het bewys dat leen altyd selektief is. In sommige kon-

kontak/...

2. Herskovits, M.J., op.cit., p.635.

taksituasies mag elemente as 'n geheel oorgeneem word, terwyl weerstand in ander gevalle baie sterk teen leen is. Twee van die belangrikste meganismes wat bepaal wat en hoeveel geleen gaan word, is die meganismes van kultuurfokus en herinterpretasie. Elemente waarop die fokus val, word gereeld bespreek en makliker oorgeneem.

As die situasie een is waarin 'n gemeenskap elemente van 'n vreemde kultuur op hulle afgedwing kry, bevorder herinterpretasie die behoud van vroeëre metodes in 'n veranderde vorm. Dit is dus die reaksies van individue op nuwe dinge wat bepaal wat oorgeneem sal word en wat nie, en die vorm waarin die herinterpreteerde proses die nuwe dinge sal vervorm.

Veranderlikheid in kultuur bevestig sy dinamiese aard en die middels waardeur kulturele veranderinge verkry word. Kulturele veranderlikheid kan op twee maniere geskied. In die eerste plek verwys dit na die verandering in die menslike kultuur as 'n geheel, soos geopenbaar in die baie maniere waarop verskillende gemeenskappe beplan het om dieselfde einddoel te bereik. Die tweede is die veranderlikheid wat uitgedruk word in die verskillende gedragslyne van die individuele lede van dieselfde gemeenskap.

Hoe kleiner die sosiale eenheid, hoe minder sal die variasies in die gedrag van sy lede wees. Hoe groter die gebied van verandering in die kultuur is, hoe meer geleentheid word gebied vir die ontwikkeling van nuwe fasette van die reeds bestaande gewoontes.

Sekere variasies is egter meer prominent as

andere/...

andere. Elke indiwiduele afwyking van aanvaarde gedragslyne kan beskou word as 'n potensiële krag om die rigting van kultuurverandering te beïnvloed. Hierdie variasies kon deur 'n gemeenskap oorgeneem word of verwerp word. Dit kon óf 'n vroeëre soort reaksie vervang, óf aanvul óf 'n nuwe alternatiewe vorm van aanvaarde gedrag verskaf.

Omdat variasies willekeurig is en omdat dit onmoontlik is om die historiese gebeurtenisse te voorspel wat die rigting van 'n gegewe kultuur sal vorm, moet die faktore van toeval in aanmerking geneem word. In hoofsaak bestaan die toeval van kulturele ontwikkeling daaruit dat kontakte tussen gemeenskappe ontstaan wat na die een groep kulturele elemente bring wat heeltemal nuut is, en wat hulle lewenswyse op so 'n manier beïnvloed dat dit nie voorspelbaar is nie.[3)]

## II. AKKULTURASIE, ASSIMILASIE EN DIFFUSIE

Akkulturasie bestaan uit daardie veranderings wat in 'n kultuur veroorsaak word deur die invloed van 'n ander kultuur, met die gevolg dat daar 'n verhoogde ooreenkoms van die twee ontstaan. Die invloed mag wederkerig wees of uitermate eensydig. Die gevolglike assimilasie mag so ver vorder dat die een kultuur uitgewis word deur die oorname van die ander; of ander faktore mag inmeng om die assimilasie te balanseer en die kulture apart te hou. Die proses van akkulturasie is langsaam en nie skielik nie. Dit kan dus altyd histories verklaar word. In so 'n mate as wat Geskiedenis meer is as die ver-

haal/...

3. Herskovits, M.J., op.cit., p.636.

haal van besondere gebeurtenisse en besondere indiwidue en te doen het met sosiale en kulturele veranderinge, handel die grootste deel van die Geskiedenis uiteindelik met interkulturele beïnvloeding en dit is akkulturasie. Dit is veral waar van die deel van die Geskiedenis wat bekend is as Argeologie. Omtrent al die vorms van diffusie dra òf by tot akkulturasie òf kan beskou word as 'n aspek van akkulturasie of omgekeerd. Alle akkulturasie is vol diffusie. Die twee is deeglik in mekaar verweef in die gegewens. Die onderskeid is een van benadering en beklemtoning van belangstelling. As ons die ervaring van 'n besondere kultuurtrek of -kompleks of -institusie volg van kultuur tot kultuur, noem ons dit 'n studie van diffusie. As ons twee kulture oorweeg wat mekaar oorweldig met honderde en duisende diffusietrekke, en die waarde vasstel van sulke wedersydse beïnvloeding, noem ons dit akkulturasie. Diffusie het te doen met elemente of dele van 'n kultuur; akkulturasie is wat gebeur met kulture.[4)]

## III. DEFINISIES

In 1935 het Hadfield, Herskovits en Linton die volgende definisie geformuleer: „Acculturation comprehends those phenomena which result when groups of individuals who have different cultures come into continuous first hand contact, with subsequent changes in the original culture patterns of either or both groups."

Verder het hulle onderskei tussen akkulturasie en kultuurverandering waarvan dit alleen een aspek is.

Hulle/...

---

4. Kroeber, A.L., Anthropology, p.452.

Hulle behandel ook **assimilasie** wat soms een van die gevolge van akkulturasie is, en diffusie wat alleen een aspek van akkulturasie vorm, maar wat altyd teenwoordig is as daar akkulturasie is.[5)]

In 'n konkrete wetenskap soos Volkekunde is daar nie voordeel as onderskeidings te ver beklemtoon word nie, omdat gegewens eindeloos in mekaar vloei, veral in so 'n hoogs plastiese onderwerp soos kultuur. 'n Breë definisie met die klem op die sentrum van die betekenis, in stede van fyn logiese definisies, blyk dus die waardevolste te wees. 'n Definisie van hierdie soort van akkulturasie kan die volgende wees:

„The effect on cultures of contact with other cultures."[6)]

Dit sal dan ook insluit die invloed op die gemeenskappe wat die kulture dra. So benader is dit duidelik dat akkulturasie baie insluit. Dit werk alreeds sedert daar aparte menslike kulture ontstaan het. Nege-en-negentig persent van alle akkulturasie lê dus in die verlede, en dit sluit in die aard, prosesse en kultuurpatrone sowel as die veranderinge.[7)]

## IV. DIE VERLOOP VAN DIE AKKULTURASIEPROSES

Walter verdeel die ontwikkelingsproses in drie afdelings.[8)]

### A. Akkommodasie

„The immediate requirements of any situation

in/...

5. Herskovits, M.J., Acculturation, p.10.
6. Kroeber, A.L., op.cit., p.426.
7. Ibid., p.426.
8. Vir die verloop van die akkulturasieproses is hoofsaaklik die werk van P.A.F. Walter: Race and Culture Relations, p.43-59 gebruik.

in which alien groups are in contact is that they reach a living and working arrangement of some degree of stability.[9]

In Suid-Afrika, bv., word die Bantoe se teenwoordigheid in die stede verlang om sy arbeid. Tog wil die blankes noue kontak met die Bantoe vermy so vermoontlik. Derhalwe word maatreëls getref om die kontak tot die nodige minimum te beperk. Vir die res is daar maatreëls om die skeiding te handhaaf ..... deur aanpassing of akkommodasie. Enkele voorbeelde is aparte woonbuurtes, aparte vervoergeriewe, ens.

B. Formele Inkorporasie

„Considered as logically and historically the second stage of assimilation is formal recognition - a degree of unity among members of the various cultural or racial groups .... In modern nation-states, formal incorporation is the granting of citizenship."[10]

Lede van verskillende kulturele groepe word nou in die tweede stap erken as lede van dieselfde nasionale groep en so word dan gelyke politieke regte aan hulle toegeken. In die V.S.A. is daar formele inkorporasie van Negers in die Amerikaanse samelewing sonder wesenlike aanvaarding.

C. Amalgamasie

Amalgamasie is die laaste stap in die proses van akkulturasie: „Usually considered the final stage of assimilation, is the mutual acceptance by previously alien groups/...

9. Walter,P.A.F., op.cit., p.49.
10. Walter P.A.F., op.cit., p.49 en 50.

groups of intermarriage, without the implications of social stigma ..... when this occurs, the dividing lines between racial and cultural groups disappear ..... and there emerges ..... a single group.[11)]

Laasgenoemde fase lei dus tot biologiese eenheid deur bloedvermenging wat weer op sy beurt moet lei tot die algehele oorgaan van die twee groepe se identiteit in die totstandkoming van 'n nuwe groep. Die laaste fase lê dus die klem op bloedvermenging wat as voorvereiste het dat die sosiale stigma eers moet verdwyn. Sporadiese vermenging in Suid-Afrika sal altyd voorkom, al verbied die wet dit ook. Maar die stigma moet eers verdwyn voordat amalgamasie tot sy volle ontplooiing sal kom.

Kortliks kan ons sê die drie stadia in die proses is:

a. Kulturele assimilasie.

b. Politieke assimilasie.

c. Biologiese assimilasie.[12)]

Hierdie proses, soos deur Walter uiteengesit, geskied wanneer akkulturasie sy weg onverstoord gaan. Genoemde proses kan egter van sy normale weg van ontwikkeling gedwing word, byvoorbeeld deur die kragtige optrede van 'n persoon of wetgewing. Dit is dan ook die geval hier in Suid-Afrika waar ons nie wil toelaat dat die proses sy ongedwonge verloop het soos byvoorbeeld in Amerika nie. Tog kan die drie fases nie in waterdigte kompartemente verdeel word nie. Die drie fases volg wel op

mekaar/...

11. Walter, P.A.F., op.cit., p.50.
12. Walter, P.A.F., op.cit., p.43 e.v.

mekaar, maar wel ook deurmekaar, maar volg tog genoemde volgorde.[13)]

## V. SOORTE KONTAK

Daar word verskillende soorte kontak gevind en wel die volgende:

(1) Waar kontak tussen hele groepe geskied of tussen 'n hele bevolking en gekeurde groepe van 'n ander bevolking, byvoorbeeld sendelinge, handelaars of administrateurs.

(2) Waar kontakte vriendskaplik of vyandig is.

(3) Waar kontakte plaasvind tussen groepe wat min of meer van dieselfde grootte is, of tussen groepe wat aanmerklik verskil in grootte.

(4) Waar kontakte plaasvind tussen groepe wat aanmerklik verskil wat grade van ingewikkeldheid in materiële of nie-materiële aspekte van die kultuur, of beide, betref.

(5) Waar kontakte plaasvind as gevolg van die feit dat die kultuurdraers in die gebied van die ontvangende groep gaan, of waar die ontvangende groep in kontak gebring word met die nuwe kultuur in 'n nuwe omgewing.[14)]

## VI. SITUASIES WAARIN AKKULTURASIE MAG PLAASVIND

Verskeie situasies word gevind waarin akkulturasie mag plaasvind:

1. Waar kultuurelemente op 'n volk afgedwing word of

vrywilliglik/...

---

13. Die verloop van die akkulturasieproses: Ongepubliseerde aantekeninge prof. Van Schalkwyk.
14. Herskovits, M.J., Acculturation, p.132.

vrywilliglik deur hulle ontvang word.

2. Waar daar geen sosiale of politieke ongelykheid tussen die groepe bestaan nie.
3. Waar ongelykheid tussen groepe bestaan. In hierdie geval kan enige van die volgende ontstaan:
   a. Politieke oorheersing deur die een groep sonder erkenning van sy sosiale oorheersing deur die ander groep.
   b. Politieke en sosiale oorheersing deur een groep.
   c. Erkenning van die sosiale meerderwaardigheid van die een groep deur die ander, sonder die bestaan van politieke oorheersing deur die eerste groep.[15)]

Akkulturasie sonder oorheersing, en dus vrywillig, tussen langsmekaar-wonende groepe mag verandering in die kultuur van elkeen teweegbring. Maar afgesien daarvan kan nuwe eienaardighede ook nog by elkeen ontwikkel.[16)]

Die akkulturasieproses in die geval van hierdie studie is net beïnvloeding van die Blankes en Bantoe op mekaar se kulture, maar nie die verskillende etniese groepe wat mekaar ook onderling beïnvloed het nie.

Hierdie vorm van akkulturasie sonder dwang, waar daar tog in 'n sekere mate 'n eie identiteit behou word, vind veral plaas waar die godsdiens en die taal van die twee beïnvloedende volke nie eenders is nie. Dieselfde vind ons by sekere Indianegroepe. Hulle het die Amerikaanse geld, kleredrag, huise, meubels en vervoer oorgeneem/...

---

15. Herskovits, M.J., Man and his works, p.533.
16. Kroeber, A.L., Anthropology, p.429.

oorgeneem, maar hulle ou sosiale instellinge en rites behou.

Dit is veral te wyte aan die meerderwaardigheidsgevoel van die groep, al is hulle oorwin en in reservate vasgepen.[17] Taal en godsdiens kan dus twee negatiewe inwerkende faktore wees in die proses van akkulturasie. Daar is egter baie gevalle van gewillige en spontane akkulturasie, soos byvoorbeeld waar die Weste en die Ooste met mekaar in aanraking kom.[18] Dit kan ook gebeur met 'n meerderheidsgroep. Hierteenoor vind ons ook akkulturasie wat deur middel van wette of oorlogsoorwinning noodgedwonge op die ander groep afgeforseer word.

Die meeste studies in akkulturasie is gewy aan die kontak van Blankes met ongeletterde groepe (Inheemse volke) in verskillende gebiede. In hierdie geval het die Amerikaners onvermydelik 'n oorheersende posisie ingeneem teenoor die ander groepe. Gevolglik het hulle baie kere sekere veranderings afgedwing op die kulture van die ongeletterdes.[19] Die ongeletterdes verloor daardeur volle vryheid van keuse wat die aanvaarding of verwerping van sekere kulturele elemente betref. Europeane en Amerikaners het vereis dat ongeletterdes skole en kerke moet besoek, klere moes dra, in plantasies moes werk en om sulke gebruike soos kannibalisme, kopjagtery, stamoorloë en veelwywery prys te gee. In die meeste gevalle veroorsaak die oorheersende groep direkte verandering, soos byvoorbeeld invoer van geld en handels-

goedere/...

17. Herskovits, M.J., Man and his works, p.430.
18. Herskovits, M.J., Ibid., p.434.
19. Vergelyk ook Kroeber, A.L., Anthropology. Situasies waarin Akkulturasie plaasvind. p.429 e.v.

goedere.[20]

## VII. REMMENDE FAKTORE

Binne elke gemeenskap is daar sekere magte wat akkulturasie teenwerk, wat strewe om die konserwatiewe elemente in hulle kultuur te bewaar. As gevolg hiervan vind ons sekere faktore wat die vordering van akkulturasie belemmer en andere wat dit bevorder. Die belemmerende faktore is kultureel, sosiaal en sielkundig.[21]

### a. Kulturele struikelblokke (remmende faktore)

In die meeste nie-industriële dele van die wêreld doen nuwighede en verandering 'n minder positiewe beroep op die mense. Inteendeel beskou die individu nuwe dinge met skeptisisme en, as hy onseker is, as iets wat nie probeer moet word nie. Onder landelike gemeenskappe blyk dit dat konserwatisme kultureel goedgekeur word.[22][23]

In non-industriële gemeenskappe is 'n baie laer graad van meesterskap verwerf oor die natuur en sosiale toestande. Alles word gewoonlik as noodlot aanvaar en daar is dus min illusies oor die verbetering van hulle lot.[24]

Die feit dat alle volke, hoe primitief ook al, glo dat hulle kultuurskatte die beste is, werk ook remmend in.[25] Nou verbonde hieraan is 'n innerlike waardigheid/...

20. Herskovits, M.J., Man and his works, p.434.
21. Foster, G.M., Traditional cultures, p.60.
22. Foster, G.M., Ibid., p.65.
23. Vergelyk ook Kroeber, A.L., Anthropology; i.v.m. Remmende faktore en kulturele struikelblokke, p. 415 e.v.
24. Foster, G.M., Traditional cultures, p.66.
25. Ibid. p.69.

waardigheid en trots in elke volk se lewenswyse.[26)]

Daar bestaan ook 'n relatiewe waardebepaling tussen verskillende volke. Wat vir die een as waardevol beskou word, word deur die ander verwerp.[27)]

Logiese onvergelykbaarheid van kultuurelemente werk ook remmend in op verandering. So sal groepe wat veelgodery beoefen, maklik nog 'n god aanvaar; maar met dié wat in een god glo, gaan dit moeiliker, tensy daar voldoende redes bestaan om hulle een god te vervang.[28)]

Die mate waarin verandering kan plaasvind, hang af van ander veranderinge wat plaasvind of kan plaasvind.[29)]

Kultuur bepaal die posisie waarin ons slaap, staan, sit en rus. Dit bepaal ook die gebare waarvan ons gebruik maak, hoe ons gereedskap hou en gebruik, ens. Hoe ouer 'n mens is, hoe moeiliker word veranderings aangeleer.[30)]

b. Sosiale struikelblokke

Groepsolidariteit (d.i. die saamhorigheidsgevoel onder familielede en vriende) speel 'n belangrike rol. Sekere funksies moet nagekom word en dit is in werklikheid nie persoonlik nie, maar noodsaaklike sosiale funksies.[31)] Die klein groep verskaf 'n bevredigende saamwerktradisie. Invloede wat sulke tradisionele

groepe/...

---

26. Foster, G.M., Traditional cultures, p. 69.
27. Ibid., p.75.
28. Ibid., p.78.
29. Ibid., p.79.
30. Ibid., p.86.
31. Ibid., p.91.

groepe versteur, word met die grootste weerstand bejeën.[32]

Ook publieke opinie speel 'n belangrike rol. Dit kan daartoe lei dat persone wat te ver gaan met nuwighede, heeltemal uitgeskakel word.[33]

Botsings tussen groepe binne groepe werk ook remmend in. Daar is soms agterdog van die een groep teen die ander.[34]

Baie hang ook af van waar die outoriteit binne 'n groep gesetel is. In baie gevalle het die indiwidu geen reg tot persoonlike beslissings nie. Die familie of die groep moet besluit.[35] Waar daar outoriteit gevestig is in 'n sogenaamde politieke organisasie, vind ook nie maklik veranderings plaas nie.[36]

Die bestaan van kaste en klasse en die gevestigde belange van die gemeenskap of indiwidu binne die gemeenskap kan ook sosiale struikelblokke wees en verandering teenwerk.[37]

c. Sielkundige struikelblokke

Daar is ook sielkundige faktore wat 'n rol speel. Wat die draer as voordelig beskou, mag die ontvanger heeltemal verskillend sien. Sekere dinge word soms aanvaar weens die prestige wat dit dra. Soms word goeie dinge verwerp omdat dit sielkundig onaanvaarbaar is.[38]

Persepsie speel ook 'n belangrike rol. Die

dinge/...

---

32. Foster, G.M., Op.cit., p.96.
33. Ibid., p.100-101.
34. Ibid., p.101.
35. Ibid., p.106.
36. Ibid., p.109.
37. Ibid., p.116.
38. Ibid., p.121.

dinge wat verandering kan meebring, word soms heeltemal verkeerd waargeneem, of onderdele word verkeerd beklemtoon.[39]

Die rol van die regering word baie keer met agterdog en wantroue bejeën. Daarom is verandering van regeringskant nie so geslaag nie.[40]

Selfs die verhouding teenoor gifte het invloed. As iets verniet aangebied word, is dit eintlik waardeloos.[41]

Daar kan ook 'n verskil wees in die persepsie van die doel. Die doel kan so goed as moontlik wees, maar as dit nie reg verstaan word nie, verongeluk dit.[42]

Kommunikasie word ook bemoeilik waar aparte kulture met mekaar in aanraking kom. Die kommunikasiesimbole word nie deur albei groepe eenders verstaan nie.[43]

Om nuwe idees te begryp en te aanvaar is dit nodig dat daar geleer word, al is dit ook maar net vaardighede, en dit gaan nie so maklik nie. Wat ons as maklik beskou, mag vir vreemdes baie moeilik wees, en omgekeerd.[44]

## VIII. FAKTORE WAT VERANDERING BEVORDER

Daar is kulturele, sosiale en sielkundige faktore wat die magte van konserwatisme teenwerk. Hulle kan stimulante genoem word. Daar mag genoeg motivering vir 'n algemene verandering wees, maar dit moet aanpas

by/...

39. Foster, G.M., Op.cit., p.122.
40. Ibid., p.125.
41. Ibid., p.128.
42. Ibid., p.134.
43. Ibid., p.135.
44. Ibid., p.141.

by lokale kulturele, sosiale en ideologiese waardes. Anders is die ontvangs swak.[45]

Godsdienstige oortuigings in sekere kulture bevorder soms sekere veranderings.[46]

Vir geletterdheid is kommersiële behoefte blykbaar die grootste faktor.

Wedywering is soms 'n sterk faktor om verandering teweeg te bring.[47]

Verder is daar nog die begeerte om prestige en 'n hoër status te verwerf, of ekonomiese wins.[48]

Dan is daar navolging van mense wat 'n hoër posisie beklee. Dit word deur sigbare simbole verwerf byvoorbeeld kos, klere, huise, huisraad, materiële items en spreekvorms, gebruik van sigarette, sonbrille, tee, rekreasie. Sommige stedelikes wil hulle hierdeur onderskei van die plattelanders.[49] So hou sekere werke ook prestige in, byvoorbeeld onderwys, verpleging.[50] Dis die elemente van waarde en van status met die sigbare simbole daarvan.

Die begeerte vir ekonomiese wins het ook invloed. So word sekere plante geplant omdat dit geld bring, 'n mark.[51] Die ekonomiese faktore kan selfs sterker wees as tradisie en godsdiens.[52]

Die wedywering tussen indiwidue, groepe, dorpies kan ook bevorderlik werk. Dit hou nou verband met die

prestigesimbole/...

---

45. Foster, G.M., Op.cit., p.144.
46. Ibid., p.145.
47. Ibid., p.146.
48. Ibid., p.147.
49. Ibid., p.149.
50. Ibid., p.150.
51. Ibid., p.151.
52. Ibid., p.152.

prestigesimbole. Die ontwaking van nasionalisme bevorder ook verandering.[53]

Vir vriende sal jy weens vriendskap ook veranderinge aanvaar.[54]

Speel is ook 'n belangrike faktor in kultuurverandering. Daar word soms van nuwe dinge gebruik gemaak net vir die grap.[55]

As nuwe vorms en waardes ingeweef kan word in die tradisionele, dan het dit baie meer kans op sukses, en so kan die geneesheer maklik invloed hê en die gesondheidswerker minder.[56]

Sukses kan behaal word as iets nuuts aangebied word op 'n tydstip wanneer die meeste behoefte daarvoor bestaan.[57] So sal geletterdheid belangrik word eers wanneer die mense die ekstra voordele begryp, soos byvoorbeeld dat hulle nie maklik gekul kan word nie. Dit neem gewoonlik lank. As iets nuuts kom op 'n tyd, sê na die oes en hulle geld het, kan dit wees dat hulle makliker sal koop. Dit is dus ook 'n faktor.[58]

Die sosio-ekonomiese posisie van mense wat nuwe praktyke die maklikste aanvaar, het ook invloed. Dit is gewoonlik die middelgroep.[59]

Outoriteit kan 'n belangrike rol speel, want so kan minderheidsgroepe wat teëstribbel, gedwing word.[60]

IX/...

---

53. Foster, G.M., op.cit., p.156.
54. Ibid., p.157.
55. Ibid., p.160.
56. Ibid., p.163.
57. Ibid., p.166.
58. Ibid., p.169.
59. Ibid., p.172.
60. Ibid., p.174.

## IX. DIE ONTWIKKELINGSPROSES IN SUID-AFRIKA

### 1. Die Bantoeagtergrond

Ten einde die akkulturasieproses in Suid-Afrika te kan bestudeer, is dit logies dat eers gestel moet word wat die hoofmomente van die Bantoe se kultuur was in die prekontakfase:

(i) Die kern van die Bantoesamelewing was die stam. Die stamhoof was - veral vanweë sy hoëpriesterlike status - die factor cousalis van die eenheid van die stam, en die middelpunt van die stamlewe. Die opgroeiende jeug is deur 'n eie opvoedingsisteem geleidelik as volwaardige lede van die stam ingelyf, en die stameenheid is verder gekonsolideer deur verwantskapsbande, ouderdomshiërargie en seksonderskeidings.

(ii) Die tradisionele Bantoesamelewing was gebaseer op 'n eenvoudige dog selfgenoegsame bestaansekonomie. Beide veeteelt- en akkerboupraktyke het op 'n primitiewe wyse plaasgevind. 'n Geldekonomie was iets vreemds vir die Bantoe.

(iii) Die Bantoe het 'n eie huweliksvorm gehad wat in hoofsaak op die lobola-/bogadiinstelling gebaseer is.

(iv) Die godsdiens van die Bantoe het bestaan hoofsaaklik uit die aanbidding van die voorvadergeeste.

Die Bantoesamelewing, soos verteenwoordig in elke stameenheid, was tradisioneel organies van aard en het 'n sosiale entiteit gevorm. Binne die gemeenskap was die lede daarvan georganiseer in vaste groepe, die gesin en die ouderdomsgroepe. Binne hierdie strukturele

groepe/...

groepe het die ingeskakelde lede nie indiwidualisties willekeurig gehandel nie, maar het gekoöpereer in belang van die groep en gehandel volgens tradisionele vasgestelde reëls om in persoonlike behoeftes en dié van die gemeenskap te voorsien.[61] Enige verandering wat derhalwe ten opsigte van hierdie strukturele verhouding tussen persone teweeggebring word, moet dus noodwendig die lewe van die indiwidu en uiteindelik die lewe van die hele gemeenskap beïnvloed.

2. Die eerste kontakfase

Vroeg reeds is die „donker kafferland" ingedring deur avonturiers, jagters en enkele handelaars en sendelinge. Die invloed van hierdie enkele draers van 'n andersoortige kultuur was nie so noemenswaardig nie, behalwe dat die Bantoe op oppervlakkige wyse kennis gemaak het met die feit dat daar ander mense is met 'n ander soort kultuur as hulle eie. Meesal het dit net verbasing gewek, maar van kultuuroorname was daar in daardie stadium nie sprake nie.

Boonop/...

---

61. Alle bronne geraadpleeg gee ook genoeg stof oor die 4 punte genoem. Oor punt (i) kan egter ook die volgende bron geraadpleeg word:
Fortes, M., and Evans-Pritchard., African Political Systems.
Oor die huwelik (punt (iii)) kan die volgende werke verder geraadpleeg word:
Ashton, H., The Basuto.
Schapera, I., Married Life in an African Tribe.
Krige, E.J., The Social System of the Zulu.
Soga, J.H., The Ama-Xosa: Life and Customs.
Oor die godsdiens (punt (iv)) kan met vrug die volgende werke geraadpleeg word:
Parrinder, E.G., African Traditional Religion.
Pauw, B.A., Religion in a Tswana Chiefdom.
Radin, P., Primitive Religion.

Boonop was die Bantoe stamgebonde, selfgenoegsaam en trots. In hierdie omstandighede het sendelinge soos Owen nie die meeste vrug op hulle werk gehad nie.[62)]

3. <u>Onderlinge oorloë open die deur vir die Blankes</u>

Dit is noodsaaklik om in gedagte te hou dat dié tydperk van interne en voortdurende aanrakings met die Blankes voorafgegaan is deur 'n tydperk van gedurige onderlinge uitdelgingsoorloë tussen die verskillende Bantoestamme, en dat hiermee reeds 'n mate van disintegrasie en 'n toestand van chaos ingetree het, wat die proses van beïnvloeding, toe die Blankes op die toneel verskyn het, aanmerklik en abnormaal versnel het.

Die slaghordes van Tsjaka, Dingaan, Mzilikazi en Manlatisa het letterlik die wêreld skoongevee, en groot dele van Natal, die Vrystaat en Transvaal ontvolk gelaat. Baie stamme is uitgedelg en oorblywende brokstukke van die stam het die bosse, berge en woestyne ingevlug. Die mense was verhonger en verarm en het in gedurige vrees gelewe dat hulle „opgeëet" sal word deur die sterkere stamme. Selfs kannibalisme was aan die orde van die dag omdat daar eenvoudig nie meer beeste en graan was vir die vlugtelingstamme nie. Eiselen sê bv.:

„..... it was just one great battlefield. The tribes of the Free State and the Transvaal had been reduced to terrible straits by the wars of Tshaka and his emulators/...

62. Owens Diary. The Diary of the Rev. Francis Owen, missionary with Dingaan in 1837-38 together with extracts of the interpreter in Zulu, p.155.

emulators and by ensuing years of famine. Starving remnants of once powerful tribes were wandering aimlessly about the country in constant fear of attack by some band of cannibals, or they were eking out a miserable existance in some mountain refuge."63)

Gelyktydig met die uitdelgingsoorloë het die ryksvorming plaasgevind. Oorspronklik het die Bantoe bestaan uit kleinere onafhanklike stamme, elkeen as 'n organisatoriese eenheid. As gevolg van die gedurige oorloë is die kleiner stamme by die groteres ingelyf, en het die kleineres van die toneel verdwyn. Teen 1820 het Tsjaka oor meer as 'n halfmiljoen onderdane regeer, nadat hy ongeveer 300 onafhanklike stammetjies onder hom verenig het. Mosjesj het langs vreedsamer weg talle heterogene vlugteling groepe onder hom verenig tot 'n magtige ryk. In Swaziland het die Swaziryk tot stand gekom wat 'n vermenging van Sotho- en Ngunistamme teweeggebring het, en in Transvaal het die Sekhukhuniryk ontstaan.

'n Eie groepsbewussyn en groepsorganisasie moes plek maak vir 'n breër ryksidee; stambelange moes wyk vir ryksbelange, en eie instellings wat 'n integrale deel gevorm het van die stamorganisasie, het verval of is afgeskaf. Ook het die ouer geslag wat die tradisies moes oorhandig in hierdie woelinge omgekom.

Toe die sendelinge, immigrantboere, handelaars en administreerders op die toneel verskyn het, was daar reeds aan die een kant 'n groot mate van disintegrasie van die/...

63. Schapera, I., Western Civilization and the Natives of South Africa, p.68.

die Bantoesamelewing en veral van kultuurbesit, en nog belangriker, aan die anderkant chaos, vrees, hongersnood en algemene morele insinking. Deur die toestand was die akker feitlik ryp gemaak vir die sendelinge. Eiselen sê:

"..... I doubt whether the early efforts of Christian missionaries would have been so successfully, had not their arrival synchronized with singular events in the history of South Africa ..... to these harassed people the missionaries came like so many good Samaritans. Their faith in their ancestral gods had been badly shaken and they were ready to open their ears to the message of love and hope."[64)]

Hier was dus 'n versnelling van 'n proses van beïnvloeding wat waarskynlik andersins baie stadiger en meer gelykmatig sou deurgewerk het en wat die Bantoe-stamlewe geleidelik sou deursuur het.

4. Die tweede kontakfase

Die kenmerk van die tweede kontakfase is dat die Blankes in die lewensfeer van die Bantoe ingedring het en dat sekere belangrike veranderinge in die Bantoe-lewensgemeenskap plaasgevind het.

a. Die invloed van die sendingaksie

In hierdie tydperk het die sendingwerk onder die Bantoe deur verskillende genootskappe vinnig toegeneem. Die Bybel of gedeeltes daarvan is vertaal in sewe Suid-

Afrikaanse/...

---

64. Schapera, I., op.cit., p.68.

Afrikaanse Bantoetale en daar is feitlik 'n sendingstasie in elke belangrike stam opgerig.

Hierdie sendelinge was draers van 'n heeltemal vreemde kultuur, en hulle het met die spesifieke doel gekom om die Bantoe se lewensopvattings, morele kodes en lewensgewoontes te vernietig, en aan hulle oor te dra wat hulle as waardevoller beskou het, nl. die Blanke se lewensopvattinge en gewoontes soos gekristalliseer in die Westerse Christendom.

„An ever-increasing stream of missionaries ... came from England, France, from America, from Germany and from other European countries to accomplish a two-fold task in South Africa: to uproot heathen beliefs and customs and to replace these by Christian ideals and Christian lives."[65)]

Vir eers was die voorouerаanbidding die skyf van die sendingaktiwiteite, omdat die geloof in die mag van die voorvadergeeste om oor die wel en weë van die noglewendes te beskik, onverenigbaar is met die Christelike leer dat God die lewe van die mens beskik. In die algemeen sou ons kon sê dat die geloof in die voorvadergeeste grootliks verdwyn het, en waar dit nog voorkom, kom dit voor in 'n verwaterde of gewysigde vorm, en dat die bepaalde tradisionele kultus in hierdie verband byna geheel en al verdwyn het.[66)]

As ons in aanmerking neem watter rol voorvader-

geloof/...

---

65. Schapera, I., Western Civilization and the Natives of South Africa, p.65.
66. Vergelyk Schapera, I., Bantu Speaking tribes of South Africa, oor die aspek by die Tswana, p.368.

geloof en -kultus in die stamorganisasie gespeel het en as gevolg van die sendingaksie feitlik verdwyn het, is dit onvermydelik dat die Bantoegemeenskapslewe sal verbrokkel en sosiale chaos sal intree, want as daar nie meer geglo word dat die voorouers die reëls van die sosiale gedrag sanksioneer nie, dan verval die gesag.

Stellig een van die belangriste veranderings wat ingetree het in die Bantoe samelewing as gevolg van die sendingaksie is die veranderde rol van die stamhoof. Die hoofskap was gebaseer op die voorouergeloof. Hy was die skakel tussen die stam en die voorvadergeeste en sy funksie was dié van hoëpriester. Die sendingaksie het egter hierdie posisies van die stamhoof aangetas. Sy plek as geestelike hoof word gaandeweg ingeneem deur die sendelinge wat die rol vervul by nuwe seremonies:

„The missionary himself has become not only the tribal priest, but also the guide and adviser of the people in spheres of life remote from religion."[67)]

Dit moet egter hier gestel word dat die funksies van die hoofman veel komplekser van aard is. Die religieuse funksies is maar een van sy funksies. Die volgende diagram sal aantoon hoe kompleks die funksies van die hoofman is:

Genealogiese/...

67. Schapera, I., Bantu Speaking tribes of South Africa, p.369.




„Die posisie wat 'n persoon in die sosiale en politieke lewe van die stam inneem en die mate van agting hang af van die status wat die persoon beklee. En status word primêr bepaal deur geboorte." Die genealogiese posisie van die hoofman gee dan ook aan hom religieuse funksies. As hoëpriester besit hy dan ook seremoniële funksies wat aan hom dan ook direk ekonomiese funksies gee, aangesien die ekonomiese funksies voortvloeiend is uit die seremoniële funksies. Die ekonomiese funksies lê ook weer op sy beurt militêre funksies op die skouers van die hoofman wat moet lei na sy staatkundige funksies.

Die moeder van die stamhoof se lobola/bogadi is deur die stam bygedra en maak dus van die stamhoof die vader van die stam en daardeur het hy patriargale funksies om te vervul.

Die funksies van die hoofman vorm 'n funksionele samehangende kringloop. Die een funksie is voortvloeiend uit die ander en onafskeidbaar van

mekaar./...

mekaar.[68]

Die verreikende gevolge van hierdie verandering wat teweeggebring is, kan moeilik oorskat word. Die ontbindingsproses van die stam het hierdeur begin en het nadelige gevolge gehad vir die stamlede en die sedelike lewe. Ook die vermindering van status het daartoe gelei dat die bevele van die kaptein minder gesag gedra het.

Ook ander gebruike van die Bantoe is bestry en in die ban gedoen, soos bv. die „beeshuwelik", poliginie en die inisiasie van jong mense, ens.

Die tweede aspek van die beïnvloeding van die Bantoe deur die Christelike sendingaksie is die indiwidualisering wat dit meegebring het. Die Christelike boodskap beklemtoon die indiwiduele verantwoordelikheid voor God. Dit word gerig op en tot die indiwidu, moet indiwidueel aanvaar word. Die boodskap het weer daartoe bygedra dat die Bantoe indiwidualisties geword het.

Eiselen sê: „To these tribes with the communistic outlook missionaries come to win individual souls for Christ. They come to a people where individual personality counted for little and where private interests were made subordinate to those of the group, that a man must leave father and mother in the persuit of his individual salvation."[69]

As voorbeeld van hierdie individualiserings-

proses/...

---

68. Maritz, C.J., Bestuursontwikkeling van die Tswana-stammegroep met besondere verwysing na die skakeling tussen stad en tuisland, p. 79-84.
Sien ook: Labuschagne, J.M.T., Blanke bestuurstelsels en hulle invloed op die tradisionele politieke instellinge in die Transkei, 1965, p.46.
69. Schapera, I., Western Civilization and the Natives of South Africa, p.68.

proses geld die metode van huweliksluiting. Voorheen was die huweliksluiting 'n groep- en familiesaak. By die Westerling is dit 'n individuele saak tussen die bruid en die bruidegom.

Voortvloeiende uit die verbrokkeling van die stamsolidariteit, en die daarmee gepaardgaande individualisering, het die derde resultaat van die sendingaksie gevolg, naamlik die deursnyding van die ou organisasiegroepe in die gemeenskap en die daarstelling van nuwe groeperinge.

Hunter se gevolgtrekking is:

„Christians form a distinct group in the community...." en dan: „That Christianity is in some measure a disintegrating force in the tribal community cannot be denied..... In congregations new social groups are formed which may conflict with existing kinship groups."70)

Eiselen maak selfs melding van Christen- en heidendorpies:

„Wherever one travels through native territories, one finds heathen villages and Christian villages, often side by side but never a composite unit. The Christian gospel was, during the nineteenth century, the most powerful agency in the disintegration of South Africa."71)

Hierdie groepering gaan nog verder wanneer daar

in/...

70. Hunter, M., Reaction to Conquest. p.355.
71. Schapera, I., Western Civilization and the Natives of South Africa, p.71.

in dieselfde gemeenskap aanhangers van verskillende sendingkerke is. Dikwels het hulle dan onderskeidende drag, wat aandui dat hulle tot die een of ander groep behoort.

Die sendingaksie het ook aan die Bantoe onderwys en mediese dienste gebring. Die doel van hierdie dienste was om onkunde en wanpraktyke soos towery te bestry. Die onderwys was heeltemal geskoei op Europese lees. Die strekking van die onderwysmetode was om van die Bantoe 'n Westerling te maak. Hierdeur is die verbrokkelingsproses in nog verdere mate geïntensiveer.

„In baie opsigte het die skool, veral die sekondêre en hoërskole, meegewerk om 'n moderne en uiters onwenslike verskynsel te skep, nl. daardie groep mense wat te snel losbreek van hulle eie bevolking-en gedragswyses en sienswyses, en soms selfs in teenkanting teenoor die bevolking te staan kom."[72)]

Die opgroeiende jeug het die tale van die Blanke in hulle skole aangeleer en so die vernis van die beskawing verkry, wat wesenlik die poort na die lewensfeer van die Blanke, vir hierdie van hulle gemeenskap losgebreektes, geopen het. Dit sou hulle in staat stel om heeltemal los te breek van hulle eie gemeenskappe.

Soos reeds gemeld het die sendeling vir hulle 'n tweërlei taak gestel, nl. om af te breek wat na sy mening ingedruis het teen die Christelike beginsels, en om aan die

Bantoe/...

---

72. Naturelleonderwyskommissie, par.743.

Bantoe 'n nuwe geloofsoortuiging, nuwe morele kodes, nuwe gewoontes, ens., te gee.

Wat die tweede taak betref is dit moeilik om te bepaal wat die netto resultaat was van die kerstening. Vele het ongetwyfeld die Christelike beskouing hulle eie gemaak, maar vir die groot massa is lidmaatskap van die Christelike kerk slegs 'n dun lagie Westerse vernis, terwyl hulle in wese nog ongetwyfeld ongelowiges is.

Die prentjie wat Schapera skilder, is 'n welbekende vir dié wat die Bantoe ken: „Despite its rapid progress in some tribes, the Christianity of most Bantu is by no means deeply rooted. .... Their attendance at Church is largely a matter of routine; not many are sincere in their professions of faith, or strive to lead a true Christian life; they practice in secret many of the old customs forbidden by the church; and in various other ways show that their Christianity is merely conventional."[73)]

b. <u>Die invloed van die handelaars</u>

Handelaars vestig hulle reeds vroeg onder die Bantoes. Hulle bring die Bantoe dan in aanraking met die Westerse materiële goedere. Die doel van die handelaars was om so 'n groot afsetgebied vir hulle goedere te kry as moontlik. Almal was ook nie altyd van edele inbors nie, met die gevolg dat hulle die Bantoe uitgebuit het net waar hulle kon.

1) Die goedere deur die handelaars aangebied, was

beter/...

---

73. Schapera, I., The Bantu Speaking Tribes of South Africa, p.369-370.
Vergelyk ook Schapera, I., The Tswana, p.58.

beter en doeltreffender as dit wat die Bantoe self gehad het, bv. gewere, ploeë, kookpotte, ens.

2) Dit wat aangebied is, was baie mooier as waaraan die Bantoe gewoond was, bv. versiersels soos krale, ornamente, ens.

3) Deur die aanraking met die blankes ontstaan daar nou behoeftes wat voorheen nie bekend was nie, bv. klere.

4) Later begin die Bantoe voedselware in onbekende vorme aankoop, bv. blikkiesmelk, ingelegde voedsel, lekkers, ens. Die lys goedere wat deur die Bantoe in die Bantoegebied aangekoop word, toon 'n grootskaalse oorname van Westerse goedere. Tog vind die oorname soms plaas sonder 'n begrip van watter doel hierdie goedere dien en word soms aangewend vir 'n doel heeltemal anders as waarvoor die blankes dit gebruik.

Een van die belangrikste resultate van die materiële kultuurgoedereoorname is dat die Bantoe nou in aanraking gebring is met die Westerse geldstelsel. Vroeër het die Bantoe wel 'n ruilstelsel gehad en in dié verband word gedink aan die smede, die pottebakker wat hulle artikels byvoorbeeld verruil het vir graan. Nou word geld gegee as 'n persoon iets wil hê. Aanvanklik het die Bantoe wat iets wou koop, byvoorbeeld beeste as ruilmiddel gebruik en nog geld ook gekry benewens die artikel. Geld word nou die nuwe „god" wat die „god met die nat neus" vervang. Sodra sy ruilmiddele opraak, moet hy gaan werk om geld te verdien om te kan koop. Die resultaat is dat die ou ekonomiese lewe 'n ander voorkoms kry. Sy ou bestaansekonomie begin nou in al hoe minder mate in sy behoeftes voorsien.

Met/...

Met die ontdekking van minerale het die handelaars opgetree as werwingsagente. Hulle metodes was nie onbesproke nie. Hulle het gesmokkel met drank en gewere en dit het nadelige gevolge gehad vir die Bantoe. Die handelaars kon hulle taal praat en het hulle gewoontes geken, en dit het gehelp om hulle invloedryke persone te maak binne die gemeenskappie waar hulle hulle gevestig het. Baie van die handelaars was dan ook die oorsaak van 'n demoraliserende invloed onder die Bantoe.

c. <u>Die invloed van die administrateerder</u>

Ook die optrede van die Blanke amptenaar as administreerder het belangrike resultate gehad. Vir eers is die administratiewe gesag van die Bantoehoofman in aansienlike mate verminder deurdat magte en funksies aan Blanke amptenare toegewys is. As voorbeeld hier geld die optrede van Sir George Grey. Ter wille van die vrede wat syns insiens nie sou heers tussen die Blankes en Bantoes op die oosgrens, solank as wat die Bantoehoofmanne hulle tradisionele mag en invloed oor hulle stamme behou nie, het hy reeds in 1857 stappe gedoen wat die invloed van die hoofmanne aansienlik sou verminder. Hy oorreed die hoofmanne om hulle reg om boetes te hef prys te gee ('n groot bron van inkomste vir die kapteins) vir 'n vaste maandelikse salaris. Blanke amptenare sou die hoofmanne bystaan in beslissings in hofsake. Die amptenare kry al hoe meer mag en dring die hoofmanne uit hulle tradisionele posisie. Aan die een kant verloor die hoofman sy administratiewe funksies deur die optrede van die Blanke amptenare, en aan die ander kant het die sendeling die

Bantoehoofman/...

Bantoehoofman se status as hoëpriester van sy mense ingekort. Hierdeur is sy mag nou gereduseer tot niks anders nie as 'n normale hoof sonder gesag of seggenskap oor sy mense. Al meer verloor die Bantoehoofman sy krag om die stam tot 'n korporatiewe eenheid saam te bind.

Verder word die tradisionele regsreëls vervang met Westerse regsreëls. Toe besef is hoe 'n wanorde daar heers deur die te snelle verwydering van die tradisionele wette, waarop die sosiale orde gebaseer was, is daar in die regstelsel voorsiening gemaak vir Bantoereg.

Tradisionele Bantoeinstellings word afgeskaf of in diskrediet gebring, byvoorbeeld:

(1) Die vorming van die amabutho in Natal.

(2) Poliginie.

Die administrateerder hef ook nou belastings. Die Bantoe was wel gewoond om 'n bydrae te lewer deur middel van verpligte arbeid. Nou moes hy geld betaal wat hom verplig om in te skakel by die geldekonomie. Hy was ten opsigte van die handelaar vry om in te skakel. Dit het van hom afgehang. Nou móés hy inskakel. Dis nog 'n rede hoekom hy sy tuisgebied verlaat, na die Blankes gaan om te gaan werk vir geld.

5. <u>Die derde fase</u>

Die algemene kenmerk van die derde fase in die proses van beïnvloeding van die Bantoe deur die Blankes is die grootskaalse verhuising van die Bantoe uit hulle eie tuisgebiede en stamomgewing na die woongebiede en lewensterrein van die Blanke, waar hulle nou los van die

stamgemeenskap/...

stamgemeenskap lewe onder die volle bestraling van die Westerse kultuur. Die verhuising vind plaas na die plase van die Blankes en stede.

Plaasarbeiders woon soms vir geslagte op dieselfde plaas met die gevolg dat hulle lewe nie aan so 'n groot ontwrigting blootgestel is nie. Hulle is soms meer konserwatief as die Bantoe in die tuislande.[74)]

Belangrik veral vir die studie van die akkulturasieproses is die feit dat daar nie slegs 'n verhuising van die Bantoe vanaf die Bantoegebiede plaasvind nie, maar ook van die plase na die Blankes in die dorpe en stede. Die plase van boere, en veral die landbouhoewes rondom dorpe en stede het, voordat daar toestromingsbeheer toegepas is, net gedien as deurgangsgebied. Op die plase het baie gewerk om, net sodra die geleentheid hom voordoen, dan na die dorpe en stede te trek.

Ten spyte hiervan bestaan daar nog die gevaar dat die Blanke plattelandse gebiede stadig maar seker „verswart word". Hierdie verskynsel word deur die Kommissie van Ondersoek na Blanke Bewoning van die Platteland soos volg opgesom: „Die hele huidige houding van die boere ten opsigte van die Nie-blankes, en veral die Bantoe, is bevorderlik vir 'n steeds groeiende Bantoebevolking op die Blanke plase en selfs op die platteland as geheel. Die Kommissie is bevrees dat, indien daar nie 'n kentering in hierdie uitkyk kom nie, die „verswarting" van

die/...

---

74. Vir 'n beskrywing van die lewe van die plaasbantoe lees: Hunter, M., Reaction to Conquest, Part III, Bantu on European farms, p.505-543.

die Blanke plattelandse gebiede stadig maar seker gaan plaasvind."[75][76]

6. <u>Vierde fase. Die Bantoe in die dorpe en stede</u>

Nadat daar nou gewys is op die posisie in Suid-Afrika het ons die lyn deurgetrek tot by die verhuising na die stede. In die stede het die Bantoe in aanraking gekom met die Westerse beskawing op alle terreine van die lewe. Deur die aanraking met die Westerse kultuur het die Bantoe ontwikkel. Een van die aspekte wat daartoe bygedra het dat die verwesteringsproses gouer geskied het as normaalweg die geval is, is onderwys. Onderwys het die Bantoe gehelp om die Westerse kultuur gouer en makliker te absorbeer. Onderwys het die pad vir hulle oopgemaak sodat hulle nou die verskillende terreine van die lewe kan betree. So het daar dan met verloop van tyd professionele groepe ontstaan, byvoorbeeld, geneeshere, advokate, onderwysers, ens. Elkeen van die groepe het invloed op hulle mense uitgeoefen. Elkeen het vir homself 'n sekere status toegeëin binne sy gemeenskap. Hierdie status moet hy handhaaf deur sekere simbole wat hy vir homself daargestel het. Die simbole word later eie aan die status wat die beroep hom gee. Deur verdere ontwikkeling sal die status van die onderskeie groepe later verander/...

75. Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Blanke Bewoning van die Platteland, p.18.
76. Vergelyk verder o.a. oor die afdeling: Potgieter, E.F., Kenmerke en gevolge van die proses van aanraking soos vervat in: Probleme in verband met die Kontaksituasie tussen Westerse en inboorlingvolke in Afrika Suid van die Sahara, p.34 e.v.

ander en moontlik verdwyn. Op die huidige oomblik handhaaf hulle egter hulle status.

Een van hierdie groepe, naamlik die onderwysers, is geneem as raamwerk vir hierdie studie. Hulle word nou ondersoek om vas te stel wat hulle as groep gelewer het vir hulle eie gemeenskap, asook hoe ver hulle gevorder het op die pad van akkulturasie.

# HOOFSTUK II

# HOOFSTUK II

## AGTERGROND VAN DIE ONDERWYSERSGROEP VAN POTCHEFSTROOM

### A. SAMESTELLING

Vir hierdie ondersoek is vier-en-sewentig onderwysers van die Bantoedorp, Ikageng, in Potchefstroom gebruik. Hierdie onderwysers is versprei oor sewe skole.

Tabel 1

1. Indeling van skole[1)]

| Skole | Laer Primêr | Hoër Primêr | Sekondêr | Gekombineerd Laer en Hoër | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Basupi-Gemeenskapskool | | 1 | | | |
| Keagile-Gemeenskapskool | | 1 | | | |
| Lesego-Gemeenskapskool | | | | 1 | |
| Nanogang-Gemeenskapskool | 1 | | | | |
| Pudulogo-Gemeenskapskool | 1 | | | | |
| Tlokwe-Gemeenskapskool | | | 1 | | |
| Tsepo-Gemeenskapskool | 1 | | | | |
| | 3 | 2 | 1 | 1 | 7 |

Laer/...

1. Kwartaalstate vir Junie 1964.

Laer primêre skole is skole wat onderrig gee van substanderd A tot standerd II.

Hoër primêre skole gee onderrig van standerd III tot standerd VI.

Sekondêre skole gee onderrig van vorm I tot vorm III (junior sertifikaat).

Gekombineerde skole gee onderrig van substanderd A tot standerd VI.

Almal is gemeenskapskole, dit wil sê, skole wat beheer word deur Bantoeskoolkomitees en skoolrade.[2]

Die skole is in die munisipale gebied van Potchefstroom. Die onderrig geskied deur medium van die moedertaal, nl. Tswana, behalwe in die sekondêre skool wat volgens die voorskrifte van die Departement 2 van die 4 algemene vakke deur medium van Afrikaans en twee deur medium van Engels moet doseer.[3]

2. Personeel

Tabel 2

a. Huistaal

| Skool | Tswana | Zoeloe | Suid-Sotho | Noord-Sotho | Xhoza | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Basupi | 8 | 1 | 1 | | | 10 |
| Keagile | 5 | | 3 | 2 | 1 | 11 |
| Lesego | 7 | 1 | 1 | | 2 | 11 |
| Nanogang | 6 | | 2 | 3 | | 11 |
| Pudulogo | 5 | 1 | 2 | 1 | 2 | 11 |
| Tlokwe | 8 | | | 1 | | 9 |
| Tsepo | 8 | 1 | | | 2 | 11 |
| Totaal | 47 | 4 | 9 | 7 | 7 | 74 |

Tabel/...

2. Wet op Bantoe-onderwys 1953. Wet 'o.47 van 1953. Reg. no. 1289.
3. Departement van Bantoe-onderwys : Leerplanne vir Junior Sertifikaat 1961, p.4.

Tabel 2 gee ons 'n blik op die huistaal van die onderwysers. Sewe-en-veertig (63.45%) se huistaal is dus Tswana. Die res is verdeel tussen Zoeloe, Suid-Sotho, Noord-Sotho en Xhoza. Die Sothogroep is ver in die meerderheid, nl. 63 teenoor 11 Nguni. In werklikheid is 27 (36.55%) van die onderwysers nie Tswanasprekend nie. Die skaarste aan onderwysers gee aanleiding tot die aanstelling van onderwysers wat tot anderstalige groepe behoort.

Dis alom bekend dat die verskillende volkseenhede soms nie kan saamwerk nie, omdat daar tradisionele kwessies is wat telkens weer na vore tree. Verdere navraag oor die wyse waarop hierdie taalgroepe saamwerk, het getoon dat daar geen probleme van enige aard opgeduik het nie. Die samewerking getuig van die grootste gulhartigheid van die een taalgroep jeens die ander.

b. Geslagsdistribusie

Tabel 3

Verdeling van die onderwysers aan die verskillende skole volgens geslag

| Skool | Manlike | Vroulike | Totaal |
|---|---|---|---|
| Basupi | 6 | 4 | 10 |
| Keagile | 8 | 3 | 11 |
| Lesego | 6 | 5 | 11 |
| Nanogang | - | 11 | 11 |
| Pudulogo | - | 11 | 11 |
| Tlokwe | 7 | 2 | 9 |
| Tsepo | 1 | 10 | 11 |
| Totaal | 28 | 46 | 74 |

By al die skole vind ons 'n gemengde personeel, behalwe Nanogang en Pudulogo. Daar is 18 meer vroulike

leerkragte as manlike leerkragte in die onderwys op Potchefstroom. Die persentasie kon veel hoër gewees het, as daar in aanmerking geneem word dat baie meer vroue hulle bekwaam vir die onderwysberoep as wat in die beroep is. Gewoonlik gaan hulle verpleeg nadat hulle klaar hulle onderwysopleiding gehad het aan die normaalskool.[4] Die rede daarvoor is dat die salaris wat hulle dan ontvang, veel hoër is as wat hulle sou ontvang het as hulle as onderwyseresse sou gaan onderwys gee het. Verdere voordele wat die verpleging hulle bied, soos die uniform, is nog 'n rede waarom hulle nie die onderwys hulle loopbaan maak nie.

Die onderwys bied aan die vrou 'n nuwe vroulike beroep as Westerse instelling wat onbekend was in die tradisionele Bantoelewe.

Dan moet verder onthou word dat Bantoeonderwys konsentreer daarop om die massa op te voed en is laer primêre onderwys die belangrikste deel van die onderwys. In laerprimêre onderwys is dit dan ook die vrou wat gebruik word om die massa te onderrig.[5]

Tabel/...

---

4. Dit is ons ervaring aan die opleidingsinrigting waaraan skrywer verbonde is. Ons moet talle vertroulike verslae jaarliks voltooi vir hospitale waar hulle hulle aanmeld om as verpleegsters opgelei te word. Daar is met ander opleidingsinrigtings in verbinding getree om te verneem wat hulle bevinding is. Hulle het sonder uitsondering, dieselfde getuig.
5. Wet op Bantoeonderwys 1953. Wet No. 47 van 1953. (Soos gewysig).
   Bantoeonderwysblad. Vol. XIII No.7, Augustus 1967, p.9.

Tabel 4

Geslag van die hoofde aan die verskillende skole

| Skool | Manlik | Vroulik | Totaal |
|---|---|---|---|
| Basupi | 1 | - | 1 |
| Keagile | 1 | - | 1 |
| Lesego | 1 | - | 1 |
| Nanogang | - | 1 | 1 |
| Pudulogo | - | 1 | 1 |
| Tlokwe | 1 | - | 1 |
| Tsepo | - | 1 | 1 |
| Totaal | 4 | 3 | 7 |

Die getal manlike hoofde is vier teenoor die drie vroulike hoofde. Dit is beleid om vroulike hoofde vir laer primêre skole aan te stel.[6] Dit bring mee 'n nuwe statusterrein vir die vrou. Die Bantoevrou is dus besig om haarself te handhaaf in die nuwe sosiale werkkring. In die tradisionele lewe het ons die verskynsel dat die vrou vry algemeen 'n groot rol gespeel het in die sosiale lewe, nie algemeen aangetref nie. In Bantoeonderwys speel hulle 'n groot rol op genoemde terreine. In die opsig kan sonder twyfel beweer word dat die akkulturasieproses baie ver gevorder het.

Om dit beter toe te lig word na die volgende voorbeeld op Klerksdorp verwys. 'n Vrou word daar by 'n sekere skool bo 'n man verkies as hoof. Die rede is dat die vrou meer uit die manlike onderwysers kry as wat die vroeëre manlike hoofde van die skool gekry het.[7]

Daar/...

6. Wet op Bantoeonderwys 1953, op.cit.
7. Mededeling van die destydse Kringinspekteur van Bantoeonderwys, dr. P.S. Naudé.

Daar het dus 'n verandering in die rang- en statusbepaling volgens seks gekom as ons dit met die tradisionele vergelyk. Hier is 'n groep persone wat weens hulle akademiese en professionele opleiding 'n intellektuele groep in die Bantoegemeenskap vorm. In die tradisionele lewe was ook professionele groepe, byvoorbeeld die smede en toordokters. Laasgenoemde professionele groep was die enigste groep waar die vrou op gelyke vlak met die mans kon meeding. Die posisie vandag is dat die Bantoevrou op baie meer vlakke van die lewe met die Bantoeman kompeteer.

c. <u>Persoonlik</u>

Bo-aan die vraelys moes elkeen van die onderwysers hulle name invul, blanke- sowel as Bantoename. Dis bekend dat Bantoes gewoonlik twee name, naamlik 'n Bantoenaam en 'n Europese naam het. Een (1.36%) het slegs 'n Bantoe aam gehad en twee (2.7%) slegs 'n blanke naam Die res, 71 (95.05%), het albei name gehad, blanke sowel as Bantoe. Interessant is dat 4% meer as een blanke naam gehad het. Ruim 80% se blankename was Engelse name of van Engelse oorsprong. Dit blyk dus duidelik dat wat die naamgee betref, die Engelse invloed nog baie sterk is.

d. <u>Herkoms</u>

(i) <u>Stam en totem</u>

Almal het geweet aan watter volkseenheid hulle behoort. Tog vind ons dat 37.8% nie meer die werklike verskil tussen volkseenheid en stam met duide-

likheid/...

likheid kan onderskei nie. Antwoorde byvoorbeeld, dat hulle aan die Zoeloestam behoort, laat nie duidelik blyk of hulle die Zoeloestam of -volkseenheid bedoel nie. Dieselfde word ook by die Tswana aangetref.

Van die hele groep Tswanaonderwysers het 6 (9.45%) nie meer geweet aan watter totem hulle behoort nie. Die informante was oor die algemeen nie meer baie seker van die besonderhede van die totemistiese gebruik nie. Ons vind in Suid-Afrika juis dat die volke met 'n mindere sterk sibbe-inslag die totemisme die verste ontwikkel het. Van die Zoeloes het 'n totem gegee van hulle stam, terwyl die totemistiese gebruik by die Zoeloe ontbreek. Moontlik het die informante nie meer die verskil tussen sibbe en totem geken nie. Van die Tswana het een (1.36%) nie sy stam of totem geken nie. Uit die hele groep Tswana kon 9 (12.15%) nie sê aan watter totem hy of sy behoort nie. Die moontlikheid bestaan dat hulle nie wou sê nie omdat dit 'n teken sou wees dat hulle as ontwikkelde groep nog aan primitiewe kultuurreste vashou en so hulle prestige as professionele groep sou skaad.

(ii) Geboorteplekke

Die geboorteplekke van die onderwysers is, met enkele uitsonderings, nie baie wyd verspreid nie. Die verste punt is die Soutpansbergsedistrik. As ons 'n sirkel trek met Potchefstroom as die middelpunt en Potchefstroom-Johannesburg as die straal, vind ons dat 48 (64.1%) van die onderwysers se geboorteplek binne die

sirkel/...

sirkel val.[8] As ons nou 'n sirkel met Potchefstroom as middelpunt en Potchefstroom-Pretoria as straal trek, vind ons dat die persentasie binne die nuwe sirkel[9] vermeerder tot 59 (79.9%). Die ander 15 (20.4%) val dus buite die sirkel Potchefstroom-Pretoria.

Die getal wat in Potchefstroom en distrik gebore is, is 27 (36.45%). Onderwysers wat in ander provinsies gebore is, is 5 (6.8%). Die grootste enkele groep van die wat buite Transvaal gebore is, is in Kimberley gebore, naamlik 5.

In Johannesburg is 6 (8.16%) gebore en 4 (5.4%) in Klerksdorp en omgewing. Die res is almal in dorpe op die platteland gebore.

Alhoewel daar 'n individualiseringsproses by die Bantoe aan die gang is, en hulle meer individueel- as groepgerig raak, vind ons tog dat die familie-inslag blykbaar nog sterk teenwoordig is. Die onderwysers het hulle dan ook by voorkeur naby hulle geboorteplek gevestig. Die feit dat 30 (40.8%) nêrens anders as op Potchefstroom onderwys gegee het nie, is betekenisvol. Al word die bande met die stam losgemaak, word die bande met die familie tog sover as moontlik behou en hulle is bereid om die familie te help. 'n Ander rede waarom onderwysers na Potchefstroom gekom het, is omdat hulle hier promosie kon kry. Daar is dus wel ander faktore as net familiegebondenheid wat 'n rol speel in die onderwyser se koms

na/...

---

8. Sien kaart 1, p.48.
9. Sien kaart 2, p.49.

# KAART 1.


VERSPREIDING VAN DIE VERNAAMSTE
TSWANA-STAMME.
SEROWE.
PALAPYE RD.
BOTSWANA.
BETSJOEANALAND.
SHOSHONG.
MAGALAPYE.
LIMPOPO.
SELEKA.
MAGALAKWIN.
PONGOLA.
PALALA.
KWENA
19
MOLEPOLOLE.
20
MOCHUDI
KROKODIL.
POTGIETERSRUST.
THABAZIMBI.
NYLSTROOM.
21
GABERONES.
NGWAKETSE
MOSHUPA.
22
8
1
3
2
LOBATSI
12
11
10
9
7
4
5
6
MOLOPO.
ZEERUST.
RUSTENBURG.
PRETORIA.
15
23
MAFEKING.
24
13
LICHTENBURG.
16
JOHANNESBURG.
VENTERSDORP.
14
HEIDELBERG.
HARTS
POTCHEFSTROOM.
VEREENIGING.
KLERKSDORP.
VAALRIVIER.
VRYBURG.
SCHWEIZER-RENECKE.
VREDEFORT.
18
WOLMARANSSTAD.
HEILBRON.
FRANKFORT.
KURUMAN.
TAUNGS
17
BLOEMHOF
KROONSTAD.
VET.
BETHLEHEM.
HARRISMITH.
SENEKAL.
BOSHOF.
FOURIESBURG.
WINBURG.
KIMBERLEY.
MODDER.
THABA'NCHU.
BLOEMFONTEIN.
SELEKA-ROLONG.
LESOTHO.
BASOETOELAND.
HOPETOWN.
ORANJE.
RIET.
EDENBURG.

# KAART 2.

VERSPREIDING VAN DIE VERNAAMSTE TSWANA STAMME.



na Potchefstroom.[10]

Potchefstroom word ook gesien as 'n stedelike gebied, en daarom wil dié wat reeds hier is, nie maklik weggaan nie. 'n Verhuising na Potchefstroom word as promosie gesien, al is dit ook in dieselfde graad pos. Potchefstroom bied meer. Daar is wel 'n beweging binne hulle tuisgebied, maar nie maklik uit die bekende gebied nie.

(iii) Waar oral onderwys gegee is

(Dit verwys na die plekke waar die onderwysers skoolgehou het voordat hulle na Potchefstroom gekom het.)

Uit die groot totaal van 74 onderwysers het 6 (8.16%) buite die Transvaal onderwys gegee en wel op Prieska, Kimberley, Barkly-Wes en Bethlehem. Dertig van hulle (40.8%) het nog net op Potchefstroom onderwys gegee. Slegs 2 (2.7%) het stedelike ervaring opgedoen en het die onderwysloopbaan op Johannesburg en Pretoria begin. Dié wat op meer as een plek vantevore onderwys gegee het, is 44 (59.8%). Van hierdie 59.8% het drie (6.6%) stedelike ervaring. Die res, dit wil sê 41 of 90.2% van die 44 wat op meer as een plek onderwys gegee het, het hulle vorige ervaring op die platteland van Transvaal opgedoen. Die oorgrote meerderheid het hulle ervaring wel in Wes-Transvaal opgedoen. Die meeste hiervan het hulle vorige ervaring op Klerksdorp gehad, nl. 2 (4.4%). Die verste punte waar ervaring in Transvaal opgedoen is, is Lydenburg, Pietersburg, en Amersfoort.

(iv)/...

---

10. Vergelyk die paragraaf oor die aanwesigheid van nie-Tswana onderwysers in hierdie gebied, p.41 Tabel 2.

(iv) <u>Redes waarom die onderwysers na Potchefstroom gekom het</u>

Op die vraag waarom die onderwysers na Potchefstroom gekom het, is baie antwoorde gegee. Ons kan die antwoorde onder die volgende punte saamvat.

1. <u>Familieredes</u>:

a. Hulle is in Potchefstroom gebore en woon nog steeds daar.

b. Hulle ouers is hier in Potchefstroom en hulle help die huis onderhou.

c. Die ouers het na Potchefstroom getrek en toe trek hulle agterna om by hulle ouers te bly.

d. Die ouers is hulpbehoewend en nou sorg hulle vir die huis.

e. Hulle ouers woon nog altyd in Potchefstroom en hulle wil graag naby hulle „mense" wees.

f. Hy het na Potchefstroom gekom om by 'n sieklike tante te bly.

2. <u>Professionele redes</u>

a. Die koms na Potchefstroom is veroorsaak deur die promosie wat hulle gekry het.

b. Hulle is in Potchefstroom omdat dit hulle eerste pos in die onderwys is.

c. Hulle is hier in Potchefstroom om onderwys te gee.

d. Die persoon is na Potchefstroom verplaas.

e. Hy het 'n pos hier op Potchefstroom gekry.

f./...

f. Hulle voel hulle wil meer ervaring opdoen in 'n stedelike gebied.

g. Onderwysfasiliteite is beter hier op Potchefstroom as op die platteland.

h. Hy is hier slegs omdat sy ou skool gesluit moes word.

3. Ekonomiese rede

a. Hier op Potchefstroom kan hulle meer spaar want dit is goedkoper hier as in die stad.

4. Algemene redes

a. Potchefstroom het 'n baie lekker omgewing.

b. Sommige is hier om godsdienstige redes.

c. Potchefstroom is 'n groot dorp.

d. Sommige wou graag ander plekke ook leer ken.

5. Onbekend

'n Paar het gesê hulle het nie besondere redes waarom hulle hierheen gekom het nie.

e. Onderwyskwalifikasies

(i) Akademies

Tabel 5/...

Tabel 5

Akademiese kwalifikasies

| Skole | St.VI | Vorm I | Vorm II | J.S. | Nasionale Senior sertifikaat | Matriek | B.A. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Basupi | 2 | | | 7 | 1 | | |
| Keageli | | | 1 | 8 | 1 | 1 | |
| Lesego | | 1 | | 8 | 1 | | 1(11 kursusse) |
| Nanogang | 3 | 2 | | 6 | | | |
| Pudulogo | 4 | | 2 | 5 | | | |
| Tlokwe | 1 | | | 2 | 1 | 3 | B.A.I en 1 volle B.A. |
| Tsepo | 2 | | 3 | 6 | | | |
| Totaal | 12 | 3 | 6 | 42 | 4 | 4 | 3 |

Twaalf (16.32%) het slegs st. VI geslaag, wat gelykstaande is aan die blankes se st. V.

Drie (4.08%) het vorm I geslaag. Dit is gelykstaande aan die blanke st. VI.

Ses (8.2%) het vorm II geslaag. Dit is gelykstaande aan die blanke st. VII.

Twee-en-veertig (57.7%) het vorm III geslaag. Dit is gelykstaande aan die blanke st. VIII.

Die Nasionale Senior Sertifikaat en Matriek is dieselfde vraestelle wat die blankes skryf, en moet alle twyfel van standaardverskille uit die weg ruim.

Nasionale Senior Sertifikaat 4 (5.4%).

Matriek 4 (5.4%)

Een (1.36%) het 11 kursusse vir 'n graad afgelê, maar nog nie die graad verwerf nie.

Een (1.36%) het B.A.I geslaag en een (1.36%) het 'n volle B.A. verwerf.

(ii) Professioneel

Tabel 6

Professionele kwalifikasies

| Inrigting | L.P.O.S.3 | H.P.O.S. | N.O.3 | Diploma in Houtwerk | L.P.O.S.2 | H.P.O.S.1 | Geen | Diploma vir Verdienste |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Basupi | 2 | 6 | | | | | 2 | |
| Keageli | 2 | 8 | | | | 1 | | |
| Lesego | | 8 | 1 | | 1 | | 1 | |
| Nanogang | 6 | 5 | | | | | | |
| Pudulogo | 6 | 4 | | | | | | 1 |
| Tlokwe | 1 | 7 | | 1 | | | | |
| Tsepe | 5 | 4 | | | | 1 | 1 | |
| Totaal | 22 | 42 | 1 | 1 | 1 | 2 | 4 | 1 |

Twee-en-twintig het die L.P.O.$S_3$ (Laer Primêre Onderwysersertifikaat) geneem. Dit is 'n opleiding wat drie jaar duur na st. VI.

Twee-en-veertig het die H.P.O.S. (Hoër Primêre Onderwysersertifikaat) verwerf, 'n opleiding wat twee jaar duur na vorm III.

Een het N.$O_3$. Dit is 'n opleiding wat drie jaar duur na st. VI. Dit is die ou sertifikaat van Bantoeonderwys en is gelykstaande aan die L.P.O.S.$_3$.

Een het 'n diploma in houtwerk. Dit is 'n opleiding wat twee jaar na vorm III is.

L.P.O.S.$_2$ beteken dat die kandidaat net twee jaar van die kursus voltooi het.

H.P.O.S.$_1$ beteken dat net een jaar van die kursus voltooi is.

'n Kandidaat verwerf nie 'n Diploma vir Ver-

dienste/...

dienste as hy nie professionele onderrig gehad het nie. Nogtans kan hy onopgelei onderwys gee. Na 10 jaar van suksesvolle onderrig kan hy die genoemde diploma ontvang.

(iii) Opleiding

Tabel 7

Inrigtings waar hulle opleiding ontvang het.

Die onderwysers het hulle opleiding aan twintig verskillende opleidingsinrigtings gehad en wel die volgende:-

| Inrigting | Persentasie daar opgelei | Getal persone |
|---|---|---|
| 1. Bensonville | 2.7% | 2 |
| 2. Wilberforce | 9.45% | 7 |
| 3. Botshabelo | 4.05% | 3 |
| 4. Tierkloof | 2.7% | 2 |
| 5. Kilnerton (Later oorgeplaas na Hebron) | 18.9% | 14 |
| 6. Masiba | 1.35% | 1 |
| 7. Potchefstroom (Slegs akademies) | 5.4% | 4 |
| 8. Bethel | 21.6% | 16 |
| 9. Witzieshoek | 2.7% | 2 |
| 10. Gore Brown | 4.05% | 3 |
| 11. Pax | 6.75% | 5 |
| 12. St'Thomas | 4.05% | 3 |
| 13. Thaba 'Nchu | 1.35% | 1 |
| 14. Jandrell | 1.35% | 1 |
| 15. Imgwali | 1.35% | 1 |
| 16. Strydom | 2.7% | 2 |
| 17. Bethesda | 4.05% | 3 |
| 18. Diocesan | 2.7% | 2 |
| 19. Khaiso | 1.35% | 1 |
| 20. Hebron | 1.35% | 1 |

Aan hierdie inrigtings kan hulle akademies en professioneel opgelei word, behalwe Potchefstroom waar die 5.4% wat geen professionele kwalifikasies het nie, hulle opleiding ontvang het en wel net akademies.

Ons vind egter 'n tydelike beweging uit die

tuis/...

tuisgebiede en wel gedurende die studietydperk. Hulle studeer baie selde in hulle tuisgebied. Bethel is die opleidingsinrigting wat eintlik die gebied moet bedien. Hierdie inrigting is gedurig verplig om baie studente van elders in te skryf omdat daar so min uit die Westelike Transvaal is wat aansoek doen. Van die Potchefstroomse onderwysers het 79.25% hulle dan ook elders bekwaam.

Hierdie neiging kom ooreen met wat in Europa plaasvind, alhoewel die redes sterk verskil. Die Europese student beweeg van een opvoedkundige inrigting na die ander om soveel as moontlik geleerdes aan te hoor.

Die redes waarom hulle aan die twintig opleidingsinrigtings studeer het, kan onder die volgende hoofde saamgevat word:

1. <u>Familieredes</u>

   a. Dit was die ouers se begeerte.

   b. Omdat die ouers daar studeer het.

   c. Die skoonouers woon naby die inrigting.

   d. Dit was die naaste aan ouerhuis.

   e. Hulle stam- en tuisland is in die omgewing van die inrigting.

2. <u>Voordele van die bepaalde inrigting</u>

   a. Dit behoort aan die kerk waarvan hulle lid is.

   b. Die skool staan bekend as 'n goeie skool.

   c. Die inrigting bedien 'n bepaalde volkseenheid waarvan hy/sy lid is.

   d. Hulle wou graag Sotho leer en daarom is 'n Sotho-inrigting besoek.

   e. Hulle wou graag Afrikaans leer en die besondere

inrigting/...

inrigting se Afrikaanse uitslae is altyd goed.

f. Hy het 'n studiebeurs vir die bepaalde inrigting gekry.

g. Die klas- en losiesgelde van die besondere inrigting is laer as die ander inrigtings s'n.

3. Algemene redes

a. Die plekke waar die inrigtings geleë is, is stil en daar is nie afleidings wat 'n mens in jou studie kan steur nie.

b. Hulle hou baie van die plek. (Het baie gehoor by ander studente.)

c. Vriende het daar studeer en die plek aanbeveel.

d. Hulle wou graag 'n keer ver van die huis af wees.

e. Hulle wou graag in die Vrystaat gaan studeer.

f. Kon weens agtelosigheid net in dié besondere inrigting plek kry.

g. Daar is ook dié wat nie weet waarom hulle die besondere plek bo die ander verkies het nie.

(iv) Verdere studie

Uit die hele groep studeer 32 of 43.24% verder en 42 of 56.76% studeer nie. Van die 43.24% wat verder studeer, is daar 2 of 2.7% wat net vorm I het.

Tabel 8/...

Tabel 8

a. Kursusse

| | |
|---|---|
| J.S. | 5 |
| Matriek | 16 |
| B.A.I | 4 |
| B.A.II | 2 |
| B.A.III | 1 |
| Tikskrif en Boekhou | 1 |
| Diploma in Huisvlyt | 3 |
| Totaal | 32 |

Die wat verder studeer, is dus 32 (43.52%). Die meerderheid is mans - 25 uit 32.

Tabel 9

b. Inrigtings

| | |
|---|---|
| Universiteit van Suid-Afrika | 6 |
| Nasionale korrespondensiekollege | 2 |
| Trans-Afrika " " | 5 |
| Lyceum " " | 9 |
| Domelin " " | 7 |
| Exelsior " " | 1 |
| By die predikant | 1 |
| Selfstudie | 1 |
| Totaal | 32 |

Uit die totaal van 32 studeer daar dus 30 (93.5%) aan korrespondensiekolleges. Een of 3.25% word gehelp deur die predikant en een of 3.25% probeer om homself te help om die kwalifikasies te verwerf.

Hierdie Bantoeonderwysers het baie selde langer as drie jaar aan dieselfde inrigting studeer, en as redes waarom hy graag weg van sy tuisgebied gaan studeer, noem ons die volgende: Hy verwerf groter aansien onder ander as hy alleen in die „vreemde" gaan studeer/...

studeer. Ook is daar nog 'n klein groepie wat die bande met die stam probeer handhaaf en daarom studeer hulle aan inrigtings wat vir die bepaalde taalgroep opgerig is. Onder die druk van sy groeiende algemene taalbewustheid besef die Bantoe, dat hoe meer tale hy ken, hoe beter dit vir hom is. Dus word daar inrigtings besoek met die doel om Sotho en Afrikaans te leer. Dit is natuurlik bevorderlik vir die samewerking tussen die verskillende taalgroepe. 'n Laaste rede waarom hulle elders gaan studeer, is die feit dat die Alma Mater-idee sterk na vore tree. Hulle gaan na inrigtings waar hulle ouers en vriende studeer het, of omdat hulle daarheen aangeraai word. Dit blyk dat ons te doen het met 'n Westerse beginsel wat hulle oorgeneem het. Kan daarin nie net so wel die lojaliteit gesien word wat vroeër ten opsigte van die stamskole gegeld het nie?

Die Bantoe is baie leergierig en sê dan ook dat geleerdheid mag is. Hoe verder hy studeer, hoe meer word hy dan in sy eie gemeenskap geëer. Hiervoor is daar baie bewyse te vind. Om die wysheid in pag te hê vind ons dan dat hulle verder studeer en soms vakke wat nie direk verband hou met hulle werk nie, ter wille van prestige neem, bv. Tikskrif en Boekhou. Navraag in verband met hierdie vakke het getoon dat hulle daardeur die geëerde uitsondering onder hulle medemense word.

Dit is egter opmerklik dat die Bantoeonderwyser geneig is om makliker sy balans te verloor met al die eerbetoning as die geval met die Blanke. Die rede dat dit gebeur, is dat hy nie volwasse is om die prestige

as/...

as vanselfsprekend te aanvaar nie.

In Potchefstroom is hulle op alle studie na die Junior Sertifikaat aangewys op korrespondensie-kursusse. Die skrywer is baie genader om hulp van plaaslike Blanke onderwysers vir hulle te verkry. Vir graadstudies soek hulle dikwels die hulp van die universiteitspersoneel. Hulle is bereid om te betaal, maar is aangeraai om self die plaaslike instansies om hulp te nader.

Daar is ook 'n tekort aan Bantoeonderwysers. Die Departement kan nie byhou om genoeg onderwysers te voorsien nie omdat die bedrag wat vir Bantoeonderwys bewillig word, sedert 1948 op R14,000,000 bevries is deur die regering. Die Bantoes probeer dan ook om hulle self te help met privaatbesoldigde onderwysers wat gewoonlik onopgelei is. Die staat probeer help met die voorsiening van provisionele onderwysers. Vir hierdie onderwysers betaal die staat net 'n deel van die salaris, terwyl die gemeenskap die ander deel moet betaal. Hierdie onderwysers moet egter opgelei wees. Onderwysers met 'n karige akademiese agtergrond vind dit moeilik met groot klasse. Omdat dit nie die doel is om die standaard te verlaag nie, sal kanale gevind moet word om die tekort aan onderwysers op te los.

f. <u>Posisies tans beklee</u>

Die sewe inrigtings waaraan die onderwysers verbonde is, het elkeen net 'n hoof. Daar is geen onderhoof nie en dus is die res almal assistente. Tog is daar

verskillende/...

verskillende soorte poste wat hulle kan beklee.

Tabel 10

Soorte poste

| Skool | Ten volle gesubsidieer | | Provisioneel | | Privaat besoldig | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | |
| Basupi | 6 | 2 | | 2 | | | 10 |
| Keagile | 7 | 2 | | | 1 | 1 | 11 |
| Lesego | 6 | 5 | | | | | 11 |
| Nanogang | | 11 | | | | | 11 |
| Pudulogo | | 11 | | | | | 11 |
| Tolkwe | 7 | 2 | | | | | 9 |
| Tsepo | 1 | 10 | | | | | 11 |
| Totaal | 27 | 43 | | 2 | 1 | 1 | 74 |

Sewentig is ten volle gesubisidieer. Dit beteken dat hulle salaris ten volle deur die staat betaal word.

Twee van die onderwysers beklee provisionele poste. Dit is onderwysers aan wie die Departement die eerste R10 van hulle salaris betaal. Die res van hulle salaris moet deur die skoolraad bygebring word.

Daar is twee privaatonderwysers. Hulle is onderwysers wat ten volle deur die skoolraad besoldig word.

g. Salarisse

Tabel/...

Tabel 11

Gemiddelde salarisse

| | |
|---|---|
| Getroude mans | R83.63 |
| Getroude vroue | R31.20 |
| Ongetroude mans | R41.80 |
| Ongetroude vroue | R28.29 |

Die salarisse van getroude mans wissel van R30-35 tot R141.00. Getroude vroue se salarisse wissel van R9.50 tot R67.00. Die salarisse van ongetroude mans en vroue wissel onderskeidelik van R20.00 tot R65.00 en R14.00 tot R47.00. (Sien bylae oor die grondslag vir salarisvasstelling.)

Die gemiddelde inkomste van onderwysers is R48.98 per maand.

In 52.2% van die getroude gevalle werk die man en die vrou. Hulle sê die lewenskoste is te hoog, maar hulle laat dit baie duidelik blyk dat 'n sekere lewenstandaard deur hulle gehandhaaf moet word en daardeur word hulle verplig om albei te werk.

h. Ouderdomme

(i) Verspreiding van ouderdomme

Tabel/...

Tabel 12

Ouderdom: verspreiding by die verskillende skole

| Skool | 20-25 jaar | | 26-30 jaar | | 31-35 jaar | | 36-40 jaar | | 41-45 jaar | | 46-50 jaar | | 51-55 jaar | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| Basupi | 1 | 1 | 1 | 3 | | | 3 | | | | 1 | | | |
| Keagile | 1 | 1 | 2 | | 1 | 2 | 2 | | | | 2 | | | |
| Lesego | 2 | 2 | | 3 | 2 | | 1 | | | | 1 | | | |
| Nanogang | | 4 | | 1 | | 1 | | 3 | | 1 | | | | 1 |
| Pudulogo | | 7 | | 3 | | | | | | | | | | 1 |
| Tlokwe | | 1 | 1 | 1 | 3 | | 2 | | | | 1 | | | |
| Tsepo | | 1 | | 7 | 1 | | 1 | | | | | | | 1 |
| | 4 | 17 | 4 | 18 | 7 | 3 | 9 | 3 | - | 1 | 5 | - | - | 3 |

Dit is opmerklik hoeveel onderwysers nog betreklik jonk is. 'n Analise van bogenoemde tabel toon die volgende:

21 of 2.8% is onder 25 jaar;

43 of 58.1% is onder 30 jaar;

53 of 71.6% is onder 35 jaar; en

65 of 87.8% is onder 40 jaar.

Net 9 of 12.2% is bo 40 jaar. Een-en-veertig van die 65 wat onder 40 jaar is, is vroue.

(ii) Gemiddelde ouderdomme

Die gemiddelde ouderdom van die onderskeie geslagte, getroud en ongetroud, is soos volg:

Tabel/...

Tabel 13

Gemiddelde ouderdomme

| | |
|---|---|
| Getroude mans | 37.41 jaar |
| Getroude vroue | 34.19 jaar |
| Ongetroude mans | 26.85 jaar |
| Ongetroude vroue | 26.54 jaar |

Die gemiddelde ouderdom van die groep as 'n geheel is 32.255 jaar. Dit is dus duidelik dat die onderwysers nie baie ervaring het nie. Aan die Opleidingsinrigting Hebron" (waaraan ek bykans 4 jaar verbonde is) is die gemiddelde ouderdom van pas afgestudeerde studente van 21 tot 25 jaar.

i. Huwelikstatus

(i) Huwelikstatus: volgens skole

Tabel 14

Huwelikstatus: Volgens skole

| Skool | Getroudes | Ongetroudes | Totaal |
|---|---|---|---|
| Basupi | 6 | 4 | 10 |
| Keagile | 7 | 4 | 11 |
| Lesego | 10 | 1 | 11 |
| Nanogang | 7 | 4 | 11 |
| Pudulogo | 4 | 7 | 11 |
| Tlokwe | 6 | 3 | 9 |
| Tsepo | 5 | 6 | 11 |
| Totaal | 45 | 29 | 74 |

45 van die totale getal onderwysers of 60.8% is getroud en 29 of 39.2% is ongetroud.

(ii)/...

(ii) Huwelikstatus: manlik en vroulik

Tabel 15

Huwelikstatus: manlik en vroulik

| | |
|---|---|
| Getroude mans | 24 |
| Getroude vroue | 21 |
| Ongetroude mans | 5 |
| Ongetroude vroue | 24 |

Hier vind ons dieselfde neiging as by die Blankes. Die onderwys is besig om oor te gaan in die hande van die getroude vrou. (Vgl. tabel 15.) Net 5 ongetroude mans is in die onderwys op Potchefstroom.

j. Werk man of vrou?

Daar is 45 getroude onderwysers in die verskillende skole. Van hierdie getal is 24 getroude mans en 21 getroude vroue.

Van die 24 getroude mans het net 5 se vroue gewerk en wel in die volgende beroepe: Verpleging - 2;
Onderwys - 2;
Besigheid - 1.

Van die 21 getroude vroue het 18 se mans gewerk en wel in die volgende beroepe: Onderwys - 14;
Ander beroepe 2;
Klerk - 1;
Predikant - 1.

Nog 'n vrou van 'n getroude onderwyser sou graag wou werk, maar omdat sy 'n baba gehad het, kon sy dit nie gedoen het nie.

As ons die redes ondersoek waarom die mans

en/...

en vrouens werk, kry ons die volgende:

1. Hy en sy vrou moet die huise van beide ouerpare in die Bantoedorp betaal.

2a. Sy inkomste is te klein om van te lewe.

b. Hulle het hard probeer om hulle lewenstandaard te verhoog en daarvoor is geld nodig.

3. Kinders wat moet leer, bring verdere uitgawes.

4. Verdere studie, nie alleen van die kinders nie, maar ook van hulle as ouers.

5. Die lewenskoste is te hoog.

6. 'n Vrou mag nie net by die kinders tuis sit nie, maar moet werk.

Onder die getroudes tref ons een weduwee en een geskeie vrou aan wat vir die huis moet sorg. Nog 'n vrou se man was te sieklik om te werk.

B. <u>SAMEVATTING</u>

'n Analise van die onderwysersgroep het die volgende getoon:

(i) Alhoewel die meerderheid van die onderwysers Tswanasprekend is, is daar ook wat tot ander taalgroepe behoort.

(ii) Daar is meer vroulike leerkragte as manlikes.

(iii) Die meerderheid van die onderwysers is nog onder 40 jaar.

(iv) Die meeste onderwysers is getroud.

(v) Byna almal het 'n Blanke- en Bantoenaam.

(vi) Die meerderheid is nie in Potchefstroom gebore nie, alhoewel 59 binne die radius Potchef-

stroom/...

stroom-Pretoria gebore is.

(vii) Alhoewel baie na Potchefstroom gekom het om familieredes, is daar ook ander redes soos professionele en ekonomiese redes.

(viii) Die onderwysers is in verskillende inrigtings in die Republiek opgelei veral omdat die inrigtings vir hulle bepaalde voordele aangebied het, maar daar is ook familie- en ander redes.

(ix) Ses-en-sestig van die onderwysers is professioneel opgelei, maar die akademiese kwalifikasies is selde hoër as die Junior Sertifikaat.

(x) Daar is 32 wat nog privaat verder studeer.

(xi) Die salarisse wissel van 'n gemiddelde van R83.63 vir getroude mans en R31.20 vir getroude vrouens. Ongetroude mans kry 'n gemiddeld van R41.90 en ongetroude vrouens R28.29.

(xii) Meer as die helfte van die getroude onderwysers/esse se vrouens en mans, respektiewelik, werk ook omdat die inkomste nie voldoende is nie.

HOOFSTUK/...

# HOOFSTUK III

# HOOFSTUK III

## VERLOWING EN HUWELIKSLUITING

### I. VERLOWING

#### A. Die tradisionele verlowing

##### a. Verlowingseremonie: Wes- en Suid-Sotho

###### (i) Huweliksaansoek: Wes- en Suid-Sotho

Die proefpersone is in die vraelyste versoek om 'n beskrywing te gee van hulle stam of stamgroep se tradisionele verlowingsgebruike. Om dit te kon kontroleer word hier die verlowing soos dit in die stam voorkom, kortliks opgesom.

Die keuse van 'n lewensmaat is nêrens heeltemal vry nie, maar is aan bepaalde reëls onderhewig. Wanneer die huwelik binne 'n bepaalde groep verbied word, bestaan daar 'n toestand van eksogamie. Dit beteken dat 'n persoon alleen met iemand buite sy of haar sosiale groep mag trou. Hierdie sosiale groep kan verskil en dit kan byvoorbeeld 'n familiegroep, 'n sibbe of 'n lokale groep wees.[1)]

In sommige stamme bestaan die gebruik dat bepaalde persone vir mekaar as egmaats in die wieg gelê is. Hierdie gebruik is veral onder die Sothovolke sterk op die voorgrond en is gewoonlik bekend as voorkeurhuwelike, ook genoem kruisneef- en kruisniggiehuwelike.[2)]

In/...

1. Coertze, P.J., e.a., Inleiding tot die algemene Volkekunde, p.113.
2. Bruwer, J.P., Die Bantoe van Suid-Afrika, p.69.

In die geval van die Wes- en Suid-Sotho is daar nie, soos in die geval van die Zoeloe en Xhoza, 'n vrytydperk nie. Na die voltooiing van die inisiasie word die jong man na die veepos gestuur om daar te werk totdat die onderhandelinge om vir hom 'n vrou te kry, begin.[3)]

In die geval van die Wes- en Suid-Sotho is dit gewoonlik die ouers van die jongman wat besluit dat 'n huwelik moet plaasvind, afgesien daarvan of hulle die keuse van 'n huweliksmaat vir die seun gedoen het en of die huweliksmaat deur gewoonte aangewys is. Voordat 'n formele stap gedoen word, vind hulle eers versigtig uit of die huweliksaansoek aanvaarbaar is.[4)]

Nadat die ouers van die jong man seker gemaak het dat die huweliksaansoek die jongmeisie se ouers sal welgeval, word die onderhandelinge in die stamlewe deur die tussengangers gevoer. Hierdie tussengangers bestaan gewoonlik uit manlike familielede, en soms kan dit ook 'n gewaardeerde vriend wees. Gewoonlik neem die ouers nie persoonlik aan die onderhandelinge oor die bogadi deel nie.[5)]

Die verteenwoordiger gaan na die jongmeisie se kraal en wag totdat hulle teenwoordigheid gerapporteer word. Met die eerste besoek laat die tussengangers die ouers van die meisie op 'n indirekte wyse verstaan wat hulle soek. Die Tswana en Suid-Sotho vra vir iets nuttigs

soos/...

3. Schapera, I., Married life in an African tribe, p.60 e.v.
4. Schmidt, J.J., Stamverbondenheid van 'n stedelike Bantoegemeenskap, p.199.
5. Ibid, p.200.

soos 'n kalbassie met water. Die onderhandelinge vind plaas met of sonder die toestemming van die jongman en jongmeisie. Die Tswana beskou dit as goeie etiket as die onderhandelinge so lank as moontlik uitgerek word.[6)]

Sodra die ouers van die jongmeisie tot 'n ooreenkoms geraak het, word die tussengangers in kennis gestel om vir die tweede besoek gereed te maak en hulle antwoord terug te neem. Hierdie aanname open die weg tot volle onderhandelings. Die jongmeisie se vader verwelkom die tussenganger maar verdwyn dan op die agtergrond, terwyl die malome dan namens hom die saak verder voer. Die malome weier gewoonlik om te praat omdat hy nie 'n mondoopmaker ontvang het nie. ('n Skaap of ongeveer R2.0.)[7)]

Die versoek van die besoekers word dan formeel gestel. Die jongmeisie word dan ingeroep en gevra of sy die mense ken. Hiermee word bedoel of sy weet waarom hulle gekom het. Sy antwoord bevestigend en gaan dan weer uit. 'n Antwoord volg nie dadelik nie, omdat die familie die saak eers wil bespreek. Die onderhandelings word soms uitgerek tot meer as twee besoeke, omdat die tussengangers nie al die beeste met hulle tweede besoek saambring nie.[8)]

Die formele verlowing van die jongmeisie begin sodra die verlowingsgeskenk (mokwele) aangeneem is. Dit geskied nadat die onderhandelinge afgehandel is. As die bogadi nie dadelik oorhandig word nie, dien 'n belofte as sekuriteit, nl. wanneer dit oorgedra sal word. By die

Tswana/...

---

6. Schmidt, J.J., op. cit., p.201.
7. Op.cit., p.203.
8. Op.cit., p.206.

Tswana bestaan die verlowingsgeskenk uit velkledingstukke, krale en ornamente. Hierna volg die verlowingsfees. Onderhandelinge vind gewoonlik volgens die jongmeisie se stamgewoontes en gebruike plaas.[9)]

(ii) <u>Die verlowingsfees: Wes- en Suid-Sotho</u>

Na die ontvangs van die verlowingsgeskenke maak die jongmeisie se ouers bjalwa en nooi die jongman se mense uit om dit te kom drink. Die Suid-Sotho berei ook voedsel voor. Hierdie voedsel en drank versinnebeeld die band wat tussen die families ontstaan het.[10)]

(iii) <u>Duur van verlowing: Wes- en Suid-Sotho</u>

Dit wissel van stam tot stam. Dit is 'n periode van voorbereiding vir die huwelik. By die Tswana is daar gewoonlik 'n lang tydsverloop. By alle gevalle beëindig die ouers van die man of vrou die verlowing. Die Tswana vra formeel dat hy die hut van die jongmeisie binnegaan.

Die vernaamste voorbereiding vir die huwelik is die bymekaarmaak en seremoniële oordrag van die bogadi. Intussen word besoeke deur die ouers bymekaar afgelê en gee hulle aan mekaar presente. By die Tswana word/...

---

9. Schmidt, J.J., Stamverbondenheid van 'n stedelike Bantoegemeenskap, p.206.
10. Schapera, I., Married life in an African Tribe, p.63. Aangesien die tradisionele i.v.m. die huweliksaansoek en verlowingsfees baie kort opgesom is, word verder verwys na die volgende:
Schmidt, J.J., Die Huweliksluiting onder die Bantoe in die stedelike woongebied binne die Munisipaliteit van Klerksdorp, p.201.
Mayer, P., Townsmen and Tribesman, p.256 e.v.
Soga, J.H., The Ama-Xosa: Life and Customs, p.227e.v.
Ashton, H., The Basuto, p.26 e.v.
Bruwer, J.P., Die Bantoe van Suid-Afrika, p.83.

word vereis dat die verloofdes bepaalde gedragsreëls moet nakom. Die jongmense stel hulle onderskeie huweliksgroepe saam.[11)]

Nadat die onderhandelings afgesluit is, vind daar in die stamlewe van die Wes- en Suid-Sotho 'n voorhuwelikse stadium plaas, wanneer die jongman by die jongmeisie gaan woon of haar snags besoek om volle gemeenskap met haar te geniet, maar die jongmeisie mag nie swanger raak nie. Gedurende die verlowing word verwag dat die meisie haar goed moet gedra, anders kan die verlowing dalk verbreek word.[12)]

b. Die verlowingseremonie: Nguni

(i) Huweliksaansoek: Nguni

Nadat die jongman die toestemming van die meisie gekry het, versoek hy sy ouers om deur 'n tussenganger ('n broer of suster van sy vader of sy moeder se broer) sy onderhandelings te begin. In uitsonderlike gevalle soek die ouers 'n huweliksmaat vir hulle seun. In die derde plek kan die ouers ook gedwing word (akubaleka- of ukulkwala-gewoonte).[13)]

Die ouers van die jongmeisie kan ook van die tussenganger van die jongman se ouers gebruik maak om namens hulle op te tree met een persoon as hoof van die groep.

Die tussenganger by die Xhoza laat 'n assegaai of/...

11. Schmidt, J.J., Stamverbondenheid van 'n stedelike Bantoegemeenskap, p.209-211.
12. Ibid., p.212-213.
13. Krige, E.J., The Social System of the Zulus, p.124.

of string krale daar sonder om 'n woord te sê. Die meisie kom soms eers die doel van die besoek agter wanneer sy beveel word om haar met rooi klei te smeer. Die meisie se ouderdomsgroep staan haar by. Die Zoeloe begin nie met die onderhandelings voordat die mondoopmaker gegee is nie. Die Nguni beskou die paartjie as verloof sodra die mondelinge ooreenkoms voor die getuies aangegaan is en 'n dier oorhandig is.[14)]

Die onderhandelings word in 'n baie kort tydjie afgehandel.

(ii) Die verlowingsfees: Nguni

Hier, soos by die Sotho-stamme, word ook na die onderhandelings bjalwa gebruik en 'n bok geslag.[15)]

(iii) Duur van die verlowing: Nguni

Die verlowing duur gewoonlik nie lank nie. Dit hang af van hoe lank dit neem om die lobola oor te dra. Die Xhoza stuur die jongmeisie na haar man feitlik onmiddellik na die onderhandelings afgehandel is.[16)]

Gedurende die verlowing word by die Zoeloes matte, mandjies en kraalornamente gemaak, terwyl die jongmeisie ook presente bymekaarmaak wat sy later met die huwelikseremonie aan die jongman se mense gee. Die vader van die jongmeisie berei haar kledingstuk voor wat sy by die/...

---

14. Krige, E.J., Op.cit., p.127; Hunter, M., Reaction to Conquest, p.187.
15. Krige, E.J., Op.cit., p.131.
16. Schmidt, J.J., Stamverbondenheid van 'n stedelike Bantoegemeenskap, p.210.

die huweliksfees aantrek.[17]

Die Zoeloe se huweliksfees is besonder kleurryk en verg baie voorbereidings. Die huweliksgroepe word saamgestel, liedere word gekomponeer, huweliksdanse word uitgewerk en geoefen.

Die Zoeloe laat geen volle gemeenskap tussen die verloofdes toe nie. Alhoewel sy umbando-besoeke mag aflê, word haar bjalwa na die jongman se kraal geneem.[18]

## B. Ontleding van gegewens ingesamel in verband met verlowing

### a. Stamverwantskap van man/vrou

Uit die vyf-en-veertig getroudes wat ondervra is, het vyf-en-twintig hulle lewensmaat uit dieselfde stam gekies as hulleself. Tien van die ongetroude vroue wil graag 'n man uit hulle eie stam hê. Twee het gesê dit maak nie saak nie. Agt se antwoord was dat hulle nie weet nie. Drie het gesê hulle sal dit verkies dat hulle man nie aan hulle stam behoort nie; maar daar is nie melding gemaak van die etniese groep nie. Een van die vroue wat geskei was, se vroeëre man het aan haar stam behoort. Die res, nl. 5, wou nie 'n mening lug nie.

### b. Verlowing: gebruik van ring

Van die getroudes het 32 wel verloof geraak en 13 nie. Van die ongetroudes het 16 die wens uitgespreek om verloof te raak en 4 het gesê dat hulle geen

begeerte/...

---

17. Schmidt, J.J., op.cit., p.211.
18. Ibid., p.212.

begeerte het om verloof te raak nie. Twee het gesê dat hulle nie weet nie.

Uit die getroude groep het 11 met seëlringe verloof geraak omdat hulle nie 'n diamantring kon bekostig nie. Negentien het wel verloof geraak met diamantringe. Twee van die informante het met polshorlosies verloof geraak. Hulle sê dat hulle wel diamantringe kon bekostig, maar dat hulle nie die nut daarvan insien nie. 'n Horlosie is van baie meer praktiese waarde en van groter nut vir die vrou as 'n diamantring.

Een van die ongetroude vroue het die begeerte uitgespreek om slegs met 'n seëlring verloof te raak, omdat 'n diamantring, alhoewel dit mooi is, te duur is en sy nie van 'n man kan verwag om dit op skuld te gaan koop nie. Vyftien van die ongetroude vroue het wel gesê dat hulle met 'n verloofring verloof wil raak en niks anders as 'n diamantring wil hê nie.

c. Metode van verlowing

Tabel 16

Maniere waarop getroudes verloof geraak het

| | |
|---|---|
| Blanke manier | 23 |
| Bantoemanier | 15 |
| Blanke en Bantoemanier | 7 |
| Totaal | 45 |

Alhoewel hulle volgens „Bantoemanier" verloof geraak het, het die meeste 'n ring gebruik. Die Blanke en Bantoemaniere word egter so vermeng dat hulle nie presies weet wat Blanke en wat Bantoemanier is nie. Slegs een van die getroude vrouens het gesê dat sy wel met 'n

ring/...

ring verloof is, maar dat die ring 'n sekondêre rol in die seremonie gespeel het, aangesien die hele seremonie verder volgens Bantoemanier plaasgevind het. Die sogenaamde Bantoemanier is dus nie tradisioneel nie, alhoewel die informante dit beskou het as die tradisionele manier.

Veertien van die ongetroude vroue wil suiwer volgens die Blanke manier verloof raak, 4 volgens Bantoe-manier en 1 volgens Blanke en Bantoemanier. Een van die ongetroude vroue het haar begeerte soos volg uitgespreek: „Ek wil net trou en die verlowing vergeet." Om verloof te raak is net 'n materialistiese neiging van ons tyd, was haar gevolgtrekking. Die ring word tog net gebruik om te spog teenoor die minderbevoorregtes wat nooit 'n ring kan of sal bekostig nie.

Hier volg 'n volledige waargawe van die beskrywing van een verlowingseremonie: „My skoonmense het 'n telegram gestuur om te sê wanneer hulle na ons huis sou kom. Hulle het toe na my suster se huis gegaan. Daar het hulle my man gelaat. Toe het hulle na ons huis gekom. Dit was my skoonpa en skoonma, vriende en 'n neef van hulle (aan vaders-kant). Hulle het met my pa en ouma (aan moederskant) en my pa se vriende gepraat. My ma is nie toegelaat om die onderhandelings by te woon nie. Nadat daar oor die finale prys van die bogadi ooreengekom is, het ons geweet ons is verloof."

In ander gevalle het die oom (aan vaderskant) die reëlings in verband met die bogadi getref en ook die paaiemente gereël. Ook moes hy die datum van die bruilof bepaal.

In die meeste gevalle het net die man se ouers na die bruid se ouers gegaan om te reël in verband met die bogadi.

Vyf (11%) van hulle het volgens Blanke manier net die ouers aan beide kante gaan vra of hulle besware sal hê as hulle verloof raak, en dan net die ring informeel later of in die ouers se teenwoordigheid aan haar vinger gesteek. In een geval is die seremonie by die man se mense voltrek.

Een geval wat besonder interessant was, is die volgende:

Die ou manne van die man se mense het 'n gekoopte skaap, swart doek, tabak, tee en koffie na die vrou se mense geneem. Genoemde artikels is blykbaar die mond-oopmaker, maar daarvan word nie melding gemaak nie.

In 3 of 6.6% van die gevalle vind ons dat 'n bedrag gegee is as mondoopmaker, bv. R5.00, R10.00 en 'n bok en R4.00. In 2 (4.4%) van die gevalle is daar, nadat hulle ooreengekom het oor die prys van die bogadi, ook aan die man se mense geskenke gegee, bv. (1) die man se mense kry 'n bottel brandewyn, Bantoebier en R4.00; (2) die man se mense kry Bantoebier en 'n skaap. Die skaap is 'n simbool van die nuwe bloedverwantskap, sê hulle.

'n Geval wat nog die moeite werd is om te noem is die volgende:

Daar is die oggend van die verlowing 'n end per motor gereis. Daarna het die troupaar teruggekom en feesgevier.

In alle gevalle is die verlowingseremonie

gevier/...

gevier deur een of ander fees. Gewoonlik is daar tee en koek bedien. Bantoebier en Blanke drank is ook bedien. In die meeste gevalle is die mense wat die geselligheid bygewoon het net familie.

Een besondere geval van 'n Zoeloepaar het nog sterk trekke van die Zoeloeverlowing en huwelikseremonie getoon. Die bruid moes eers geskenke ontvang. Ook het hulle nuwe name ontvang, want hulle het 'n nuwe lewensfase betree. Omdat 'n nuwe lewensfase betree is, is die predikant gevra om teenwoordig te wees om hulle in hulle verdere lewe te seën.

Een vrou vertel dat sy deur haar skoonfamilie rondgejaag is tydens die verlowing.

Die ongetroudes het baie meer die neiging om net die ouers te vra om verloof te raak. Die feestelikheid waarmee die verlowing gepaard gaan, speel 'n baie prominenter rol by hulle as by die ouer getroudes wat ondervra is. Een wil die predikant 'n prominente rol in die verlowing laat speel, terwyl 'n ander sê dit is die aangewese tyd vir die twee groepe skoonouers om mekaar te ontmoet.

Die meeste van hulle verkies dat die ouers net formeel gevra moet word voor die geselligheid gegee word, waar die verlowing dan formeel aangekondig sal word.

C. <u>Gevolgtrekkings in verband met verlowing</u>

Wat die getroudes betref vind ons dat die meerderheid hulle man of vrou uit hulle eie stam ge-

neem/...

neem het. By die ongetroudes is dit 'n ander saak. Die ongetroude vroue het selfs so ver gegaan om te sê dat hulle mans nie aan hulle stam moet behoort nie. Dit toon dat die stamverskille by die jongeres besig is om weg te val.

Die feit dat 32 van die getroudes met 'n verloofring verloof geraak het, wys op die modernisering van die Bantoe. Daar is tog tekens van 'n materiële of praktiese waardebepaling; daarom het 2 met polshorlosies verloof geraak, en nie omdat hulle dit nie kon bekostig om met 'n ring verloof te raak nie, maar omdat die horlosie van groter nut was as die ring. Die horlosie het dus 'n praktiese waarde. Die meeste wil egter 'n ring hê en 'n diamantring moet dit wees, net om in die mode te wees en om 'n groter aansien onder hulle vriende te hê. Vir hulle is dit dus 'n statussimbool. Net soos vir baie Blankes is die werklike doel van die ring en die belofte wat daarmee gepaard gaan, van minder belang. Een van die ongetroude vroue het 'n ring gesien as 'n uitvloeisel van ons materialistiese tydperk.

Die verlowingseremonie is 'n vermenging van die tradisionele en Blanke seremonie. Nêrens vind ons by die getroudes 'n suiwer Blanke verlowingseremonie nie. Net die ongetroudes wil suiwer volgens Westerse manier verloof raak. Dit hang ook af wat hulle onder die term ,Westerse seremonie' verstaan. Die fees speel egter by al die vorms 'n belangrike rol.

Die rol wat die ouers by die verlowing speel is by die ouer groep (getroudes) meer prominent. Die

man/...

man se ouers speel by die groep die belangrikste rol van die twee ouerpare. Hulle gaan na die vrou se ouers om te reël in verband met die lobola/bogadi. Hulle neem egter ook tussengangers saam, bv. vriende en 'n neef van hulle.

Die ongetroudes vra net die ouerpare formeel of hulle verloof kan raak. Die ouers speel by hulle nie enige verdere rol nie.

## II. HUWELIKSEREMONIE

### A. Die tradisionele huwelikseremonie

#### a. Huwelikseremonie: Wes- en Suid-Sotho

By al hierdie stamme kan drie stadia onderskei word, alhoewel die huwelikseremonie van die Wes- en Suid-Sotno verskil van dié van die Zoeloe en Xhoza.

(1) As die tyd aangebreek het dat die bruid na die bruidegom moet oorgaan, vind by die bruid se tuiste 'n afskeidsfees plaas.

(2) As die bruid by die bruidegom se ouers se tuiste aankom, vind 'n tweede fees plaas.

(3) 'n Periode van inwoning deur die bruid by die bruidegom se moeder en inlywing by die bruidegom se kraal.

As die ouers van die jongman by die Tswana meen dat dit tyd is om die huwelik te sluit, vra hulle die jongmeisie se ouers dat hy haar hut binnegaan. Die bruidegom met sy gekose groep vertrek die oggend van die bepaalde dag na die bruid se kraal waar 'n groot fees

(die eerste fees) plaasvind. As die bogadi-/lobolabeeste oorgedra is, slag die malome van die jongmeisie een van sy eie beeste. Die maagvet word om die nekke van die bruidspaar gehang as teken dat hulle ten volle getroud is. By die Suid-Sotho slag die vader van die bruid 'n bees. Die bruidegom se vader gooi die gal van die bees oor die bruidegom se hande en daarna word die blaas om sy regter gewrig vasgemaak.[19)]

Wanneer die bruid van haar huis vertrek neem sy niks met haar saam nie. By die Suid-Sotho word die bruid wanneer sy 'n end van die bruidegom se stat is, met presente omgekoop. Die bruid vertrek so laat van haar eie tuiste dat sy teen sononder by die bruidegom se tuiste aankom. Die Suid-Sotho gaan met haar aankoms direk na haar skoonmoeder se hut waar sy die nag alleen deurbring. By die Tswana gaan die bruidspaar na 'n aangewese hut waar hulle die nag saam deurbring.

Die verwelkomingsfees (tweede fees) word by die Sotho nie op groot skaal gehou nie, en die galseremonie vind nie meer plaas nie. By die Suid-Sotho bly die bruid vir 'n paar dae in haar skoonmoeder se hut totdat sy haar gewilligheid te kenne gee om met haar getroude lewe te begin.[20)]

b. Huweliksseremonie: Nguni

By die Zoeloe[21)] en Xhoza[22)] word nie so 'n groot fees as by die Suid-Sothostamme gehou nie (eerste fees/...

19. Schmidt, J.J., Stamverbondenheid van die Stedelike Bantoegemeenskap, p.220.
20. Ibid., p.222.
21. Krige, E.J., The Social System of the Zulus, p.135 e.v.
22. Hunter, M., Reaction to Conquest, p.193.

fees). Daar word wel 'n bees geslag om die afskeid van haar en haar gekose groep te vier. Die galritueel vind by die geleentheid vir die eerste keer plaas as die gal van die bees oor die gesig, arms en bene van die bruid gegooi word en die pensinhoud gebruik word om haar mee skoon te maak. Met die galritus word die voorouergeeste in kennis gestel dat 'n verandering gaan plaasvind. By die Xhoza kies die bruid haar bruidsgroep en ontvang sy met haar vertrek 'n gelukbringer van haar moeder om saam te neem. Sy neem ook 3 beeste saam.

Die Zoeloebruid neem presente saam wat sy bymekaar gemaak het en wat sy later met die tweede fees aan die bruidegom se kraal se mense uitdeel. By die Nguni bring die bruid die nag in 'n aangewese hut in afsondering deur en gebruik sy ook net die voedsel wat sy met haar saamgebring het.[23)]

By die Nguni is die tweede fees 'n groot en kleurvolle fees en word daar bepaalde seremonies en rites nagekom waaronder die galritus wat dan vir die tweede keer plaasvind. Dit duur gewoonlik 'n paar dae. Van belang is die dans vir mans by die Xhoza en die sing van selfgekomponeerde huweliksliedere by die Zoeloe. Gedurende hierdie tyd word ook die seremonie gevind waarmee die pligte van die bruid as huisvrou deur die vrouens van die bruidegom se kraal vir haar geillustreer word. Gedurende die laaste paar dae van die werklike feesviering is die bruid en bruidegom onderhewig aan besondere seremonies waaronder die bruid se inlywing

by/...

---

23. Schmidt, J.J., op.cit., p.212.

by die man se kraal. By die Zoeloe word veral gevind dat die bruid vir 'n tyd lank onder die kontrole van haar skoonmoeder moet inwoon om op die wyse verder by die gebruike en gewoontes ingelyf te word. Sy bly daar totdat sy swanger word of daar 'n nuwe bruid verwag word.[24)]

B. Ontleding van gegewens ingesamel in verband met die huwelikseremonie

a. Die rol van bogadi/lobola

Van die getroudes het 43 lobola/bogadi betaal, terwyl 2 niks betaal het nie. Die ongetroudes wat wel 'n mening gegee het, het soos volg verklaar:

(i) Drie weet nie.

(ii) Een weduwee het, as sy weer sou trou, lobola/bogadi geëis.

(iii) Een geskeie vrou het by 'n tweede huwelik lobola/bogadi geëis en wel geld.

(iv) Tien ongetroude vroue het wel gesê dat daar lobola/bogadi betaal moet word.

Volgens die gegewens was geld die belangrikste vorm van lobola/bogadi by die onderwysers. Die mees algemene bedrag is R160. Die gemiddelde vir die groep werk uit op R160.7. Die hoogste bogadi is R280.00 en die laagste R80.00. Nege-en-dertig van die getroudes het dan ook geld as bogadi gegee. Ses van die getroudes het beeste, ens., gegee. Die grootste getal beeste was 15. Vier van die ses het dan ook net beeste gegee.

Een/...

24. Schmidt, J.J., op.cit., p.222.

Een het ses beeste en vier skape gegee en 'n ander het 4 beeste en R80.00 gegee.

Toe aan die ongetroude vroue gevra is om hulleself te evalueer, het hulle dit soos volg gedoen: Tien het onomwonde verklaar dat hulle wil hê die man moet bogadi betaal en wel geld. Die bedrae het gewissel van R80.00 tot R200.00. Een het 'n bedrag van R194.00 genoem. Twintig rand is gelykstaande aan een bees.

Drie van die ongetroude vroue het gesê die bogadi moet beeste wees. Een het 20 beeste, 'n perd en 'n saal geëis. Die ander twee het 10 en 12 beeste onderskeidelik geëis. Die gemiddelde bedrag deur die ongetroude vroue geëis is R154.2.

b. <u>Nooi van die gaste</u>

Vyf pare het hulle gaste mondeling en met kaartjies genooi. Twaalf het hulle geste mondeling genooi. Die res, dit wil sê 28, het hulle gaste met troukaartjies genooi. Slegs een maak melding van ongenooide gaste. Daar is dan ook gediskrimineer teenoor die ongenooides . Hulle moes hulle kos en drank in die lapa nuttig en is nie in die huis en tent toegelaat nie - want laasgenoemde plekke was net vir die genooides.

Die ongetroudes het soos volg geantwoord:

(i) Vier sê uitnodigings moet mondeling geskied.

(ii) Sewentien sê dat troukaartjies gebruik moet word.

(iii) Twee sê die uitnodiging moet mondeling en met kaartjies geskied. Die kaartjies is vir vername gaste.

Die/...

Die volgende vraag is dus: Wie word genooi? Byna almal het gesê dat die familiebetrekkings aan beide kante en albei se vriende en kollegas genooi is. Net een sê hulle het net die familie genooi en 'n ongetroude het gesê dat net familie genooi moet word. Net een het die kaptein (hoofman) genooi.

c. Kleredrag van die bruid en bruidegom

(i) Vrou

Agt-en-twintig van die bruide het in wit getrou. Dit sluit die volgende in: wit rok, skoene, handskoene en sluier. Hulle meld dat hulle sykouse die dag gedra het. 'n Paar noem 'n kroon wat hulle gedra het. Veertien van die ongetroude vroue het gesê dat hulle in niks anders as wit wil trou nie.

Slegs drie het melding gemaak van 'n gevolg en die grootste gevolg was 4 strooimeisies. Net 2 noem 'n blommemeisie en 'n hofknapie. Die een se gevolg was in pienk geklee.

Die res het almal tweestukke gedra met hoëhakskoene, handsakke, handskoene en hoed. Die kleur van die tweestukke was o.a. maroen, grys en blou. Een bruid het wel 'n bruidsuitrusting gedra waarvan die kleur blou was. Slegs drie maak melding van 'n ruiker wat hulle gedra het saam met die wit uitrusting. Twee van die ongetroude vroue verkies 'n tweestuk en een gewone klere. Net een van die ongetroudes het gesê dat sy 'n ruiker wil hê.

Twee van die ongetroude vrouens sê dat hulle pienk wil dra. Na verdere ondersoek het een die volgende verklaring/...

verklaring gemaak: sy sê dat sy nie in wit kan trou nie omdat sy reeds 'n babadogtertjie gehad het. Dit is blykbaar dieselfde in die ander vrou se geval, hoewel sy dit nie wil erken nie. Die gevolg is dat bedenkinge gekoester word teenoor die ongetroude vroue wat onomwonde verklaar het dat hulle in niks anders as pienk sal trou nie. Een van hulle verkies dat die gevolg ook pienk sal dra.

Vier vroue maak ook melding van „going away clothes" wat spesiaal aangeskaf is. Hier volg 'n beskrywing deur een van hulle van hierdie klere: „The going-away clothes were a royal blue, two-piece winter costume, with royal blue shoes, red hat, red bag and red gloves."

(ii) Man

Een-en-twintig van die mans het die volgende klere by die huwelik gedra: swart pak, wit hemp, swart skoene, swart kouse en 'n das wat by die pak pas.

Ses van hulle het handskoene gedra. Vyf maak melding van 'n knoopsgatruiker wat hulle gedra het. Vyf het 'n swart broek met 'n fyn wit strepie, aangehad met 'n swart baadjie. Dis die tipiese Engelse „morning suit". Een het getrou in 'n swaelstertpak met die nodige toebehore. Een het 'n „tuxedo" (swart broek, en wit baadjie wat vir danse gedra word) aangehad.

Die res, behalwe een, het pakke aangehad. Die kleure van die pakke was o.a. vaalgrys, grys, bruin en blou. Die een wat nie 'n pak aangehad het nie, het getrou in 'n sportbaadjie en 'n grys broek, omdat hy nie 'n pak kon bekostig nie.

Vyf/...

Vyf van die mans maak ook melding van 'n tweede pak wat hulle aangeskaf het, as „going away clothes". Een het selfs 'n groen pak gehad. So beskryf die vrou die „going away clothes" van haar man:

„The going-away clothes were a charcoal suit, brown shoes and a grey hat".

Die ongetroude vroue sê, as hulle seggenskap in die keuse van die man se klere sal hê, hulle al drie swaelsterte verkies. Ses vroue verkies swart pakke, drie 'n grys pak. Vier sê hulle weet nie, want 'n vrou kan nie 'n man help besluit nie.

d. Gebruik van bruidsmotor

Agt van die getroudes het nie 'n bruidsmotor gehad nie. Twee van die agt is ou getroude vroue van wie een met 'n ossewa vervoer is en die ander met 'n perdekar wat hulle van die hoofman geleen het. Die res het almal motors tot hulle beskikking gehad. Slegs een van die ongetroudes het nie 'n motor verkies nie. Die soort motors wat hulle gebruik het, was almal groot motors, bv. Chevrolet, Ford, Pontiac, Hudson en Plymouth. Een het 'n vragmotor gehad. Die kleinste motors (2 gevalle) was 'n Volkswagen en 'n Prefect. Twee pare het sportmotors gebruik en drie het van huurmotors gebruik gemaak. Slegs in drie gevalle waar daar 'n gevolg was, is melding gemaak van meer as een motor om die gevolg te vervoer.

e. Huwelik: binne of buite gemeenskap van goedere

Slegs drie van die groep wat ondervra is het buite gemeenskap van goedere getrou. Drie van die ongetroudes/...

ongetroudes het 'n huwelik buite gemeenskap van goedere verkies, 14 binne gemeenskap van goedere en die res wou nie 'n mening waag nie.

f. Aard van die huwelik

Die getroudes het die volgende verklaar oor waar hulle getroud is: tien is net in die kerk getroud. Vier-en-dertig is in die kerk en ook by die Bantoesake-kommissaris getroud, en een is net by die Bantoesake-kommissaris getroud.

(i) Plek van die onthaal

Veertig van die 45 getroude pare wat ondervra is, het gesê dat daar 'n onthaal was. Dit wil sê net 5 van die getroudes het nie 'n onthaal na die huweliksseremonie gehad nie. Vier het die onthaal in 'n saal gehad. Hiervan was een in 'n saal by die man se mense en die ander 3 in 'n saal by die vrou se mense. Agt het twee onthale gehad, nl. by die vrou se mense eerste en daarna by die man se mense. Net een het 'n onthaal by die man se mense gehad. Die res het almal die onthaal by die vrou se mense gehad.

Vyf van die ongetroude vroue het 'n onthaal verkies weg van albei ouerpare. Twee het nie geweet of hulle 'n onthaal wil hê nie, terwyl 15 onomwonde verklaar het dat die onthaal by hulle ouers se huis gehou moet word.

(ii) Drank op die onthaal

Op 37 huwelike was daar drank, terwyl daar op

8/...

8 geen drank was nie. Vyftien van die ongetroudes het drank op hulle huwelike verkies en 8 het nie. Twee het gesê hulle verkies slegs ligte drank (koeldrank).

Tabel 17

Soorte drank gebruik

| | |
|---|---|
| Net Bantoebier | 8 |
| Net Blanke drank | - |
| Bantoe- en blanke drank | 29 |

Die grootste verskeidenheid op 'n huwelik was 4 soorte drank, nl. brandewyn, soetwyn, Blanke bier en Bantoebier. Blanke bier word soms vervang deur Jenewer waarvan 4 soorte genoem word. Hulle sê dit is vir die vrouens omdat hulle baie daarvan hou. Die grootste hoeveelheid drank waarvan een melding gemaak het, is 28 gallon Bantoebier en 60 bottels brandewyn. (Die hoeveelheid brandewyn is sterk te betwyfel.) Bantoebier is altyd die meeste. Dit wissel van 'n paar blikke (ongeveer 4) tot 10 blikke. Een maak melding van 'n paar dromme Bantoebier. [25]

Een van die ongetroude vroue het net wyn verkies, terwyl 'n ander Bantoebier verkies het. Twee ongetroudes het net Blanke drank verkies en een het selfs gespesifiseer dat daar R100.00 se Blanke drank moet wees. Een vrou beweer dat die bruid en bruidegom nie moet weet hoeveel drank daar is nie.

Wat baie interessant is, is die naam wat hulle vir die brandewyn Oude Meester gegee het. Hulle praat van twee bottels „Oubaas".

(iii)/...

25. Waarskynlik 4 gallonblikke.

(iii) Voedsel op die onthaal en ander gebruike

Voedsel

By almal was daar 'n fees, hetsy groot of klein. Wat egter interessant is, is dat 3 melding gemaak het van gekookte groente wat bedien is as deel van die feestelike dis. Dit is nie tradisioneel by die Bantoe so nie, en ook nie 'n algemene Westerse gebruik nie. Vleis, suurpap, Blanke en Bantoedrank is oorvloedig gebruik.

Ander gebruike

Vyf het melding gemaak van toesprake wat by die fees gehou is. Persone wat die toesprake gelewer het was die een se oom aan moederskant en die ander het kollegas gevra om die toespraak te lewer.

Slegs twee maak melding van prysliedere wat gesing is om die bruid se goeie hoedanighede te verkondig. In 15 gevalle is daar ook gedans. Slegs in een geval word gemeld dat die kinders tradisionele danse vir die bruidspaar gedans het. In twee gevalle is van 'n orkes gebruik gemaak. In beide gevalle kon die gaste nie begin dans nie, alvorens die bruid en bruidegom die vloer geopen het deur die eerste dans alleen te dans.

Drie van die informante verklaar dat hulle nä die huweliksbevestiging gegaan het om foto's te laat neem.

Vyf het gesê dat hulle na die huweliksfees op 'n wittebroodsreis gegaan het. Die lengte van die huweliksfees het gewissel van 'n paar uur tot 1½ dag.

g/...

g. Huwelikseremonie

Vraag: Gee 'n kort beskrywing van die tradisionele huwelikseremonie as jy volgens Bantoe getroud is

Hier volg nou 'n beskrywing van een van die informante wat volgens haar 'n tradisionele Bantoe-huwelikseremonie is soos sy dit vandag ken.

„Saturday morning at the bride's home: Bridal group get into two cars, one for the bride and one for the groom. They meet at church. After church the couple gets into one car and go for photos, after which they lunch at bride's home and the feast continues up to the evening. The couple parts in the evening and the following day the groom comes to collect his bride. The convoy proceeds to groom's home where the feast will be held. At the end of the day the elders or representatives from both sides will admonish the couple and advise them about the life they are heading into."

Verdere beskrywings kom feitlik op dieselfde neer met hier en daar enkele kultuurreste wat meer dui op die tradisionele seremonie. Hier volg enkele voorbeelde.

Na die seremonie in die kerk het hulle na die bruid se ouers se huis gegaan, waar hulle liedjies gesing het. Daar is gedans en 'n gebed gedoen. Die volgende dag het die man die vrou weggeneem.

'n Ander geval word genoem waar genooides hulle kos moes saambring en daar kom gaarmaak. Kafferkoring was die vernaamste voedsel.

Een sê dat hulle na die kerkseremonie na die kraal geneem is. Daar is tot die voorvaders gebid

en/...

en is hulle met advies bedien en die aand is sy na haar man.

Die hulp van die toordokter is in 'n ander geval ingeroep om hulle met medisyne te behandel, sodat ander mense hulle nie kan beïnvloed nie. In hierdie geval en nog een word melding gemaak van prysliedere wat gesing is ter ere van die vrou.

Ses het gesê dat hulle nie veel dink van die tradisionele huwelikseremonie nie. Een het erken dat hy glad nie die tradisionele huwelikseremonie ken nie.

Een van die ou vroue het met heimwee melding gemaak van die motor wat nou die wa se plek ingeneem het en dat die wit vlag op die nok van die huis verdwyn het. Ook die fees wat 'n week geduur het, is iets van die verlede.

Die meeste beskou die advies wat hulle ontvang as die enigste tradisionele trek wat vandag nog aangetref word.

Een van die ongetroude vroue wat volgens Bantoemanier wil trou, het die voorgestelde seremonie soos volg geskets: Daar moet baie gesing word en sy moet geleer word. Hulle moet haar toegemaak na die man neem. Met haar aankoms moet daar geslag word en sy moet nuwe name kry. Van haar moet verwag word om nie aan haar skoonma of iets van haar, te raak nie, of haar naam te noem nie. Dan sal die troue volg. Nadat daar geslag is, sal sy melk drink. (Tswana.)

Formele onderhandelings is vir baie van hulle die tradisionele seremonie.

h./...

h. Die rol van die familie

(Enkele antwoorde op die vrae oor die rol wat familielede moet speel of gespeel het.)

Hier volg die volledigste en duidelikste beskrywing van die pligte van die familie.

„Father: Organised the buying and fetching of the beasts to be slaughtered for the feast and other heavier tasks.

Mother: General running and organising of the people, and foodstuffs to be used on the day - cleaning, cooking, etc.

Brothers: Assisting father and general heavy tasks on the occasion and errands. Brother accompanies bride and giving over the bride to the groom at church.

Sisters: They are bridesmaids - assisting in organising waitresses - and general assisting in the running and attending to guests invited."

Tien informante het beweer dat die familie geen rol by die huwelikseremonie gespeel het nie.

In die algemeen was die werk van die moeder van die bruid om die verversings wat by die onthaal bedien word te organiseer of werk aan ander vroue uit te deel.

Vir 'n paar was die rol van die familie net die deel waar die vader van die bruid en 'n paar familielede onderhandel oor die lobola/bogadi en die troudatum bepaal. Hier word kortliks opgesom die pligte wat aan lede van die familie toegeskryf word:

(i) Almal moet help met die reëlings.

(ii) Oom (sê nie aan watter kant nie) reël en familie

moet/...

moet finansieel help.

(iii) Die skoonfamilie van bruid moet die onkoste help dra.

(iv) Die moeder van die bruid moet huil, terwyl die bruid se vader haar na die skoonfamilie neem, en dan moet haar vriende dans en sing.

(v) Die man se mense moet alle klere koop en die trouring.

(vi) Van die familie aan beide kante word verwag om die troukoek te help betaal.

(vii) Die raad wat gegee word aan die getroude paar oor die volgende lewenstadium wat hulle nou gaan betree, word vry algemeen genoem.

(viii) Die oom moet in een geval al die geskenke ontvang wat die bruidspaar kry.

(ix) Die oudste suster moet foto's neem, en die ouma van die bruid (sê nie of dit aan moeders- of vaderskant is nie) moet aan die gaste vertel hoe die bruid was toe sy klein was.

(x) Die toordokter en ooms moet help.

(xi) Die oom moet die lobola/bogadi betaal.

(xii) Die pa en broers moet die lobola/bogadi betaal.

Die ongetroudes wat hulle mening gewaag het, het die volgende gesê:

(i) Die moeder van die bruid moet onaktief wees.

(ii) Die oom en tante moet as getuie teken in die kerk. Haar pa moet alle instruksies gee, en die broers en sustertjies moet die hofknapies en blommemeisies wees.

(iii)/...

(iii) Haar suster moet haar vergesel na die man se mense.

(iv) Van die familie aan beide kante word net verwag om te kyk en te huil.

(v) Die man se mense mag nie help nie, en net die bruid se broers en susters mag optree as gashere en gasvroue.

(vi) Die oudste oom lewer slegs 'n toespraak.

Feitlik sonder uitsondering vind ons dat die grootste bekommernis by die getroudes en ongetroudes die probleem van voedselvoorsiening en die goeie behandeling van die gaste is. Die familie aan man of vrou se kant of beide kante was dan hoofsaaklik verplig om te help en toe te sien dat genoemde pligte tot die beste van hulle vermoë uitgevoer word.

(i) <u>Die huwelikseremonie soos deur sekere informante beskryf</u>

Die volgende is mededelings van sekere onderwysers:

(i) <u>Die Xhozahuwelik</u>

„After having taken out the lobola, a sheep is slaughtered at the girl's home, and then the inlaws are given the affal and skin. That means the inlaws are accepted. After this feast comes the wedding day. The girl's parents must prepare a kist, in which they are going to put the girl's clothing. She must have:

1. One flenny petticoat.
2. Towels with which she is going to wrap her waist.
3. A black silk cloak.
4. An African broom.

5./...

5. Cups and saucers.
6. African mats.
7. Blankets and a shawl which she must always have around her shoulders.

On Saturday midnight she will be taken to the inlaws. Before she can leave the house her father's sister, granny, and uncle will admonish her. All the time she is covered with a travelling rug. She must have a girl who is going to remain with her. When she enters her inlaws, the first thing she must do is to give each of her sisters-in-law R4.00. For the mother she must have a horse, overcoat and a saddle.

Afterwards a sheep is slaughtered and there are parts that she must not eat. She is given milk to make her feel at home. She is then given a name by one of her sisters-in-law.

The old people of the house tell her the things that is not to be mentioned by her. After six months she must go home and come back after a month or two. Everything she needs, she must ask from the mother-in-law.

When coming to the inlaws, she must bring a cow which will be milked for her. She must not pass the place where the old man and woman are sitting. Her shawl must cover her eyes and the towel must be around her waist every day, She will leave all these things after a year or after having her firstborn."

(ii) Die Tswanahuwelik

„During the ancient days, parents used to

seek/...

seek a wife for their son. This was discussed with the parents of a girl wanted, after which bogadi is paid. They used to give cattle and sheep for bogadi. Today, some of these customs are still carried out.

1. A boy courts the girl he wants to marry.
2. He informs his parents. His parents do some arrangements and chose a date when to go to the girl's parents. The boy's uncle and grandfather are being sent to seek a wife for their son. A letter is written to inform the girl's parents about the visit.
3. When the boy's parents get there, before they can say anything, they must introduce themselves. They are given food to eat. After an hour or so, they start telling what they are there for. A certain amount of money (R10) is paid and this is called „Pula-molomo." In ancient days a sheep was given as „Pula-molomo". When they come to an agreement, the girl they have come for is called. If she knows the parents of the boy friend and agree that they have already discussed the matter, the parents of the man are accepted. If not, the R10 is returned and they are refused the permission to get the girl they want.
4. The people of the husband are called „Bagwe" and that of the wife "Bogogadi".
5. Bogadi is paid to the girl's parents. A date for the marriage is fixed. On the day of the wedding, the bride is commanded not to laugh. Tribal songs are sung and there are all sorts of dances. The uncle of the bride is always the head."

(iii)/...

(iii) Die moderne onthaal

'n Moderne onthaal by hulle is soos volg: Ek haal aan.

„Ons was by die kerk en kommissaris. Ons het toe kiekies laat neem. Daarna was dit tyd vir middagete. My Moruti het toe gebid. Daarna het ons geëet. Na die ete het ons gedans en voor die einde van die dag is presente aan ons gegee en die bruid en bruidegom het die koek gesny."

(iv) Wat die ongetroudes beplan

'n Paar van die ongetroude vroue was baie gretig om hulself uit te spreek oor die huweliksfees. Tien het gesê dit moet 'n streng formele funksie wees. Ses het gesê dat hulle nie weet nie, want finansies moet tog die vorm bepaal. Een het gesê sy verkies dat die huweliksfees 'n klein huispartytjie moet wees. Een verkies slegs 'n gelukwensing en geen eet en drink daarna nie. Een het gesê dat sy en haar man die dansbaan moet open, want dans moet die feestelikheid oorheers, terwyl 'n ander een gesê het dat die godsdienstige aspek die feestelikheid moet oorheers, want geen ander manier kan aangewend word om seën op die huwelik te verkry nie.

(j) Gesinsgrootte en geboortebeperking

(i) Gesinsgrootte

Die getroudes het gemiddeld drie kinders per gesin. Die grootste gesin het ses kinders: drie seuns en drie dogters en is dié van die weduwee. Die kleinste gesin het een kind.

Van/...

Van die getroudes was daar tien wat net nog seuns wou hê. Sewe wou eweveel seuns en dogters hê. Een wou graag eweveel seuns en dogters hê en die getal maak nie saak nie. Vier wou nog kinders hê, maar dit maak nie saak of dit seuns of dogters is nie. Slegs een het nie geweet of sy nog kinders wou hê nie, want sy het een gehad en dié is oorlede. Van die getroudes wat kinders het, is daar een paar wat twee dogters en twee seuns aangeneem het.

Twaalf van die ongetroudes het gesê dat hulle eendag net seuns sal wil hê. Hulle redes daarvoor en die van die getroudes kan in die volgende saamgevat word:

1. Familietradisie sal dan voortgesit word.
2. Daar sal baie skoondogters wees wat sy vrou sal kan help.
3. Hulle hou meer van seuns.
4. Seuns het min klere nodig en hulle werk vir jou.
5. Seuns sal hulle van en geslag voortdra.
6. Seuns sal vir hulle sorg op hulle oudag.
7. Seuns werk harder as dogters.
8. Seuns kan 'n mens los en hulle word vanself groot en lê nie so 'n groot verantwoordelikheid op die ouers nie.

Ses van die ongetroudes het gesê dat hulle net dogters wil hê. Getroude en ongetroude groepe se redes was die volgende:

1. Hulle kan baie bogadi/lobola (geld of beeste) kry.
2. Dogters hanteer makliker as seuns.
3. Die vrou kan kinders hanteer en die man is dan los.

4. Dogters is langer in die huis. Seuns verlaat die huis op 'n baie vroeër ouderdom as dogters. Dogters is ook meer geneig om na hulle ouers te kyk op hulle oudag.
5. Dogters maak makliker groot.
6. Dogters se opvoeding is baie goedkoper. Ook kos hulle klere minder as dié van seuns.

Redes waarom 'n groep seuns sowel as dogters wou hê, was:

1. 'n Gesin moet gebalanseerd wees.
2. 'n Huisgesin moet groot wees.
3. Met seuns en dogters in die huis brei die gesin se vriendekring uit.
4. Dogters sorg vir bogadi/lobola en verfraai die huis met hulle teenwoordigheid, terwyl die voordeel van seuns is dat hulle makliker opvoed.

Een van die ongetroudes het gesê dat hy nie kinders wil hê nie, omdat hy vir die familie se kinders moet ondersteuning gee.

Twee van die ongetroude vroue se redes waarom hulle nie kinders wou hê nie, was:

1. Om kinders op te pas maak jou lewe te gebonde.
2. Om kinders te hê sal gebondenheid beteken en dan moet sy buitendien ook haar figuur prysgee.

Die getroudes se redes waarom hulle nie meer kinders wou hê nie, was:

1. Die lewenskoste is te hoog.
2. Opvoeding van kinders in die moderne tyd is te moeilik en bring te veel verantwoordelikheid mee.

3./...

3. Hy verdien te min om nog meer kinders te laat leer. Sy vrou moet ook nog leer, want sy is ongeletterd.
4. Hulle inkomste is te klein vir 'n groter gesin.
5. Hulle het genoeg kinders.
6. Sy vrou is te sieklik om nog kinders te hê.
7. Die vrou moes met die geboorte van hulle eerste kind 'n keisersnee ondergaan en is toe gesteriliseer.

(ii) Geboortebeperking

As ons nou 'n vergelyking maak tussen die redes waarom onderwysers nie meer kinders wil hê nie, en die redes waarom die gewone man op straat en ander geleerdes gesinsbeplanning voorstaan of afkeur, vind ons dat daar 'n groot ooreenkoms is.

1. „Grace" se ondersoek

In 'n aantal artikels in die tydskrif „Grace" vind ons 'n interessante bespreking van geboortebeperking. Die teenstanders beweer dat dit teenstrydig is met Gods wil en dat dit die moraal van die vrou en die volk verlaag.

„One of the principal objects of marriage is to have children. Failure in getting them may result in the marriage being dissolved."[26] Dit is die slotsom waartoe hulle geraak.

Die voorstanders bepleit geboortebeperking veral om ekonomiese redes. Vandag kan groot families nie meer

bekostig/...

26. „Grace" Vol. I. No.9, June, 1965, p.16.

bekostig word nie. Veral as gevolg van die tragedie van so baie ongehude moeders wat nog baie jonk is, word die „pil" aanbeveel.

Hulle beskouing kan soos volg opgesom word:

„What does birthcontrol mean?
Less people- more food.
Slums and overcrowding eliminated - better housing."27)

Dit is dus 'n wegbreek van die tradisionele.

2. Die toestand in Potchefstroom

Nadere ondersoek oor die gebruik van die pil in Potchefstroom het die volgende opgelewer: die pil word hier vry algemeen gebruik, maar meesal sonder die medewete van die man. Die man is normaalweg die een wat gekant is teen geboortebeperking. Die pil word hier in so 'n mate gebruik dat die kliniek 'n groot hoeveelheid moes aankoop.

B. Gevolgtrekkings in verband met die huwelikseremonie

Die bogadi het nie meer die kontraktuele betekenis soos in die Bantoereg vervat nie, naamlik dat die beeste die man se deel van die ooreenkoms is vir die kinders wat die vrou vir hom in die wêreld sal bring nie. (Vrugbaarheid.) Die meeste bogadi/lobola is geld omdat hulle nie beeste in die dorp kan aanhou nie. Lobola/bogadi is 'n ekonomiese bate vir die vrou se mense en het geen verdere betekenis nie, behalwe dat daardie geld soms ge-

bruik/...

27. Grace, op.cit., p.10.

bruik word om die koste van die onthaal te delg.

Die gebruik van troukaartjies is meer 'n statussimbool as 'n noodsaaklikheid. Daar word 'n duidelike verskil tussen genooides en ongenooide gaste gemaak. Laasgenoemde moet in die lapa eet, terwyl die genooides in die voorvertrek eet. Dit is eintlik 'n skeiding tussen die intellektuele en die nie-intellektuele.

Daar is 'n duidelike teken dat die onderwysers hulle onderskeidende status beklemtoon teenoor ander. 'n Ongetroude vrou het byvoorbeeld gesê dat net vername gaste kaartjies kry en die minder vername gaste word mondeling uitgenooi. Kaartjies moet die ronde doen, al is dit net by enkele gevalle, sodat die nuus kan versprei. Die meeste van die ongetroude vroue verkies kaartjies.

Die genooides is hoofsaaklik familie en kollegas. Net een het die kaptein genooi. Dit is dus duidelik dat in die geval van ontwikkeldes die kaptein 'n minder belangrike rol speel. Die kaptein is nie altyd 'n geleerde nie. Dus is hy nie welkom op 'n geleerde se troue nie. Verder is daar dan nog 'n rede, nl. dat die kaptein nie 'n inwoner van die Bantoedorp is nie, en al is hy geleerd dan nie genooi word nie omdat hy nie die huwelik kan bywoon nie.

Die kleredrag van die vrou by die huwelik was oorwegend 'n bruidsrok en bybehore. Daar word selfs in enkele gevalle melding gemaak van 'n gevolg. Die ander het baadjiepakke gedra en 'n paar maak melding van „going-away clothes". Dit is duidelik dat die blanke

huweliks/...

huweliksgebruike hier invloed gehad het.

Wat egter interessant is, is dat vroue wat geslagsomgang voor die huwelik gehad het, nie in wit mag trou nie. Hulle moet in pienk trou. Die wit bruidsgewaad is 'n simbool van maagdelikheid.[28] Net een vrou het 'n gewone rok met die huwelik gedra.

Een-en-twintig mans het by hulle huwelik swart pakke aangehad. Wit handskoene word ook gedra en vyf maak melding van 'n knoopsgatruiker. Vyf het die Engelse „morning suit" aangehad, terwyl die swaelstertpakke nie agterweë gelaat is nie. Die res het almal gewone pakke klere gedra. Net een het 'n grys broek en 'n sportbaadjie aangehad. Selfs die mans maak melding van „going-away clothes".

Ons sien dat die Westerse kleredrag ook wat die mans betref invloed gehad het. Die dra van die Engelse „morning suit" en tuxedo's is veral bedoel om hulle aansien onder die aanwesiges te verhoog. Die ongetroude vrouens sê hulle het geen seggenskap oor die man se klere wat hy gaan dra nie, maar as hulle mening ingewin word, sal hulle waarskynlik swaelsterte verkies.

Die meerderheid het bruidsmotors gehad, veral groot motors. Net twee gevalle het klein motortjies gehad en een 'n vragmotor. Twee maak melding van sportmotors. Sportmotors is ook die keuse van ongetroudes. Hier gaan dit weer om status en vernaamheid. Veral die ongetroudes/...

---

28. Vergelyk Bruwer, J.P., Die Bantoe van Suid-Afrika. Daar is 'n beskrywing van maagdelikheidsimbole by die Nguni; maagdelikheidsgordel, Venda; die mandjie ongebreekte kalbassies en wit armband, p.76, e.v.

ongetroudes is baie meer bewus daarvan as die ouer geslag.

Westerse invloed is ook duidelik waar getroudes en ongetroudes voorkeur verleen aan 'n troue buite gemeenskap van goedere, al is dit ook die minderheid.

Ons vind dat die onthaal gewoonlik by die vrou se ouers se huis gehou word; maar vier van die getroudes het die onthaal in 'n saal gehad. Die rede is dat hierdeur prestige en aansien verwerf word.

Drank speel nog 'n rol by die huweliksfees. Ons vind dat die meeste huwelike Blanke en Bantoe drank het. Die Blanke drank moet gesien word as 'n prestigesimbool. Nêrens word melding gemaak van sjampanje nie. Die drank wat deur die vrou se mense gekoop word vir die onthaal, is iets wat minder bekend is by die Blanke.

Reste soos prysliedere, tradisionele danse ens., is telkens gevind. Soos by die Blankes word toesprake gehou, maar daar word nie melding gemaak van heildronke nie. Toesprake neem blykbaar die plek van die prysliedere in. By drie gevalle is ook foto's geneem en wittebroodsreise is aan die orde van die dag.

Alles sentreer om die fees by die huwelik, dit is die sentrale punt. In enkele gevalle is daar egter 'n ernstiger beskouing van die huwelik en word die begeerte uitgespreek dat godsdiens die fees moet oorheers. Die ongetroudes verkies in die meeste gevalle 'n formele onthaal. Dit dui duidelik daarop dat die jongere geslag die Westerse seremonie eerder aanvaar as die gemengde seremonie wat as Westers deurgaan, maar tog baie tradisionele elemente daarin opgeneem het.

Vier/...

Vier-en-dertig van die getroudes is by die Bantoesakekommissaris en die kerk getroud. Die res is net in die kerk getroud. Daar is twee redes waarom daar twee plekke getrou word:

(i) Hulle trou graag in die kerk omdat dit as meer Christelik beskou word. Maar baie van hulle predikante kan nie 'n huweliksertifikaat uitreik nie. Daarsonder is 'n mens tog nie getroud volgens landswette nie. Vir onderwysers is dit verkeerd om so saam te leef. Die kommissaris kan 'n huweliksertifikaat uitreik en daarom word daar weer by hom oorgetrou.

Onthou moet word dat die huweliksertifikaat ook praktiese waarde het: die huweliksertifikaat moet getoon word wanneer aansoek gedoen word vir 'n huis in die Bantoedorp. Ook word die huweliksertifikaat benodig as 'n onderwyser permanent aangestel word. Dit moet aan die Departement getoon word.

(ii) By die kommissaris kan ook 'n huwelikskontrak opgestel word. Hierdie is 'n direkte uitvloeisel van die Westerse beskawing.

Daar moet egter op gelet word dat die feit dat hulle twee plekke trou, ook die geleentheid bied om twee huweliksfeeste te hou, want na elke troue word 'n fees gevier. Die twee feeste hou dan ook verband met die tradisionele huweliksfees wat dae kan duur. Vandag is daar nie tyd om dae fees te vier nie en neem twee feeste die plek van die lang fees in.

Die tradisionele seremonie soos deur die proefpersone beskryf, is niks anders as 'n moderne huwelik

waarin/...

waarin reste van die tradisionele opgeneem is. Die volgende is van die reste:

(a) Die rol van toordokters.

(b) Die bid tot die voorvadergeeste.

(c) Die seremonie in die kraal, ens.

Dit toon waarskynlik dat die informante die tradisies nie meer goed ken nie. Die tradisionele seremonie soos ons dit in die Volkekunde ken, is egter iets van die verlede. Hulle is geheel en al verwar. Dit is 'n teken dat hulle al hoe verder van die tradisionele beweeg.

Een ongetroude vrou het 'n beskrywing gegee van die tradisionele huweliksseremonie. Dit is eintlik 'n uitsondering om 'n vrou te kry wat so wil trou. Die ander ongetroude vrouens neig in alle opsigte baie meer na die Westerse as die getroudes.

Die rol van die familie is meesal om te help met die organisasie. Tien meld dat die familie geen rol speel nie. Dit bewys dat die huwelik nie meer so 'n ernstige saak tussen twee families is nie, maar eerder 'n saak tussen die bruid en die bruidegom. Dit is 'n duidelike kenmerk by die Blanke. Daar word wel reste aangetref, bv. dat die bruid se moeder moet huil, ens.

Die pligte van die familie kan onder twee punte saamgevat word:

(i) Hulle moet help met die organisasie.

(ii) Hulle moet help met die voedselvoorsiening.

Met die inkomste wat verkry word, hang die gesinsgrootte ook saam. Daar is nie een huisgesin wat uitermate groot is nie. Die Westerse invloed spreek

hier/...

hier ook duidelik. Om 'n groot huisgesin te hê is vandag nie meer 'n eer, 'n plig of vanselfsprekend nie.

Sommige verkies meer seuns, veral om 'n nageslag te kan hê. Die onderwyser is baie gesteld daarop dat sy goeie naam in sy nageslag sal voortlewe. Ander redes is meer van 'n ekonomiese aard, nl. dit is goedkoper om seuns groot te maak en hulle werk gouer om vir hulleself te sorg.

Bogenoemde redes word ook genoem deur die wat meer dogters wil hê. Ons vind dat die bogadi/lobola wat ontvang word, die grootste rede is waarom meer dogters verkies word - dus 'n suiwer ekonomiese rede. As dit nie om die ekonomiese redes was nie, sou die bogadi-/lobolagebruik by die onderwysgroep seker al lankal verval het.

Die wat seuns en dogters wil hê, sê die dogters se bogadi/lobola betaal die seuns se bogadi/lobola.

Die wat nog kinders wil hê en wat nie omgee of dit seuns of dogters is nie, is myns insiens die verste gevorder in die proses van akkulturasie, want hulle redes is gebaseer op Christelike en godsdienstige gronde en op die wil van die mens of hy nog kinders wil hê. Duideliker gesien moet hier onderskei word tussen Christelike en nie-Christelike godsdienste. Die begeerte na 'n groot gesin was wel in die tradisionele lewe op 'n religieuse grond gegrondves, naamlik dié van die voorouerverering.

Ons vind egter ook die moderne Bantoevrou wat geen kinders wil hê nie, omdat dit haar gebonde maak en

sy/...

sy haar figuur moet prysgee. Dit is nie net figuur-prysgee nie, maar die mooier figuur gee haar ook meer prestige onder haar vriende.

Ons vind wel dat skoonheid prestige aan die vrou in die tradisionele lewe gegee het. Die skoonheid was egter nie geleë in die mooi slanke figuur van die vrou nie, maar hoe vetter sy was, hoe meer lobola/bogadi is vir haar betaal, en deur die meer lobola/bogadi het sy groter aansien onder die vroue verwerf. Die skoonheidswaarde het dus nou onder Westerse invloed eintlik die teenoorgestelde geword van wat dit in die tradisionele lewe was.

Dit toon ook die moderne neiging om net te lewe vir plesier. Een skroom nie om te sê dat sy elke naweek na Johannesburg gaan nie, want „daar is plesier, aangesien Potchefstroom dood is en hier geen lewe is nie."

Dit is nie net ekonomiese redes wat getroudes nie meer kinders wil laat hê nie. Hulle noem ook dat die opvoeding van die kinders in die moderne lewe te moeilik is (verkeerde invloede), en te veel verantwoordelikheid bring. Soos die Blankes vlug hulle hier vir die verantwoordelikheid wat kinders op jou lê. Dit is weer een van die faktore wat indiwidualisering bevorder. Hierin moet ook die kiem gesien word wat die tans nog te vinde familiegehegtheid gaan vernietig.

As ons die beginsel van geboortebeperking vergelyk met die opinies van ander Bantoe soos in die tydskrif „Grace" weergegee, vind ons dat dit die man is wat teen geboortebeperking is. Die vrou is meestal ten gunste daarvan. Vandaar die aansporing om

voor/...

voorbehoedmiddels te gebruik. By 'n nadere ondersoek is gevind dat die aanvraag daarvoor by die Bantoekliniek geweldig groot is. Die vroue gebruik dit bykans sonder uitsondering sonder die medewete van die mans. Die aanvaarding van geboortebeperking het 'n veel dieper inslag by die Bantoe as wat besef word. Dit sluit nie net die onderwysende groep in nie, maar almal.

HOOFSTUK/...

# HOOFSTUK IV

# HOOFSTUK IV

## HUISE, MEUBLEMENT EN VERVOER

### I. HUISE

#### A. Die tradisionele in verband met huise

Die Bantoehutte het grondvloere wat met mis gesmeer word en daar is geen vensters nie. Daar kan twee tipes hutte onderskei word: „The beehive hut of the Nguni, and the Cone-and-Cylinder hut of the Sotho, Venda and Shangana-Tonga."[1] Aan die Tswanahut word nog 'n daklose stoep met 'n lae muurtjie of heining gebou, bekend as die lapa. Die vloer hiervan word net soos die huis met mis gesmeer.[2]

Die bouery van so 'n hut is 'n georganiseerde besigheid. Familie en selfs buitestaanders word genooi om te kom help met die bouery. Vir hierdie doel word soms 'n werkparty gereël waar drinkgoedjies volop is. Manlikes en vroulikes dra tot dié bouery by.[3]

Die hut dien veral as slaapkamer en bewaarkamer, aangesien die res van die huislike aktiwiteite gewoonlik buite plaasvind.[4] Die lapa speel hier 'n belangrike rol aangesien dit die plek is waar in gunstige weer/...

---

1. Schapera, I., Bantu Speaking Tribes of South Africa, p.144.
2. Ibid., p.143.
   Die bouproses van die verskillende huttipes word volledig behandel in die volgende werke:
   Bruwer, J.P., Die Bantoe van Suid-Afrika, p.62-66.
   Schapera, I., The Bantu Speaking Tribes of South Africa, p.144.
   Beals, R.L. and Hoijer, H., An Introduction to Anthropology, p.386-389.
3. Schapera, I., op.cit., p.330-331.
4. Ibid., p.144.

weer geëet, gedrink en sosiale samekomste gehou word.

Gewoonlik bestaan die kraal uit verskillende hutte vir die verskillende vroue en ander familie, soos bv. aparte hutte vir jong dogters en seuns. By die Tswana is hierdie krale so naby mekaar dat hulle saam 'n dorpie vorm.[5)]

Die man ken die hutte toe, en die hutte word uitgeken volgens die naam van die vrou wat dit bewoon. Elke vrou is geregtig op 'n hut.

Die kommunale besit gee aan die Bantoe okkupasie- en gebruiksreg. Vervreemding van 'n perseel is onderhewig aan goedkeuring deur die kaptein, en in die geval van sterfte het die weduwees en erfgename eerste aanspraak op hertoekenning. Dit gee dus okkupasie- en gebruiksreg maar geen absolute sekuriteit vir besit nie, want regte kan om bepaalde redes verbeur word. As die vrou skei, behou die man die hut.[6)]

## B. Ontleding van gegewens ingesamel in verband met huise

### a. Stelsel van huisverskaffing in Ikageng

Voordat die gegewens wat ingesamel is, ontleed word, word eers 'n uiteensetting gegee van die skemas waarvolgens die plaaslike owerheid huise aan die Bantoe voorsien.

Die/...

---

5. Schapera, I., op.cit., p.145.
6. Ibid, p.160.
   Bruwer, J.P., op.cit., p.204-205.

Die plaaslike bestuur het drie skemas waarvolgens hulle huise aan die Bantoe voorsien:

Skema A: Verkoopskema

Die plaaslike bestuur bou die woning en dan koop die Bantoe die bewoonsreg vir 'n tydperk van 30 jaar teen die vasgestelde rentekoers. Vier- en tweekamerwonings kan so deur die Bantoe bekom word.



Vloeroppervlakte:
450 vk.vt.

Voorkant



Vloeroppervlakte:
240 vk.vt.

Voorkant

Grondplan van vier- en tweekamerwonings.

Skema B: Erf- en diensskama

Die Bantoe huur die bouperseel van die plaaslike bestuur. Die plaaslike bestuur moet die nodige dienste op die perseel verskaf. Dit sluit in: vuilis verwydering/...

verwydering, water, lig en riool. Die Bantoe bou dan 'n huis na eie smaak op sy eie onkoste. Die bouplanne moet egter eers deur die plaaslike bestuur goedgekeur word.

Skema C: Huur van huis en erf

Die plaaslike bestuur bou die huis. Dan word die huis en die erf van die plaaslike bestuur gehuur teen 'n maandelikse tarief.

Met die goedkeuring van die plaaslike bestuur mag die eienaar van die huis in skemas A en B hulle huise vergroot. Die uitgangspunt van die Sentrale Regering is nou dat die Bantoe tydelike inwoners in die woonbuurt is en dus sal die plaaslike bestuur van nou af slegs met enkele uitsonderings nie meer toestemming gee dat huise vergroot mag word nie.[7)]

b. Huise gekoop, gehuur of volgens erf-en-diensskema bekom

Tabel 18

Huise gekoop, gehuur of volgens erf-en-diensskema bekom

Die onderwysers het soos volg van die verskillende skemas gebruik gemaak:

| Skema | Getroud | Ongetroud |
|---|---|---|
| Gehuur | 25 | 7 |
| Gekoop | 7 | 6 |
| Erf-en-diensskema | 13 | 2 |

Vyf-en-twintig van die getroudes het hulle

huise/...

7. Inligting verkry van mnr. P. Riekert, Bestuurder van Nie-blanke sake.

huise gehuur van die munisipaliteit. Sewe het gekoop en dertien het hulle wonings volgens die erf-en-diens-skema bekom.

Ongetroudes het soos volg geantwoord: sewe wou huur, ses wou koop en twee wou hulle huise volgens die erf-en-diensskema bekom. Die res het nie geantwoord nie.

c. Soorte vertrekke in die huis

Tabel 19

Soorte vertrekke in die huis

| Vertrekke | Getroudes (45) | | | Ongetroudes (29) | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kombuis | 45 | | | 29 | | | | |
| Eetkamer | 17 | | | 20 | | | | |
| Woonkamer | 28 | | | 21 | | | | |
| Badkamer | 3 | | | 21 | | | | |
| Studeerkamer | 3 | | | 12 | | | | |
| Stoep | 21 | | | 22 | | | | |
| Eet-woonkamer | 7 | | | 8 | | | | |
| Slaapkamer | 1 kamer | 2k | 3k | 1k | 2k | 3k | 4k | 5k |
| | 10 | 30 | 5 | 12 | 8 | 5 | 3 | 1 |

Die vertrekke in die huise van die getroudes is soos volg versprei: almal het 'n kombuis gehad.

Sewentien (37.4%) het 'n eetkamer in die huis gehad.

Agt-en-twintig (61.6%) het 'n woonkamer in die huis gehad.

Sewe (15.4%) het 'n eetkamer in die huis gehad

Drie (6.6%) het 'n badkamer in die huis gehad.

Slaapkamers is soos volg versprei:

Tien (22.0%) het slegs een slaapkamer in hulle huis gehad.

Dertig/...

Dertig (66.4%) het twee slaapkamers gehad.

Nege (19.0%) het drie slaapkamers gehad.

Slegs 3 (6.6%) van die onderwysers kon spog met 'n studeerkamer in die huis.

Een-en-twintig (46.2%) het 'n stoep gehad.

Die ongetroudes het hulle huise eendag soos volg gesien:

Almal het gesê dat hulle 'n kombuis wil hê. Oor die res van die vertrekke rapporteer hulle soos volg:

Twintig (68.0%) wil 'n eetkamer in hulle huise hê.

Een-en-twintig (72.4%) wil 'n woonkamer hê.

Agt (27.2%) wil 'n eet-woonkamer hê.

Een-en-twintig (72.4%) wil 'n badkamer in hulle huis hê.

Almal wil slaapkamers hê en die aantal slaapkamers is soos volg versprei:

Veertien (40.8%) wil slegs een slaapkamer hê.

Agt (27.2%) wil twee slaapkamers hê.

Vyf (17.0%) wil drie slaapkamers hê.

Drie wil 4-slaapkamerwonings hê en slegs een (3.4%) maak melding van 'n 5-slaapkamerwoning.

Veertien (40.8%) wil 'n studeerkamer in hulle huise hê en 22 (74.8%) wil 'n stoep aan die huis hê.

d. Is huis vergroot?

Die antwoorde op die vraag of hulle huise groter gemaak het, was soos volg: vyf van die getroudes het hulle huise groter gemaak en ses-en-dertig het dit nie gedoen nie, omdat hulle dit nie kon bekostig nie. In werklikheid kon net twintig getroudes wat van skemas

A en B gebruik gemaak het, aansoek doen om hulle huise te vergroot. Hiervan het vyf dit wel gedoen. Vier het nie geantwoord nie.

e. Grootte van die erf

Tabel 20

Grootte van die erf

| | Getroud | Ongetroud | Totaal |
|---|---|---|---|
| Net so groot | 27 | 8 | 35 |
| Groter | 5 | 4 | 9 |
| Kleiner | 6 | 1 | 7 |
| Onbekend | 7 | 16 | 23 |
| Totaal | 45 | 29 | 74 |

Sewe-en-twintig getroudes het die gewone standaarderf gehad waarop hulle gewoon het. Vyf het groter erwe as die gewone, terwyl ses kleiner erwe het.

Agt van die getroudes wou standaarderwe hê, vier groter en een 'n kleiner erf.

f. Begeerte in verband met groter huise

Tabel 21

Begeerte in verband met groter huise

| | Getroud | Ongetroud | Totaal |
|---|---|---|---|
| Ja | 37 | 14 | 51 |
| Nee | 4 | 4 | 8 |
| Onbekend | 4 | 11 | 15 |
| Totaal | 45 | 29 | 74 |

Die stadsraad het 'n paar soorte standaardhuise wat hulle tot die Bantoe se beskikking stel.

Sewe/...

Sewe-en-dertig van die getroudes het 'n groter huis begeer as die een wat hulle ontvang het. Vier het nie 'n groter huis begeer nie. Die res het reeds hulle huise vergroot.

Veertien ongetroudes het van die staanspoor af gesê dat hulle groter huise wil hê. Net 4 was tevrede met die gewone tipe huis. Die res het nie die vraag beantwoord nie.

g. <u>Redes waarom groter huise verlang word</u>

Hier volg 'n samevatting van die redes vir groter huise soos deur die informante verstrek:

(i) <u>Getroudes</u>

1. Hulle verkies 'n groter huis omdat hulle graag hulle familie wil vergroot.
2. 'n Groter huis sal baie meer gerief vir die inwoners meebring.
3. Een sê dat hy 'n groter huis in Thaba 'Nchu gehad het en dat die aanpassing in die kleiner huis baie moeilik is.
4. Die huis is te klein vir die hoeveelheid meubels wat hulle het.
5. As daar familie kom kuier, is daar nie plek om hulle te huisves nie.
   'n Huis moet 'n vrykamer hê.
6. Die huis moet groter wees sodat dit 'n studeerkamer, badkamer en groot woonkamer kan hê.
7. Sy huisgesin is groot en dit bemoeilik sy studie omdat daar nie genoeg vertrekke is nie.
8. 'n Hele aantal wou nog 'n slaapkamer hê.

9/...

9. Seuns en dogters moet aparte kamers hê. Van sesjarige leeftyd af moet daar aparte slaapgeriewe wees vir die onderskeie sekse.
10. Een wou benewens 'n badkamer en studeerkamer ook nog 'n spens hê.
11. Daar moet 'n aparte badkamer vir besoekers wees.
12. Klein huise is ongesond, terwyl 'n groot huis baie gerieflik en baie gesond is.
13. 'n Badkamer pas by die status van 'n onderwyser.
14. „Ek hou van 'n groot huis".
15. Die vrou van die predikant het gesê dat dit vir haar moeilik is as predikantsvrou om kerkbesoekers te bedien of te huisves in die huisie wat hulle nou tot hulle beskikking het.
16. Die vertrekke is te klein en daar is nie bergplek nie. Die beste meubels moet geberg word.
17. 'n Groot huis is nie net gerieflik nie, maar het net soveel werk as 'n kleiner huisie.

Van dié wat nie 'n groter huis verkies het nie, het die volgende redes verstrek:

1. „'n Groot huis het te veel werk en miskien het ek nie kinders nie en as my man weg is, sal ek bang wees in die groot huis".
2. Hulle het nie geld om die meubels vir die ekstra vertrekke te koop nie.

(ii) <u>Ongetroudes</u>

Die ongetroudes gee die volgende redes ter gunste van 'n groter huis:

1./...

1. Dat seuns en dogters aparte kamers moet hê.
2. 'n Groot huis is gerieflik, en vertrekke soos 'n badkamer en 'n studeerkamer is onontbeerlik in 'n moderne huis.
3. As kuiergaste kom, moet 'n mens 'n vrykamer hê om hulle in te huisves.

C. <u>Gevolgtrekkings in verband met huise</u>

Persoonlike waarneming het getoon dat die huise van onderwysers maklik uitgeken kan word bo dié van ander inwoners. Huise van handelaars is moontlik beter en mooier, maar die onderwysers se huise is maklik uitkenbaar weens grootte en buitenshuise afwerking. Die huise is oor die algemeen volgens die standaard van die huise in Ikageng gebou; tog het sommige hulle huise groter gemaak en 'n aantal wil dit nog doen. Ook die huis is, wat die onderwysers betref, 'n statussimbool.

Baie bejammer die gemis aan 'n badkamer, veral omdat dit pas by die status van die onderwyser.

Die ontwikkeling wat die onderwysers ondergaan het, het hulle tot ander insigte gebring. Die verwestering is ook duidelik wat die huise betref, en dit het meegebring dat hulle simbole soek om die status wat hulle deur ontwikkeling verwerf het, te handhaaf. Opmerklik is dat hulle 'n studeerkamer en aparte badkamer vir besoekers bepleit. Die feit dat hulle aparte kamers vir seuns en dogters en vir besoekers bepleit, is natuurlik nie iets vreemds nie, aangesien dit alom bekend is in die tradisionele lewe.

'n/...

'n Studeerkamer is vir hulle 'n professionele vereiste, alhoewel almal dit nog nie kan bekostig nie.

Opmerklik is dit ook dat ses 'n groter erf het as die normale. Ter wille van status koop hulle ook graag 'n huis.

## II. MEUBLEMENT

### A. Die tradisionele in verband met meublement

In die tradisionele hut was daar, behalwe slaapmatte, karosse, geen meubels in die gewone sin van die woord nie. Daar was egter ook kopstutte wat die mans gebruik het as hulle slaap.

Alhoewel nie meublement nie, is daar tog 'n taamlike verskeidenheid artikels soos huisgereedskap wat in die hut geberg is. Hierdie gereedskap is almal van plaaslike materiaal gemaak en bestaan uit die volgende.

1. Van klei is potte vir water en bier gemaak en daarin is ook gekook.
2. Van hout is skottels, lepels, graanstampers en stampblokke, melkhouers en roerlepels gemaak.
3. Drinkbekers vir melk en bier is van kalbasse gemaak.
4. Van gras is graanmandjies en kleiner mandjies en houers, asook biersiwwe, gemaak. Ook matte, besems en tou is van gras en vesels gemaak.[8)]
5. Byle, messe, pikke, spiese is almal gereedskap wat van yster gemaak is.

6./...

8. Schapera, I., op.cit., p.145-147.

6. Selfs koperwerk is nie by hulle onbekend nie. Hiervan is armbande en ornamente gemaak.[9)]

Hierdie handwerk word onder die geslagte verdeel: die mans doen werk met hout, leer, been en metaal, terwyl potmakery en kraalwerk deur die vrou verrig is. Vlegwerk is gewoonlik deur albei geslagte gedoen.[10)]

Dit is die vrou se plig om alle huisgereedskap te kontroleer. By haar troue bring sy gewoonlik die volgende saam: potte, mandjies, pikke en slaapmatte, alles wat sy van haar ouers gekry het. Sommiges maak sy self of ruil dit vir koring, hoenders of bier, en ander kry sy van haar man.[11)]

B. <u>Ontleding van gegewens ingesameld in verband met meublement</u>

a. <u>Woonkamer</u>

Ons vind dat hier soms verwarring is, omdat hulle weens die beperkte aantal vertrekke in hulle huise 'n gekombineerde woon-en eetkamer het. Dan vind ons dat hulle eetkamermeubels soms ook in die woonkamer noem. Maar nadat die probleem uitgestryk is en die meubels gesorteer is, lyk die prentjie soos volg:

Die meeste het óf 'n gewone eetkamerstel, óf 'n tafel en stoele in die woonkamer. Die stelle bestaan uit driestukwoonkamerstelle, kas, gekleurde

stoele/...

9. Schapera, I., op.cit., p.147-148.
10. Ibid., p.152.
11. Ibid., p.160.
Vergelyk ook: Schapera, I., The Tswana p.26 en Schmidt, J.J., op.cit., wat 'n waardevolle beskrywing gee van die gereedskap op p.328, p.338 en p.340.

stoele en sofa's. Die meeste stoele wat by die tafel genoem is, is agt. Een maak melding van 'n rusbank. Ook word klein tafeltjies genoem wat in die woonkamer geplaas word.

Die wat 'n radiogram besit het, het dit ook in die woonkamer gehad. Drie maak melding van 'n vertoonkas waarin hulle ornamente uitstal. Drie het 'n tapyt (mat) in die woonkamer en vier het ook elk 'n boekrak. Een het 'n klavier en 'n ander noem 'n „palmstand"; terwyl 'n ander eenvan 'n teetafel melding maak. Een is ook die eienaar van 'n drankkabinet.

As ons in aanmerking neem dat die grootte van die vertrekke in die vierkamerwonings wat hulle huur 11vt. by 11 vt. is, dan is dit duidelik dat die meubels wat genoem is, uiters beknop in die vertrek moet ingaan. Die woonkamer is tog dié plek waar die familie sowel as familie en vriende vergader. So 'n vertrek met al die meubels in is dus baie beknop en dus baie ongerieflik.

b. <u>Eetkamer</u>

In die eetkamer is daar gewoonlik 'n eetkamerstel. Dit bestaan uit 'n tafel en ses stoele. Een maak melding van 'n agtstukeetkamerstel.

Drie sê dat hulle benewens die eetkamerstel ook 'n buffet het. Een het 'n tapyt (mat), terwyl 'n ander een 'n koskas het. Twee het ook 'n vertoonkas in die eetkamer. Een het 'n tafeltjie met 'n glasblad en 'n ander een het 'n blomstaander.

Die eetkamer is gewoonlik een van die kleiner

vertrekke/...

vertrekke in die huis en kan dus ook nie veel meer meubels huisves nie. Die eetkamer word nie net gebruik om in te eet nie, maar ook soms as 'n vergaderplek van die familie na ete. Dit word ook deur dié wat nie 'n studeerkamer het nie, as studeerkamer gebruik.

c. Slaapkamers

Hier moet ons onderskeid maak tussen die hoofslaapkamer en die kinderkamer, wat soms vir gaste gebruik word. Die kinderkamer is gewoonlik die kamer waarin die kinders moet slaap. Die vertrekke is baie klein en 'n mens kan verstaan as hulle sê dat hulle 'n kamerstel in die kamer moes „inprop".

Met enkele uitsonderings vind ons dat almal 'n slaapkamerstel het in die hoofslaapkamer.
'n Slaapkamerstel bestaan uit die volgende:

(i) 'n Dubbelbed of twee enkelbeddens.
(ii) 'n Spieëltafel.
(iii) 'n Kas vir die vrou se klere.
(iv) 'n Kas vir die man se klere.

Slegs 4 maak melding van 'n dubbelbed.
Dié wat nie 'n kamerstel kan bekostig nie, het enkelbeddens en 'n kas vir hulle klere in die kamer. Die slaapkamer van die kinders het gewoonlik enkelbeddens in. (Die getal hang af van die hoeveelheid kinders wat daar is.)

Enkele van die getroudes maak melding van meer as een kamerstel. Een begeer selfs 'n radio in die hoofslaapkamer, en 'n ander getroude wil ook 'n wastafel

in/...

in die hoofslaapkamer hê (weens gebrek aan 'n badkamer). Nog een het gesê dat daar ook 'n boekrak moet wees waarin hulle die boeke, waarin hulle saans lees as hulle gaan lê, kon sit.

Die ongetroudes het sonder uitsondering gesê dat hulle 'n kamerstel verkies.

Ander meubels wat die ongetroudes in hulle slaapkamer het of wil hê, is:

'n Lessenaar by die een en 'n „trousseaukis" by die ander. Een maak melding van 'n mat en 'n ander van 'n houer waarin sertifikate en spaarboekie gebêre word. Slegs een het melding gemaak van 'n bed wat in die kamer is.

d. Kombuis

Die kombuismeubels is in die meeste gevalle 'n kombuisstel, d.w.s. 'n tafel met vier of ses stoele. Daar is gewoonlik 'n kas of rak in die kombuis om die breekware in te bêre. Almal het 'n stoof in die kombuis waarvan twee gasstowe is. Die stoof wat die meeste voorkom, is 'n bekende soort steenkoolstoof. Vyf van die getroudes het ook 'n yskas in die kombuis. Een was 'n paraffienyskas.

Die ongetroudes wil 'n elektriese stoof hê, terwyl een ook 'n Amerikaanse kombuis wil hê. Hulle maak ook melding van 'n opwasplek wat in die kombuis moet wees.

In al die vertrekke is daar gordyne wat by die meubels moet pas.

e./...

e. Badkamer

Soos ons reeds gesien het, het net enkeles die voorreg van 'n badkamer. Die getroudes wat wel 'n badkamer het, het net die standaarduitrusting soos 'n bad en wasbak daarin. Slegs een het 'n spoel in die badkamer.

Die ongetroudes wil die gewone uitrusting in die badkamer hê en dan nog daarby 'n medisynekas, 'n stort en 'n spieël. Dan wil hulle ook die badkamer geteël hê, en een wil ook drie stoele in haar badkamer hê. Toe navraag gedoen is oor die drie stoele, was haar verklaring dat al die kleintjies sitplek moet hê as sy hulle een vir een was of bad saans.

f. Die plek waar die meubels gekoop is

Tabel 22

Die plek waar die meubels gekoop is

| | Getroud | Ongetroud |
|---|---|---|
| Meubileerders en kettingwinkels | 43 | 22 |
| Geërf | 1 | |
| Tweedehandse plek (Indiërs) | 1 | |
| Totaal | 45 | 22 |

Bostaande tabel toon dat die meerderheid getroudes en ongetroudes verkies om hulle meubels nuut te koop by meubileerders en kettingwinkels.

g. Hoe die meubels gekoop is

Slegs 6 van die getroude pare het hulle meubels kontant gekoop. Vier van die ongetroudes wil eendag

hulle/...

hulle meubels kontant koop. Nege-en-dertig van die getroudes het hulle meubels op die huurkoopstelsel gekoop, terwyl twaalf van die ongetroudes ook verkies het om eendag hulle meubels so te bekom.

h. Die besit van radio's: modelle en soorte

Nege-en-veertig van die groep besit radio's waarvan twee selfs twee radio's besit; een 'n transistorstel en 'n radiogram en die ander 'n tafelmodel en 'n radiogram.

Tabel 23

Tipe radio

| | |
|---|---|
| Radiogram | 33 |
| Tafelmodel | 5 |
| F.M. | 4 |
| Batterystel | 8 |
| Stereo (ook F.M.) | 1 |

Drie-en-dertig van die groep het 'n radiogram besit. Die redes waarom hulle 'n radiogram aangekoop het, is die volgende:

(i) Die radiogram gee jou die geleentheid om plate te speel. Daar word ook verder gemeld dat veral langspeelplate aangekoop is.

(ii) 'n Radiogram is 'n sierlike meubelstuk wat nie alleen aan die mens genot verskaf nie, maar ook as meubelstuk jou huis kan versier.

(iii) 'n Radiogram se ontvangs is beter. Hier word spesiaal verwys na die F.M.-sender wat steuringsvry is.

(iv) Die radiogram is aangekoop omdat dit die nuutste

model is en die nuwe modelle baie beter is as die oues.

(v) Dit is makliker om 'n radiogram op huurkoopstelsel te koop as 'n klein radio. Dit verskil nie soveel nie en dit baat dus om vir 'n bietjie meer geld 'n groter radio te koop.

(vi) 'n Bepaalde handelsmerk is die sterkste radio van al die bestaande radio's.

(vii) Die radiogram is mooier as die draagbare radio of die tafelmodel.

(viii) Omdat die radiogram 'n groter ontvangstoestel het, bied hy sy luisteraar die geleentheid om na meer stories te luister.

Dié wat wel 'n batterystel aangekoop het, het die volgende redes verstrek:

(i) Hulle kon net 'n batterystel bekostig.

(ii) 'n Batterystel bied jou die geleentheid om dit oral te gebruik - in die huis, met uitstappies of selfs in die motor.

(iii) 'n Batterystel is aangeskaf omdat hulle nie elektrisiteit in die huis kan bekostig nie, maar tog graag 'n radio wou gehad het. (Hier word bedoel die moderne transistorstel.)

C. Gevolgtrekkings in verband met meublement

Die beperkte vertrekke is die oorsaak dat meubels soms in kamers is waar hulle nie hoort nie. Maar soms is dit daar omdat dit prestige bevorder en 'n status-

simbool/...

simbool is. Nêrens is 'n vertrek gevind waar daar meubels is wat tot die tradisionele meublement behoort nie. Meubels word gekoop om modern te wees en om die status verder te verhoog, byvoorbeeld die aankoop van 'n drankkabinet.[12)]

Alle vertrekke het meubels wat daar hoort. Daar is nie meubels gesien wat bestempel kan word as geheel en al outyds nie. Veral ongetroudes noem nog meer meubels wat in die huis nodig is. Die smaak van die ongetroudes is sonder enige twyfel duurder as dié van die getroudes. By hulle blyk dit die uiting te wees van 'n begeerte, maar of dit wel prakties verwesenlik sal word, is 'n ander saak.

As in aanmerking geneem word dat 40 (88.8%) van die getroudes hulle meubels op die huurkoopstelsel gekoop het, dan verklaar dit waarom hulle sulke duur meubels het. Die winkels waar gekoop word, is nie net die duurste nie, maar ook van die modernste. Omdat die winkel waar jy koop ook statuswaarde het, word winkels waar dieselfde meubels goedkoper gekry kan word, vermy.

Ook die besit van 'n radio het 'n statussimbool geword. Die meeste besit 'n radiogram. Hulle beweer dat hulle 'n radiogram gekoop het omdat hulle dan ook plate kan speel. Vyf het F.M.-stelle wat onlangs aangekoop is. Die batterystel wat baie praktiese waarde het, is nie in aanvraag nie. Die paar wat wel batterystelle aangekoop het, kon blykbaar nie anders nie. Hulle

moes/...

---

12. Vergelyk Schmidt, J.J., op.cit., p.338-340.
    (Toestande in Klerksdorp.)

moes ook in hierdie opsig 'n statussimbool verwerf, al is dit in sekere opsigte minderwaardig. Ons moet onthou dat die transistorstelle vry algemeen by die gewone Bantoes aangetref word en dus nie status kan bevorder nie.

Wanneer ons meublement behandel, hang dit ten nouste saam met die beskikbare huisvesting. Waar dit geblyk het dat die stamgebondenheid vinnig besig is om te verdwyn, het ons nogtans gevind dat familiegebondenheid aan die orde van die dag is. Laasgenoemde is veral afhanklik van gerieflike huisvesting en ruimte vir familieomgang. Waar dit in 'n mate ontbreek, gaan ook baie van die funksionele waardes van die woning verlore. Sonder geskikte huislike ruimte loop die familiegebondenheid ook gevaar om te verbrokkel.

## III. VERVOER

### A. Die Tradisionele in verband met vervoer

Dapper en stapper was die hoof vervoermiddel in die verlede. Vrouens is geoefen om baie swaar dinge op hulle koppe te dra. Die os is egter ook as rydier en lasdier gebruik.[13)]

### B. Analise van die gegewens ingesamel in verband met vervoer

Van die vier-en-sewentig informante was daar tien/...

---

13. Schapera, I., op.cit., p.145.
Meer besonderhede oor die verskillende vervoermiddels word gegee deur Ralph L. Beals en Harry Hoijer, An Introduction to Anthropology, p.391-407.

tien van die getroudes en een ongetroude wat 'n motor besit het. Die volgende tabel toon die soorte motors wat hulle besit:

Tabel 24

(1) Soorte motors wat die onderwysers besit

| Motor | Aantal |
|---|---|
| Opel | 1 |
| Pontiac | 1 |
| Plymouth | 2 |
| Chevrolet | 3 |
| Volkswagen | 1 |
| Consul | 1 |
| Volvo | 1 |
| Vauxhall | 1 |
| Vespa (Scooter) | 1 |

Ingesluit ter wille van volledigheid.

Op die vraag waarom die bepaalde soort motor aangeskaf is, was die antwoord:

Opel: Omdat die man ver gaan werk, moes hulle 'n motor aanskaf, sodat hy kan kom kuier en hulle kon slegs die Opel bekostig.

Pontiac: Hulle het gehoor dat dit die beste motor is.

Plymouth: 1. Dit was die keuse van die huisgesin.

2. Haar oorlede man het die motor gekoop.

Chevrolet: 1. Hy verkies 'n Chevrolet.

2. Dit is goedkoop op brandstof en goedkoop om heel te maak. Jy kan onderdele by die meeste motorhawens kry.

3. Die Chevrolet gee nooit moeilikheid nie. Die onderdele is goedkoop en die motor is groot genoeg vir die hele huisgesin.

Volks/...

<u>Volkswagen</u>: Hy word verkies omdat hy 'n Duitse motor is en Duitse motors is sterk.

<u>Consul</u>: 1. Dit is ekonomies en goedkoop om reg te maak.

2. Dit is lig op petrol.

<u>Volvo</u>: Dit is 'n seldsame motor en vir diewe onbekend.

<u>Vauxhall</u>: Dit is lig op brandstof en groot genoeg vir die hele gesin.

Een het 'n Vespa-bromponie besit omdat hy nie 'n motor kon bekostig nie.

<u>Tabel 25</u>

(ii) <u>Vervoer waarvan gebruik gemaak word</u>

| | Getroudes | Ongetroudes | Totaal |
|---|---|---|---|
| Te voet ) Redelike | 3 | 2 | 5 |
| Per fiets ) afstande | 10 | 2 | 12 |
| Bus | 17 | 14 | 31 |
| Huurmotor | 14 | 9 | 23 |
| Trein | 10 | 8 | 18 |

Bostaande tabel toon aan hoe dié wat nie 'n motor besit nie, oor die weg kom. Drie getroudes en twee ongetroudes loop gewoonlik na die plek waarheen hulle wil gaan as dit nie te ver is nie. Tien getroudes het fietse vir die huisgesin aangeskaf. Twee ongetroudes het ook fietse.

Sewentien getroudes reis per bus, terwyl veertien ongetroudes ook van die plaaslike busdiens gebruik maak.

Veertien getroudes en nege ongetroudes maak van huurmotors gebruik.

Tien getroudes en nege ongetroudes reis hoofsaaklik per trein.

As ons die getalle optel en vergelyk, sal ons vind dat dit nie met die groot totaal (74) klop nie. Die rede daarvoor is dat van die informante van meer as een soort vervoer gebruik maak om te kom waar hulle wil wees. Dit word blykbaar beïnvloed deur die afstande wat afgelê word en die soort vervoer beskikbaar.

C. Gevolgtrekkings in verband met vervoer

Uit die hele groep het 11 (15.4%) motors besit. Die helfte van die motors het tot die middelslag motorgroep behoort. As rede hiervoor word die feit genoem dat hierdie soort motor meer ekonomies is op brandstof. Dit blyk dat hulle begin besef dat dit soms lonender is om 'n bietjie meer te betaal vir 'n motor as jy goedkoper werkverrigting kan kry.

Die ander 50% is groter motors. 'n Interessante geval is onder die aandag gebring, naamlik, dat dié wat groot motors besit, die motors in die geheim as huurmotors beskikbaar stel. Dit word in die geheim gedoen omdat dit voordelig is as dit nie algemeen bekend is nie. Dit kan ook moontlik die waardigheid skaad.

Dié wat nie motors het nie, maak meestal van die bus gebruik. Ander gebruik weer huurmotors. 'n Minderheid loop waar hulle wil wees. Die getroudes maak ook veel meer gebruik van fietse as die ongetroudes. Het hierdie neiging by die ongetroudes ook nie met hulle waardigheid te doen nie?

HOOFSTUK/...

# HOOFSTUK V

# HOOFSTUK V

## VOEDSEL, DRANK EN KLEDINGGEWOONTES

### I. VOEDSEL

#### A. Die tradisionele in verband met voedsel

Die huiswerk is deur die vrouens en dogters gedoen. Dit sluit in die stamp van mielies en die maal van koring, die voorbereiding van die kos en die maak van die bier en die was van die eetgerei.[1)]

Die volgende is deur die Bantoe gekweek: Mielies, kafferkoring, waatlemoene, pampoene, ertjies, bone en patats. Die volgende is die huisdiere wat as voedsel gebruik is: beeste (beeste word net by sekere geleenthede, soos bv. die huwelik, geslag), bokke, skape en hoenders. Wilde vrugte is ook geëet. In sommige dele is sprinkane ook geëet.[2)]

Die vleis van diere wat hulle slag of wat doodgaan, is aangevul deur wildsvleis.[3)]

Die Bantoe is baie mededeelsaam. As daar geslag word, moet familie ook kry.[4)] As besoekers en vreemdelinge by feeste opdaag, moet hulle ook kos kry.[5)]

Daar/...

1. Schapera, I., Bantu Speaking Tribes of South Africa, p.150. Vgl. Schmidt, J.J., Stamverbondenheid van 'n Stedelike Bantoegemeenskap, p.319.
2. Schapera, I., Ibid., p.131-132. Schmidt, J.J., Ibid., p.316-317.
3. Schapera, I., Ibid., p.141 en p.133.
4. Ibid., p.164.
5. Ibid., p.164.

Daar bestaan 'n vaste gewoonte om sekere dele van 'n geslagte dier of wild aan sekere persone te gee.[6)]

Op 'n jong leeftyd is die kinders reeds geleer om nie saam met die mense wat ouer is as hulle te sit of te eet nie.[7)]

Daar was net twee maaltye. Die môre-ete het eers tussen 10-en 11-uur plaasgevind en het bestaan hoofsaaklik uit pap, met net soms grondboontjiesous of wilde spinasie. Die kos is gewoonlik weggebring na die werkers toe. Daar is nie iets saamgedrink nie, behalwe miskien water. Die mans het gewoonlik in ouderdomsgroepe geëet en die kos gedeel.[8)]

Die basis van die aandete is ook pap. Dit is gewoonlik stywe pap. Dit is egter 'n belangrike ete. Vleis of die een of ander sous is saam met die pap bedien. Die pap is bedien in houthouers en die vleis in kleiskottels.[9)]

Die aandete is essensieel 'n familiesaak en is buite genuttig. Die ouer mans, die jonger mans, die kinders, het aparte groepe gevorm wat saameet. Hulle eet met die hande. Baie keer kry die kinders net die vleis wat oorbly van die ouer mense, en baie keer moet hulle tevrede wees om skottels van die ouer mense skoon te lek.[10)]

In/...

6. Schapera, I., op.cit., p.126.
7. Ibid., p.96.
8. Ibid., p.122. Vgl. Schmidt, op.cit., p.320, 324.
9. Ibid., p.126. Ibid., p.321.
10. Ibid., p.126. Ibid., p.327.

In die stamlande is die fees van die eerste vrugte nog gevier. Alhoewel die fees nie orals presies dieselfde vorm aangeneem het nie, is dit soms 'n grootse geleentheid, soos in die geval van die Zoeloe. In alle gevalle, egter, is die hoofman die eerste wat van die vrugte eet en daarna sy onderdane in rangorde.[11)]

B. Ontleding van gegewens ingesamel in verband met voedsel

a. Wie die voedsel voorberei

In twee gevalle het die man die voedsel voorberei. By nadere ondersoek het dit geblyk dat die twee mans ongetroudes was wat vir hulleself moes sorg. By die res, naamlik vyf-en-veertig getroudes en sewe-en-twintig ongetroudes, berei die vrou self die voedsel voor, of die vrou by wie die ongetroudes bly. Die ongetroude vroue sê dat hulle soms die vrou by wie hulle inwoon, help met die voorbereiding van die voedsel. In twee gevalle moes die susters wat ook by die getroude onderwysers inwoon, die voedsel voorberei. In drie gevalle moes die dogter help - in twee gevalle onder leiding van die moeder en in een geval onder leiding van die kok (vrou) wat die huisgesin in diens gehad het.

b. Soorte voedsel

Tabel/...

---

11. Schapera, I., op. cit., p.262.

Tabel 26

Voedselsoorte

| Soort Voedsel | Getroud | Ongetroud | Totaal |
|---|---|---|---|
| Melk | 45 | 29 | 74 |
| Vleis | 45 | 29 | 74 |
| Mieliemeel | 45 | 29 | 74 |
| Brood | 45 | 29 | 74 |
| Blikkiesvis | 24 | 19 | 43 |
| Blikkiesvleis (Beef) | 24 | 16 | 40 |
| Blikkiesgroente | 24 | 16 | 40 |
| Koffie | 39 | 26 | 65 |
| Tee | 40 | 28 | 68 |
| Konfyt | 33 | 22 | 55 |
| Roomys | 22 | 15 | 37 |
| Koeldranke | 31 | 19 | 50 |
| Vars groentes | 30 | 20 | 50 |

Uit hierdie tabel oor die voedsel vind ons dat die dertien genoemde voedselsoorte by die onderwysersgroep aan huis aangetref word. Roomys word die minste gebruik. Tog, as ons die getal wat roomys gebruik, in 'n persentasie gee, is dit 50%. Die volgende is voedselsoorte wat deur almal gebruik word:

Melk.

Vleis.

Mieliemeel.

Brood.

Koffie en tee word feitlik deur almal gebruik. Huise waar slegs een van hierdie twee dranke aangetref word, is minimaal.

Konfyt en vars groente word feitlik ewe veel aangetref. Konfyt word wel meer aangetref, aangesien brood deur almal gebruik word.

Koel/...

Koeldranke is in 50 gevalle gevind. Aangesien daar 45 getroudes onder die 50 gevalle tel, vind ons dat 'n minimale getal van die ongetroudes koeldranke gebruik. Die kinders van die getroudes is natuurlik die rede dat hulle almal koeldranke aanhou. Dit is tog nodig om te let op die feit dat koeldranke in 'n baie groter aanvraag is as roomys.

Die gebruik van ingemaakte voedsel wissel van 54.0% tot 58.05%. Hiervan is vis die meeste in aanvraag. Die verskil is dus baie klein in die aanvraag ten opsigte van die verskillende soorte ingemaakte voedsel.

c. Wie die kos koop

Tabel 27

Wie die kos koop

| | |
|---|---|
| Vrou | 30 |
| Man | 24 |
| Man en vrou | 20 |

Hier moet gemeld word dat die getroudes en ongetroudes saam gegroepeer is. Dertig vroue het alleen die voedsel vir die huis gaan koop. In 24 huisgesinne het die vader dit gedoen, terwyl by 20 huisgesinne die vader en die moeder die kos saam gaan koop het.

d. Koopplekke van voedsel

1. Melk

Melk sluit nie net vars beesmelk in nie, maar ook gekondenseerde melk en poeiermelk. Die plekke waar die onderskeie melksoorte gekoop word, is:

Tabel/...

Tabel 28

Melk

| Koopplekke | Aantal |
|---|---|
| Melkerye | 4 |
| Kettingwinkels (kruideniers) | 2 |
| Kafees | 4 |

Hieronder word ook kafees in die Bantoe-woonbuurt ingesluit. Slegs een maak melding van 'n eie koei wat hy melk.

2. Vleis

Tabel 29

Vleis

Vleis word onder andere by die volgende plekke gekoop:

| Koopplekke | Aantal |
|---|---|
| Slaghuise | 6 |
| Kettingwinkels (kruideniers) | 3 |

3. Mieliemeel

Tabel 30

Mieliemeel

| Koopplekke | Aantal |
|---|---|
| Kettingwinkels (kruideniers) | 3 |
| Ander kruidenierswinkels | 5 |

Onder laasgenoemde groep is daar 3 Bantoe-winkels.

Slegs een sê dat hulle mielies van die plaas kry en self laat maal, terwyl 'n ander een sy mielies by

'n/...

'n groothandelaar koop, maar hy sê nie watter een nie.

4. Brood

Tabel 31

Brood

Brood word by die volgende plekke gekoop.

| Koopplekke | Aantal |
|---|---|
| Bakkerye | 2 |
| Kettingwinkels (kruideniers) | 3 |
| Kafees | 5 (almal Bantoe) |
| Winkels | 2 (almal Bantoe) |

5. Ingemaakte vleis, vis en groente

Tabel 32

Ingemaakte vleis, vis en groente

| Koopplekke | Aantal |
|---|---|
| Kettingwinkels (kruideniers) | 3 |
| Ander kruideniers | 6 (waarvan 4 Bantoe is) |

6. Koffie en tee

Koffie en tee word gekoop by die plekke onder 5 genoem. Hulle behoort aan die volgende rassegroepe:

Blank - 5

Bantoe - 4

Indiër - 1

Toe die informante verder ondervra is, het dit duidelik geblyk dat die ander kruiseniersware wat nie in die tabel voorkom nie, alles by dieselfde winkels gekoop/...

gekoop word as die koffie en die tee.

7. Roomys en koeldranke

Roomys en koeldranke word deur hulle op die volgende plekke gekoop:

(i) Roomys

Roomys word meestal op straat gekoop by die waentjies wat deur die fabriseerders uitgestuur word, en ook by die kafee in Ikageng. Roomyspoeiers word by kruideniers gekoop en die roomys dan tuis gemaak.

(ii) Koeldranke

Koeldrankekstrak word by die kruideniers gekoop en tuis voorberei. Verder word die koeldrank in die kafees en winkels in Ikageng gekoop.

e. Die Saameet van die huisgesin

Ses-en-dertig van die getroudes verklaar dat hulle en hulle kinders saam eet, terwyl drie-en-twintig ongetroudes verklaar dat waar hulle woon, die ouers en kinders saam die maaltyd nuttig. Tien getroudes verklaar onomwonde dat die kinders nie saam met hulle eet nie. Vyf ongetroudes verklaar dieselfde in verband met die plek waar hulle woon.

Die redes waarom die kinders nie saam eet nie, is die volgende:

1. Dit is 'n ou gewoonte by die Bantoe dat die kinders nie saam met hulle ouers mag eet nie.
2. Daar is in die moderne lewe nie tyd om saam te eet nie.

3. Die huis is te klein, d.w.s. die kombuis is te klein om 'n groot genoeg tafel in te kry sodat almal saam om dieselfde tafel kan sit en eet.
4. Hulle sê ook dat dit nie meer die gewoonte is dat die kinders saam met die ouers eet nie.
5. Kinders eet apart en so word ou mense gerespekteer.
6. Kinders moet alleen eet, want die ouers werk heeldag en aan tafel is dit die enigste tyd wat hulle het om privaatsake te bespreek.
7. Kinders mag nie saam eet nie, want dan sit hulle in die grootmense se geselskap.
8. As kinders saam eet, dink hulle hulle is snaaks, want dan is dié en dan daardie soort kos nie goed of lekker nie.
9. Sommige van die kinders kom laat tuis en die ouers kan nie wag totdat hulle kom nie; daarom moet hulle apart eet.

f. Maaltye

Tabel 33

Aantal maaltye per dag

| Aantal maaltye | Getroudes | Ongetroudes |
|---|---|---|
| Een per dag | - | 1 |
| Twee per dag | 9 | 2 |
| Drie per dag | 36 | 26 |

Die een wat een ete per dag nuttig, eet net saans. Die elf wat twee etes per dag nuttig, neem hulle etes soggens en saans.

(i)/...

(i) Ontbyt

Die voedsel waaruit die ontbyt bestaan, is die volgende:

Ons vind dat die oorgrote meerderheid van hulle (69 of 92.7%) een of ander soort pap in die oggend eet. Die pap wissel van slappap (motogo) en suurpap (tradisionele Tswana-pap) tot die kitssoorte soos pronutro, maltabella en hawermout. Gewone mieliepap in sy verskillende vorme word deur 65 (87.1%) geëet. Nie een maak melding van stywepap wat geëet word met ontbyt nie. Saam met die pap word gewoonlik melk en brood geëet. Net een maak melding van brood, botter en konfyt. Die res maak slegs melding van brood en botter. Na ontbyt word gewoonlik koffie of tee gedrink. Volgens die gegewens word koffie en tee feitlik eweveel gebruik.

Die 7.3%(5) wat nie pap eet nie, eet net brood en tee of koffie, terwyl net een brood, eiers, tamaties of wors vir ontbyt nuttig. 'n Ander neem saam met sy pap vleis of eiers, terwyl 'n ander net eiers saam met slappap eet. Net een nuttig vleis saam met sy pap, melk, brood, botter en koffie.

Net twee van die ongetroudes maak melding van vleis en eiers. Een eet pap, melk en eiers; terwyl die ander een suurpap, wors, brood en botter en tee vir ontbyt neem.

(ii) Middagete

Die middagete is 'n swaarder ete. Tog vind ons nog dat pap 'n prominente plek in die ete inneem,

maar/...

maar nou is dit slegs stywepap. Saam met die pap word nou vleis en groente bedien. Slegs enkele uitsonderings maak melding daarvan dat hulle brood en botter ook bedien. Die groente wat bedien word, is o.a.:

a. Pampoen.

b. Boontjies.

c. Wortels.

d. Aartappels.

e. Kool.

Verder word die ete dan ook aangevul met rys, mielierys en stampmielies. Ook is hulle baie lief vir tamaties. In die plek van vleis gebruik sommige van hulle eiers, terwyl 4 van hulle vis genoem het.

Een van die gesinne geniet hulle middagmaal in 'n kafee, omdat die vrou werk en nie tyd het om 'n ete voor te berei nie. By nadere ondersoek het dit geblyk dat dit 'n jonggetroude paartjie is wat nog nie kinders het nie.

Een maak melding van 'n „cold lunch", maar sy meld nie waaruit die ete bestaan nie. Drie maak melding van 'n nagereg wat hulle eet, en wat bestaan uit jellie en vla, terwyl 'n vierde sê lekkers word geëet. Dit is blykbaar 'n vertaling van die Engelse woord „sweets", wat ook maar nagereg of vrugte beteken. In al die gevalle erken hulle egter dat dit nie 'n daaglikse gebruik is nie en hoofsaaklik tot Sondae beperk is.

(iii) <u>Aandete</u>

Ons vind dat die aandete dieselfde patroon

volg/...

volg. Tog is dit 'n baie ligter ete.

Brood en botter kom nou weer in groot hoeveelhede voor, terwyl pap ook weer hier bedien word. Wat interessant is, is dat die pap nie nou 'n vaste patroon het soos by die ander etes nie. Alle pap word nou gemaak van mieliemeel en is óf slap-, óf stywepap, en nie soos by die ontbyt net slappap en by die middagete net stywepap nie.

Vleis word ook bedien en word afgewissel met eiers of vis. 'n Bykos wat algemeen byval vind, is mielierys. Konfyt kom ook nou meer algemeen voor saam met botter en brood. Twee-en-dertig (43.2%) verklaar dat groente ook by die aandete bedien word.

Sop word vry algemeen genoem by die aandete. Slegs een meld dat sop net in die winter bedien word met aandete. Baie maak melding van die eet van vrugte by aandete. Die vrugte wat die meeste byval vind, is lemoene en appels. Tamaties word ook baie gebruik.

Slegs een maak melding van koue vleis. Ook maak net een melding van „morogo" wat bedien word. Twee maak melding van nagereg, en daarna word die ete by almal afgesluit met koffie of tee.

g. Eetplek en eetgerei

Tabel 34

(i) Waar geëet word

| Plek | Getroudes | % | Ongetroudes | % |
|---|---|---|---|---|
| Kombuis | 30 | 50.8 | 16 | 47.1 |
| Eetkamer | 24 | 40.6 | 16 | 47.1 |
| Lapa | 5 | 8.8 | 2 | 5.8 |

Sommige/...

Sommige van bogenoemdes het aangedui dat daar in die kombuis en eetkamer geëet word. Die meerderheid van die getroudes verkies om in die kombuis te eet. Ewe veel, naamlik 16, van die ongetroudes verkies om in die eetkamer of kombuis te eet. Die lapa word ook nog aangetref as eetplek van die getroudes en ongetroudes, nl. 5 getroudes en 2 ongetroudes.

Tabel 35

(ii) Waarmee word geëet

| | Getroudes | Ongetroudes |
|---|---|---|
| Messe en vurke | 32 | 17 |
| Lepels | 35 | 21 |
| Hand | 11 | 5 |

Die verspreiding van die gebruik van eetgereedskap word duidelik in laasgenoemde tabel aangetoon. Die lepel bly by die onderwyser ook maar die mees geliefde eetgerei om te gebruik. 'n Kultuurres, nl. om net die hand te gebruik, word ook nog by die intellektuele groep aangetref. Messe en vurke word ook baie gebruik.

Tabel 36

(iii) Waarin geëet word

| | Getroudes | Ongetroudes |
|---|---|---|
| Blikborde | 7 | 3 |
| Erdeborde | 11 | 9 |
| Kleiborde. (Dit is die kleibakkies wat self gemaak word) | 4 | 2 |
| Skotteltjies | 28 | 15 |

Die grootste meerderheid van die getroudes en ongetroudes verkies om in 'n skotteltjie te eet, terwyl

klei/...

kleiborde die minste gebruik word. Erdeborde is die tweede grootste in aanvraag by beide groepe. By nadere ondersoek blyk dit dat die kleiborde afkomstig is uit die tuisgebiede. Een het gesê dat hulle dit gekoop het by 'n ou vrou wat dit maak om aan blankes te verkoop.

h. Gebruik van lekkers

Tabel 37

Hoeveel lekkers kinders eet

| | |
|---|---|
| Geen | 2 |
| Min | 14 |
| Matig | 14 |
| Baie | 11 |

Die tabel toon by benadering hoeveel lekkers kinders in die onderskeie huisgesinne eet. Slegs twee ouerpare is teë daarop dat kinders lekkers eet, omdat dit ongesond is. Die soorte lekkers wat die meeste in aanvraag is, is die volgende:

Daar word 11 soorte lekkers genoem, waarvan 9 soorte tot die goedkoper lekkers behoort, bv. toffies, kougom, stoklekkers, smarties, pienkies, ens. Onder die duurder lekkers kan genoem word vrugtelekkers, sjokolade.

Agt (12.7%) van die ouers het gesê dat die soort nie saak maak nie, solank dit net lekkers is.

i. Die fees van die eerste vrugte

Word die ou tradisionele fees van die eerste vrugte gehou as die groente in die tuin gereed is vir gebruik?

Al het 32 getroudes tuingemaak, het net nege

van/...

van die getroudes volgens hulle nog die ou gebruik beoefen, terwyl vyf van die ongetroudes dit glo ook nog gevier het. Nogtans is die fees iets buitengewoon, aangesien die fees tradisioneel nie sonder deelname van die kaptein kan geskied nie.

Sewe-en-twintig van die getroudes en negentien ongetroudes het gesê hulle hou nie meer die fees nie. Geen rede is gegee nie. Die moontlike rede is dat die kaptein nie teenwoordig kan wees nie. Die res, naamlik 14 het niks van genoemde fees geweet nie.

## C. Gevolgtrekkings in verband met voedsel

Net in twee gevalle berei die man die kos voor. Dit is egter ongetroude mans wat hulleself onderhou. By die res vind ons dat dit die vrou se plig is om die voedsel voor te berei. In twee gevalle word melding gemaak van 'n kok. Dit gee beslis status. Dit strook dus met die tradisionele opvatting, nl. dat dit die plig van die vrou is om voedsel voor te berei.

Die moderne Bantoeonderwyser se voedsel bestaan basies uit:

(i) Melk.
(ii) Vleis.
(iii) Mieliemeel (pap).
(iv) Brood. [12)]

Behalwe brood vind ons dat die ander voedselsoorte hierbo genoem korreleer met die tradisionele

voedsel-/...

12. Vergelyk Schmidt, op.cit., p.322. Schmidt het dieselfde ondervind in Klerksdorp.

voedselsoorte soos deur die tradisionele Bantoe genuttig. Dit is dus baie duidelik dat die Bantoeonderwyser bokant die broodlyn lewe. Dis veral die kleinere dinge, soos bv. konfyt, nagereg, ens., wat op Westerse invloed wys.

Omdat die huishouding aan die vrou toevertrou is, koop sy gewoonlik die voedsel. Tog vind ons in eweveel gevalle dat die man die kos koop. Die rede is dat die vrou die een is wat die geldsake van die gesin hanteer. Maar van groter belang is die feit dat man en vrou saam koop en saam beplan vir die maand. Hierin is 'n Westerse kultuurelement wat hulle oorgeneem het. Hierdie gebruik word deur 12 (27%) beoefen.

Die voedsel word meestal by Blanke besighede in Potchefstroom gekoop, alhoewel ons vind dat die Bantoewinkels en veral die kafees ondersteun word. Meeste Bantoewinkels is maar beperk met wat hulle aanbied. Daar is wel 'n paar winkels wat voldoende aanbied, maar hulle pryse kan nie met die groot Blanke kettingwinkels kompeteer nie, met die gevolg dat die Bantoe nie hulle eie sake ondersteun soos dit hoort nie.

Baie min eet nog in die lapa soos dit tradisioneel geskied het. Die meeste eet in die kombuis. Onder omstandighede moet onthou word dat almal ook nie 'n lapa by hulle huise het nie, en dan genoodsaak is om in die huis te eet. Nogtans moet onthou word dat hulle verkies om in die huis te eet en spreek die Westerse invloed hier duidelik.

Twee-en-twintig (48.6%) van die gesinne laat

die/...

die kinders saam met die ouers eet. Dit is 'n wegbreek van die tradisionele gebruik waar die kinders nie saam met hulle ouers eet nie. Dit is 'n poging om die familie-eenheid te bewaar, alhoewel dit 'n Westerse gebruik is. Dié wat die kinders nie aan tafel wou hê nie, het baie redes genoem. (Kyk na gedeelte oor: Wie saam eet.) Alhoewel die redes heeltemal Westers klink, bv. „hulle mag nie saam eet nie, want dan sit hulle in die geselskap van die grootmense," is dit tog 'n bewys dat hulle 'n ou gebruik handhaaf.

Die meeste nuttig drie maaltye per dag. Dit is 'n Westerse gebruik wat hulle oorgeneem het, aangesien tradisioneel net twee etes per dag genuttig is. Vir ontbyt gebruik hulle slappap of suurpap. Dit is 'n suiwer Tswana-gebruik. Slegs enkelinge nuttig eiers of vleis. Dit was ook Schmidt se bevinding in Klerksdorp.[13)]

Die middagete is die swaarste. Die aandete is weer ligter as die middagete. Ons vind vleis by albei hierdie etes en groente in groot hoeveelhede. Die maaltyd is heeltemal 'n Westerse maaltyd, met die uitsondering van pap wat drie keer per dag geëet word. Die middagete is eintlik die hoofmaaltyd. Pap en „morogo" is die enigste twee voedselsoorte wat ons aan die tradisionele laat dink. Selfs die kits papsoorte is suiwer Westers. Die liefde vir tamaties moet ons sien in die lig van die feit dat die Bantoe tamaties as 'n vleis beskou.[14)]

Alhoewel/...

---

13. Schmidt, J.J., op.cit., p.320.
14. Ibid., p.321. Vergelyk Schmidt, J.J., waar nie 'n uitgesoekte groep bestudeer is nie.

Alhoewel baie messe en vurke gebruik, is die lepel tog die populêrste onder die eetgerei. Ook die skotteltjie naas die bord bly baie populêr. Hier vind ons 'n aanvaarding van Westerse eetgerei, maar daardie eerste eetgereedskap waarmee hulle kennis gemaak het by die eerste aanraking met die Blanke beskou hulle nog as die mees praktiese, en daarom is hulle die meeste in aanvraag.

Die fees van die eerste vrugte word nog hier en daar aangetref en moet beskou word as 'n kultuurres. Daar is baie wat nie eers van hierdie gebruik weet nie en dit is dus duidelik dat die gebruik besig is om uit te sterf. Miskien is die beperkte grond waar daar nie geplant en gesaai kan word nie, een van die redes hiervoor. Verder moet ons onthou dat die feit dat die kaptein nie teenwoordig kan wees nie, bydra dat die gebruik al minder beoefen word en later sal uitsterf.[15)]

## II. DRANK

### A. Die tradisionele in verband met drank

Melk is 'n algemene drank wat veral as suurmelk gebruik word deur kinders. Bier is die algemene drank. Dit is bekend as utshwala (Nguni) of byalwa (Sotho). Dit word van kafferkoring gebrou. Daar is ook 'n ligter tipe bier wat bekend is as leting (Suid-Sotho) of Makewa (Nguni).

Bier/...

15. Schmidt, J.J., op.cit., p.318. Vergelyk Schmidt, J.J., oor die besondere aspek.

Bier word deur die Bantoe as 'n essensiële voedsel beskou. Dit is dan ook die eerste vereiste by alle feestelikhede, 'n aansporing tot die arbeid, die teken van gasvryheid, die geliefkoosde bydrae van onderdane aan hulle kaptein en 'n offerhande aan die geeste.[16)]

Bier is dus hulle nasionale drank. Selfs gedurende die middag word daar al gedrink, en teen die aand is daar min mans wat as sober beskou kan word. Daar is heelwat seremonies aan die drink van bier verbonde. Die regterhand van die hoof neem die bier en gooi dit in kalbasse. Die man wie se vrou die bier gestuur het, drink eerste om te toon dat dit veilig is. Daarna word die bier rond-ge-gee en elkeen drink daarvan. Die vrouens mag ook bier drink, maar het nie soveel seremonies nie.[17)]

Ook as werkpartytjies gegee word om belangrike werk af te handel, speel bier 'n groot rol.[18)]

Dit is die vrou se plig om die bier te maak.[19)]

Dit blyk uit bostaande dat die plekke waar gedrink word, die volgende is: by hulle huise of vriende se huise en by die werkplekke.

B. <u>Ontleding van gegewens ingesamel in verband met drank</u>

Negentien getroudes het verklaar dat hulle liewers van Blanke drank gebruik maak as hulle iets drink.

Sewe/...

---

16. Schapera, I., Bantu Speaking Tribes of South Africa, p.132-133.
17. Ibid., p.125.
18. Ibid., p.151.
19. Ibid., p.150.

Sewe ongetroudes het dieselfde verklaar. Die wat nie van blanke drank gebruik gemaak het nie, was soos volg versprei:

Getroudes 22 uit 45.

Ongetroudes 20 uit 29.

Die res het nie hulle mening oor die saak gelug nie.

Die volgende vraag was watter Blanke drank hulle verkies om te drink. Die verspreiding was soos volg:

Tabel 38

a. Soorte Blanke drank verkies

| | Getroudes | Ongetroudes |
|---|---|---|
| Whiskey | 2 | 1 (Vrou) |
| Jenewer | 2 | 2 |
| Bier | 11 | 5 |
| Brandewyn | 9 | 4 |
| Martel (brandewyn) | 2 | - |
| Wyn | 3 | 1 |

Uit 'n nadere ondersoek van die drinkgewoontes van die proefpersone het die volgende geblyk:

1. Dat die getroudes proporsioneel meer drink as die ongetroudes, alhoewel die ongetroudes hoofsaaklik Blanke drank verkies.

   J.D. Miles het 1,000 stedelike en 500 plattelandse Bantoe ondervra in verband met hulle drinkgewoontes en tot dieselfde slotsom geraak.[20)]

2. Die middeljarige groep drink meer as die jongeres.

   Waar Miles die ouderdomme vergelyk het, het hy ook gevind dat die middeljarige groep meer drink as die jongeres. By die middeljarige groep vind hy die/...

---

20. Miles, J.D., The drinking pattern of The Bantu in South Africa, p.162.

die „highest liquor consumption pattern, the heaviest drinking frequency pattern and the heaviest liquor expenditure pattern."[21])

3. Proporsioneel drink die vroulikes minder as die manlikes. Miles het ook die volgende gevind: „In both sample groups the men have a heavier liquor consumption pattern, a heavier drink frequency pattern and a heavier liquor expenditure pattern than the women."[22])

Uit bostaande tabel blyk dit dat die mees geliefde drank by getroudes en ongetroudes bier en sterk drank (whiskey, jenewer, brandewyn) is. Die verskeidenheid drank is ook maar beperk, al word daar dieselfde verskeidenheid aangebied as by die Blankes.

Ons vind tog, as ons na die biersaal beweeg, dat die aanhang wat die biersaal het van Bantoe-intellegentsia nie so groot is as wat aanvanklik verwag is nie. Slegs 4 getroudes en 3 ongetroudes maak gebruik van die biersaal. Vyf-en-dertig getroudes en een-en-twintig ongetroudes sê hulle besoek nie die biersaal nie.

Op 'n vraag aan dié wat wel die biersaal besoek, of hulle hulle vrouens of vriendinne saamneem, het net een getroude gesê dat hy sy vrou saamvat. Twee-en-dertig getroudes en 13 ongetroudes het gesê hulle vat niemand saam nie. (Vergelyk die getalle met dié wat nie die biersaal besoek nie.)

Dié wat wel die biersaal besoek, drink hulle drankies/...

21. Miles, J.D., op.dit., p.161.
22. Ibid., p.160-161.

drankies in die volgende plekke:

Tabel 39

b. Drinkplekke

| | Getroudes | Ongetroudes |
|---|---|---|
| Kroeg | 1 | 2 |
| Sitkamer | 6 | 7 |
| Biertuin | - | 1 |

Ons sien dus dat die sitkamer verreweg die populêrste drinklokaal van die onderwysers is.

Slegs een getroude het erken dat hulle tuis Bantoebier maak. Veertig getroudes en een-en-twintig ongetroudes ontken dat hulle Bantoebier tuis brou. Die gegewens hier sal nie betroubaar wees nie, al brou hulle bier tuis, aangesien dit deur die plaaslike owerheid verbied word.

Nie een het bevestigend geantwoord op die vraag of hulle bier wat tuis gebrou word, verkoop vir addisionele inkomste nie.

Die volgende vraag was: Wie koop die drank wat hulle tuis drink? Die volgende persone het die drank gaan koop:

(i) Die man.

(ii) Vriende van die huisgesin.

(iii) Iemand wat 'n mens kan stuur en vertrou.

(iv) 'n Neef van die familie.

(v) Een het gesê hy gaan self koop.

(vi) „Soms koop my pa of my ma vir my drank."

(vii) Enige iemand behalwe hyself.

(viii) Die vrou.

(ix)/...

(ix) Die ongetroude mans het almal gesê: „Vriende wat nie veel geleer het nie."

Om uit te vind of hulle die Westerse gewoonte aangeleer het om 'n drankie voor ete te neem, is die vraag pertinent aan hulle gestel. Die bevinding is soos volg: twaalf getroudes en een ongetroude het tuis die gewoonte om 'n drankie voor ete te neem, terwyl 24 getroudes en 21 ongetroudes nie die gewoonte het nie.

Die wat wel 'n drankie voor ete neem, het die volgende soorte drank geneem.

Tabel 40

c. Gebruik van drank voor ete: soorte

| | Getroudes | Ongetroudes |
|---|---|---|
| Wyn | 5 | - |
| Brandewyn | 1 | 1 |
| Bier | 7 | - |
| Whiskey | 1 | - |
| Bantoebier | - | 1 |

Weer eens klop die getalle nie met dié wat aanvanklik gesê het dat hulle nie 'n drankie voor ete neem nie. Daar is dus meer wat 'n drankie neem as wat aanvanklik erken het. Tog bestaan daar die moontlikheid dat meer as een van bogenoemde dranksoorte met verskillende geleenthede voor ete geneem word, bv. brandewyn of whiskey.

C. Die gevolgtrekking in verband met drank

Al het 'n aantal gesê hulle verkies net Blanke drank as hulle 'n drankie neem, het die meerderheid nog Bantoebier verkies. Die rede hiervoor is dat Blanke drank/...

drank te duur is en dat die onderwyser Bantoebier nog sien as 'n voedsel en nie net as 'n drank nie. Die proefpersone het egter nie met die hele waarheid voor 'n dag gekom nie. Hulle gebruik beslis meer drank as wat hulle voorgee. Hierdie feit word gestaaf deur drankwinkels wat beweer dat Bantoeonderwysers onder hulle beste klandisie is.

Hierdie gevolgtrekking kom ook ooreen met wat Miles gevind het toe hy die drinkpatrone volgens die onderwysstandaard vergelyk het. By die wat verder as st.V geleer het, het hy gevind: „The heaviest liquor consumption pattern and the heaviest liquor expenditure pattern." Daar word ook deur hierdie groep meer Blanke drank gebruik.[23)]

Wat die beroepe betref, het Miles gevind dat: „The drinkers in ‚status giving' occupations accordingly include a higher percentage than the expected figure of subjects who drink European liquor only, and a higher percentage than the expected figure who prefer European liquor to other types and also a heavier liquor consumption pattern."[24)]

Wat die inkomste betref het Miles gevind dat die hoogste inkomstegroep die meeste drink, die meeste aan drank uitgee, en meer dikwels as die ander drink.[25)]

As hulle die biersaal besoek, is die sitkamer

die/...

---

23. Miles, J.D., op.cit., p.162.
24. Ibid., p.163.
25. Ibid., p.162-163.

die populêrste plek. Dit bevorder status deur afsondering en bediening.

Baie koop drank en drink tuis. Hulle beskou dit as 'n skande om self te gaan koop in die drankwinkel. Dit kan hulle status en aansien in die gemeenskap benadeel. Daarom stuur hulle liewers iemand om dit vir hulle te gaan koop, bv. ongeletterde kennisse.

Hulle is ook reeds besig om soos die Blanke 'n eetluswekkertjie voor ete te neem. In hulle oë is dit ook 'n prestigesimbool. Bier word die meeste voor ete gebruik. Slegs 5 neem soos die Westerling 'n kelkie wyn voor ete.[26)]

## III. KLEDINGGEWOONTES

### A. Die tradisionele in verband met die kledinggewoontes

Beesvelle en wildsvelle is gebruik om klere van te maak.[27)] Die tradisionele kleredrag wissel natuurlik volgens geslag, ouderdom en rang. Die vrouens dra gewoonlik voorskote of rokke wat voor en agter afhang. Die Nguni-vrouens het 'n kledingstuk wat hulle onder die arms oor die borste dra. Maar in baie groepe is die bo-liggaam nakend. In koue weer is 'n mantel van sagte vel gedra.

Kinders is met abbavelle op die rug gedra. Die kinders loop gewoonlik nakend rond, behalwe soms met

'n/...

---

26. Vergelyk Schmidt, J.J., Stamverbondenheid van 'n stedelike Bantoegroep vir die gebruik van bjalwa, p.329.
27. Schapera, I., Bantu Speaking Tribes of South Africa, p.137.

'n string krale om die lyf. Jong dogters dra velletjies, kraalwerk om hulle skaamdele te bedek. Ouer dogters dra dieselfde, maar net wat hang tot by die knieë. Gedurende die inisiasieseremonies dra die meisies rokke van plantvesel.[28)]

Die mans dra niks meer as 'n penisdekking van kalbas nie of 'n palmblaar wat die geslagsklier bedek. Sommige mans dra ook velvoorskote voor en agter. Die Sotho en Venda dra 'n stertriem.

Die groter seuns dra dieselfde drag as die mans, terwyl die kleintjies 'n velletjie dra. Gedurende die inisiasie dra die seuns soms rokke wat geheel en al van plantvesel gemaak is.

Albei geslagte dra sandale van beesvel.[29)]

Die ornamente wat die vroue dra, is van krale en draad waarvan daar soms heelwat om die nek en om die enkels gehang is. Krale is verwerk in kopbande, halssnoere, borsornamente, middelbande, ens. Daar is ook verskillende kleure.

Die mans is gewoonlik tevrede met draadringe om die gewrigte en enkels. In sommige gevalle versier jong mans hulle met krale as hulle gaan vry.[30)]

B. <u>Ontleding van gegewens ingesamel in verband met kledinggewoontes</u>

a. <u>Inleidend</u>

Die Bantoe dra nie meer die tradisionele drag

nie/...

---

28. Schapera, I., op.cit., p.142-143.
29. Ibid., p.143. Vergelyk Schmidt, J.J., op.cit., p.334.
30. Ibid., p.143-144.

nie en wel om die volgende redes:

(i) Die tradisionele word nie in die werkkring toegelaat nie.

(ii) Dit word nie as fatsoenlik beskou nie.

Daarom is die tradisionele drag nie beskikbaar nie, en dra hulle dus uitsluitlik klere van Westerse patroon. Die gehalte van die klere het egter by die onderwysers 'n statussimbool geword, soos blyk uit die volgende.

b. Die maak van klere deur die vrou

Op die vraag of die vrouens klere maak, het 26 getroude vroue gesê dat hulle klere vir die gesin maak. Dertien ongetroude vroue maak hulle eie klere.

Hier volg nou 'n lys van klere wat die vroue vir die verskillende lede van hulle gesin maak:

(i) Man

Ons vind dat die klere wat vir die man gemaak word, hoofsaaklik artikels is wat gebrei word, bv. truie, sokkies en handskoene. Hemde en nagklere is die enigste ander klere wat hulle vir die man maak. Hulle herstel ook die man se klere.

(ii) Vrou

Die vrou brei ook vir haarself, en verder maak sy die volgende klere:

1. Rompe.
2. Bloese.
3. Rokke.
4. Voorskote.

Slegs/...

Slegs een maak melding van 'n baadjiepak wat sy vir haarself gemaak het. Sommiges maak ook vir hulle onderklere.

(iii) Seuns

Vir die seun word die volgende gemaak:

1. Nagklere.
2. Hemde.
3. Broeke.
4. Gebreide artikels.

(iv) Dogters

Vir hulle word gebreide artikels gemaak en verder

1. Rokke.
2. Bloese en rompe.
3. Voorskote.
4. Nagklere.
5. Onderklere.

c. Koopplekke en soorte klere

(i) Man

Die mans koop hulle klere veral by die mansuitrusters. Hierdie klere word hoofsaaklik in Potchefstroom gekoop, maar ook soms in Johannesburg. Slegs twee het klere by Indiërs gekoop.

Die volgende is artikels wat mans koop:

1. Pakke klere.
2. Baadjies.
3. Broeke.
4. Hemde.

5/...

5. Kouse.
6. Skoene.
7. Dasse.
8. Onderklere.
9. Sakdoeke.
10. Truie.

Slegs twee maak melding van jasse wat hulle gekoop het.

(ii) Vrou

Die vroue koop hulle klere hoofsaaklik by vroueuitrusters en by algemene handelaars wat nie suiwer as damesuitrusters geklassifiseer kan word nie. Klere wat die vrouens koop, is die volgende:

1. Rokke.
2. Bloese en rompe.
3. Baadjiepakke.
4. Kouse (nylon).
5. Skoene.
6. Hoede.
7. Truie.
8. Jasse.
9. Handskoene en handsakke.
10. Juwele.
11. Onderklere.

(iii) Seuns

Klere van die seuns wat nie gemaak word nie, word gekoop by mansuitrusters en algemene handelaars (o.a. kettingwinkels).

Die/...

Die klere wat gekoop word, is die volgende:

1. Pakke klere.
2. Hemde.
3. Broeke.
4. Kouse.
5. Skoene.
6. Baadjies.
7. Truie.
8. Jasse.
9. Hoede.
10. Skooluniforms.
11. Onderklere.

(iv) Dogters

Die klere van die dogters word hoofsaaklik gekoop by vroueuitrusters en algemene handelaars (o.a. kettingwinkels) en ook by algemene klerasiewinkels. Klere wat vir dogters gekoop word, is die volgende:

1. Rokke.
2. Bloese en rompe.
3. Skoene.
4. Kouse.
5. Truie.
6. Jasse.
7. Skooluniforms.
8. Voorskote.
9. Onderklere.

d. Die dra van hoede deur die mans

Negentien mans dra gereeld 'n hoed en die soorte/...

soorte hoede wat hulle dra, is die volgende:

1. Kameelhaar (kon nie die naam gee nie).
2. Royal Stetson.
3. Woodrobe.
4. Crosby.
5. Battersby.
6. Masout.
7. Schotts.

### C. Gevolgtrekkings in verband met kledinggewoontes

Wat die aankoop van klere betref, vind ons dat mans- en vroueuitrusters besoek word. Die plekke waar hulle koop, is die modernste en duurste in Potchefstroom. Die feit dat hulle hier koop, het ook met status en prestige te doen. Wat minder duursame klere betref, wend hulle hulle ook na die Blanke winkels. Nêrens is gevind dat hulle enige kledingstuk by hulle eie handelaars koop nie.[31)]

Ons kan aanneem dat hulle eie winkels goedere vir die massa voorsien en die massas se aanvraag vir duursame duur klere is gering. Maar in 'n artikel in "Die Vaderland"[32)] word beweer dat dit net die ,rou' Bantoe is wat spoggerige goedkoop klere koop. Ons kan met sekerte aanvaar dat hierdie soort ,rou' Bantoe skaars is in die stede.

Die posisie kan soos volg verklaar word: Ons vind/...

---

31. Vergelyk Schmidt, J.J., op.cit., oor kleredrag van onderwysers en klerke, p.335, e.v.
32. Die Vaderland, Woensdag, 4 Augustus 1965, p.11.

vind dat dit nie 'n gebrek aan smaak by die nie-professionele Bantoe is nie, maar eerder dat hulle eie winkels nie die kapitaal het om hulle van duursame klerasie te voorsien nie. Hulle ondernemings is dus daarop aangewys om die noodsaaklike lewensmiddele te voorsien waarop die wins klein is. 'n Ander rede is omdat die afset vir hierdie soort klerasie beperk is. Dit sal dus lank neem voor hulle die duursame klerasie kan aanbied.

Die bewering in die genoemde artikel uit "Die Vaderland", nl. dat uit elke 10 hoede wat verkoop word, 8 deur die Bantoe gekoop word, kan onderskryf word.[33) 'n Studie van die hoede van die Bantoeonderwysers toon dat dit die beste en duurste tipe hoede is wat hulle koop.

Wat kleredrag betref het hierdie groep onderwysers dus heeltemal verwesters.[34)

HOOFSTUK/...

---

33. Die Vaderland, 4 Augustus 1965, p.11.
34. Schmidt, J.J., op.cit., p.337.

# HOOFSTUK VI

# HOOFSTUK VI

## SOSIALE LEWE: OPVOEDING, ONTSPANNING, KERK EN ANDER ORGANISASIES; BESPARING EN VERSEKERING

## I. OPVOEDING

### A. Die tradisionele in verband met opvoeding

#### a. Dissipline

Die opvoedingsproses verloop nie sonder dissipline en selfs lyfstraf nie. Spot, beskaming, raas, bedreiging met skrikwekkende monsters sowel as prys en aanmoediging word oral as dissiplinerende faktore aangetref. Soms val die onus om te dissiplineer meer op die ouer kinders as op die ouers.[1)]

Die opvoedingsproses kan in twee verdeel word nl. informele opvoeding en formele opvoeding.

#### b. Informele opvoeding

By die afwesigheid van professionele opvoedkundiges val die verantwoordelikheid op die skouers van natuurlike en spontane lewensgroepe. So speel die huisgesin 'n vername rol: ouers, ouer broers en susters. Ander verwante en die spel- en leeftydsgroepe speel ook 'n belangrike rol.[2)]

Afgesien van die werk wat die groepe moet verrig, word die tyd deurgebring met allerlei spele wat, behalwe/...

1. Coertze, P.J., Inleiding tot die Algemene Volkekunde, p.129.
2. Ibid., p.130.

halwe vermaaklikheid allerlei leersame, vormende en vaardigheid elemente bevat.[3]

Die Bantoekind leer deur te doen en na te boots. 'n Seun neem waar hoe sy vader hout kap, 'n deur insit ens., totdat hy later self in staat is om dit te doen. Die dogter help haar moeder om matte te weef en om ander dinge te doen, totdat sy self in staat is om dit te doen.

Die raaisels en volksverhalwe wat in die donker aande oorgedra word, gee volle speling aan die verbeelding, maar lê ook die waardes en morele idees van die gemeenskap vas. Want in werklikheid leer die kind die inhoud van sy stam se kultuur in sy materiële, sosiale en geestelike elemente.[4]

c. Formele opvoeding

Die formele opvoedingsinstellinge is hoofsaaklik beperk tot die inisiasieskole. „Die afsondering, onthouding, gehardheidstoetse en gepaardgaande ontbering, formules en liedere, seksonderrig, seremoniële en gemaskerde danse, geheime taal en geheimhouding, ongemak en besnydenis, subinsisie, honger en harde werk het, afgesien van die kennis van die seremoniële en rituele, ook en veral die opvoedkundige betekenis van strenge dissiplinering."[5]

Daar/...

3. Coertze, P.J., op.cit., p.131.
4. Schapera, I., The Bantu-speaking tribes of South Africa, p.98-99; Schmidt, J.J., Stamverbondenheid van 'n stedelike Bantoegemeenskap, p.140-151; Coertze, P.J., op.cit., p.130, 134.
5. Coertze, P.J., op.cit., p.137.

Daar is by sommiges, soos die Venda, skole voor die puberteitstadium. Hulle word genoem die Thondo-skole.[6)]

Die opvoedkundige belang van die puberteit-seremonies lê egter nie so erg in wat hulle geleer het nie, maar in die aard van die hele seremonie wat bedoel is om die individu te laat besef dat hy nou nie meer 'n kind is nie.

Die Bogvera is 'n seremonie wat na die besnydenis uitgevoer word. Hier word die seuns, onder andere, hulle „wette" geleer en veral gedragsreëls vir die huwelikslewe. Vir meisies is daar die Byale-seremonie waar seksvoorligting 'n belangrike rol speel.[7)]

Alhoewel hierdie skole vir ons vreemd is, is elke skool tog 'n voorbereiding vir 'n nuwe stap in die lewe van die individu. Wat beklemtoon word, is die dinge wat die Bantoe as waardevol in die lewe beskou, nl. die vermoë om kinders te hê, moed en uithouvermoë in die werk van die lewe. Hulle leer ook om die kaptein en die stamgewoontes te eer, respek te hê vir ouer mense, om die dinge wat vir die gemeenskap waarde het te waardeer, asook ander stamgebruike, veral dié wat met seks te doen het. Die skole is eintlik rituele gebruike. Veral word dinge geleer deur middel van liedere. Die onderwys is selde direk en gewoonlik simbolies. Veral deur die formules word sekere goeie lewensbeginsels geleer. Hierdie Bantoe-

skole/...

---

6. Schapera, I., op.cit., p.99, Married life in an African Tribe, p.255. Vergelyk verder: Hunter, M., Reaction to Conquest, p.156; Ashton, H., The Basuto, p.46 e.v.
7. Schapera, I., The Bantu-speaking Tribes of South Africa. p.103-105.

skole behaal tog sukses met die daarstelling van gehoorsaamheid, dissipline en goeie gedrag.[8)]

B. Analise van gegewens ingesamel in verband met opvoeding

a. Dissipline

Aangesien die gesin verantwoordelik is vir tug, is die proefpersone gevra wie die hoof van die gesin is en wie verantwoordelik is vir die tugtiging van die jongeres. Die volgende is 'n analise van die antwoorde.

In slegs 3 gevalle is die vrou as hoof van die huisgesin vermeld. Een van hierdie is waar 'n weduwee die kinders alleen moet opvoed. Die ander twee is ongetroude vroue. Die rede vir hulle antwoorde is dat die vrou die een is met wie die kinders die meeste in aanraking kom, en sy is buitendien ook die hoof van die huishouding.

Slegs in een ander geval word vermeld dat die vrou en man saam beplan en is hulle die gesamentlike hoof van die huisgesin. Die res het almal gesê die man is die hoof van die huisgesin.

Slegs by een huisgesin is dit die reël dat die vader die kinders tug tot hulle sesde jaar. By nege is dit die gebruik dat die pa en/of ma die kinders tug. By die res is dit die vrou se plig om die kinders te tug tot hulle sesde jaar.

Net een ongetroude sê dat dit die man se plig is en een dat dit die man en vrou se gesamentlike plig

is/...

---

8. Coertze, P.J., op. cit., p.133. Schapera, I., op.cit., p.106-107.

is. Die res van die ongetroudes is dit eens dat dit die vrou se plig is.

Tug na die sesde jaar word deur die man toegepas, behalwe in 17 gevalle waar dit as die plig van die moeder en vader gesamentlik beskou word. Net 3 reken dat tug na die sesde jaar nog die plig van die vrou is.

Vyf-en-twintig getroudes het gesê dat die ouer kinders wel die jongeres kan tug, veral in die afwesigheid van die ouers. Die res was daarteen en het gesê dat die opvoeding van die kinders altyd die plig van die ouers is, en dit kan nie afgeskuif word op die skouers van die kinders nie. Tog vind ons dat 9 ongetroudes eendag hulle ouere kinders die reg sal gee om die jongeres te tug.

b. Informele opvoeding

Die familie speel 'n rol in die informele opvoeding van die kinders, maar nie in so 'n mate as in die tradisionele nie. Albei ouers werk baie keer en dit verminder die moeder se rol. Haar rol word in baie gevalle vervang deur speelmaats.

Spel speel nog 'n vername rol, maar wat die kinders hierdeur leer, is baie informeel. Dit is meer 'n aangename tydverdryf en dra die kenmerke van speletjies wat van die skool af oorwaai.

Verhale speel nog 'n rol maar dit is uiters selde dat dit volksverhale of prysliedere is. Verhale uit die sprokieswêreld speel veral 'n rol.

Leer deur nabootsing van wat die ouers doen, bestaan feitlik nie meer nie. Die naaste wat die kinders

daaraan/...

daaraan kom is om te speel dat hulle grootmense is en dan teenoor mekaar optree soos vader en moeder blykbaar sou optree.

Die jongeres leer wel in 'n mate van die oueres wat reeds op skool is. Maar dit geskied nie sistematies nie.

c. Formele opvoeding

Formele opvoeding kry die kinders in die skole. Hierdie skole verskil heeltemal van die inisiasieskole wat metode en inhoud betref. Dit is heeltemal Westerse skole, en die kursusse wat aangebied word, verskil min van dié van skole vir Blankes.

Vanaf sub A. tot aan die einde van st.II besoek die kinders die laer primêre skole. Hier leer hulle lees, skryf en syferkunde. Ook neem hulle 'n paar vormende vakke soos Omgewingsleer, Gesondheidsleer. Vanaf die begin neem hulle hulle moedertaal en die eerste amptelike taal. (watter taal dit is, hang af van die omgewing), en voor die einde van die eerste jaar maak hulle reeds kennis met die tweede amptelike taal.

Die moedertaal is die voertaal.

Vanaf st. III tot die einde van st. VI besoek die kinders die hoër primêre skole. Hulle gaan dan aan met die drie tale, Rekene en die vormende vakke. Omgewingsleer word Sosiale Studie, wat om die helfte bestaan uit Aardrykskunde en Geskiedenis.

Die voertaal is ook hier die moedertaal.

Aan die einde van st. II word 'n publieke

eksamen/...

eksamen in die hoofvakke, nl. tale en Rekene afgelê in elke inspeksiekring. Aan die einde van st. VI is daar 'n algemene publieke eksamen. Diegene wat in die eerste en tweede klas slaag, kry 'n voortsettingsertifikaat, met ander woorde, hulle mag na 'n sekondêre skool gaan. Die wat in die 3de klas slaag, kry 'n skooleindsertifikaat en moet die skool verlaat.

Aangesien st. VI in Bantoeskole beskou word as gelykstaande aan st. V in Blanke skole, moet die Bantoekind 3 jaar op sekondêre skool wees voordat hy vir die Junior Sertifikaat mag inskryf. Hierdie drie jaar is bekend as vorm I, II en III.

Die Junior sertifikaat word deur Bantoe-onderwys afgeneem, maar is gelykstaande aan die Junior Sertifikaat wat die Blanke skole aanbied.

In die sekondêre skool word die helfte van die algemene vakke deur medium van Engels aangebied en die ander helfte deur Afrikaans.[9)]

Ook word daar voldoende aandag aan buitemuurse aktiwiteite gegee, en kan ons die opvoedkundige waarde van die buitemuurse aktiwiteite nie oorskat nie. Buitemuurse aktiwiteite behels die volgende: sang (koorkompetisies), debatte, atletiek, voetbal (sokker) korfbal, tennis en konserte.

C. Gevolgtrekkings in verband met die Opvoeding

Ons vind dat die patriargale inslag van die Bantoe nog aan die orde van die dag is. Die man bly die/...

9. Sien bylae II vir die leerplanne wat die verskillende skole aanbied.

die hoof van die huisgesin. Slegs waar daar 'n weduwee of 'n geskeide is, vind ons dat die vrou die hoof is. Die vrou tug die kinders hoofsaaklik tot hulle sesde jaar, en daarna is dit die man se plig. Wat van belang is, is dat daar van hulle is wat die tug, veral na ses, sien as die plig van man en vrou. Dit is dus 'n teken dat vader en moeder saam opvoed, en dit nie die plig van die een of die ander een alleen is nie.

Ouer kinders mag ook die jongeres tug, maar slegs in afwesigheid van die ouers.

Die gewone onderwys word deur die inwoners van Langa aanvaar, maar hulle kan hulle nog nie losskeur van die inisiasieskool nie. „Attendance at school is generally accepted by townsmen as proper and necessary for children, but it is still felt by the majority that some form of the traditional initiation for boys is essential <u>in addition</u>." Daar is egter nie 'n lang periode van afsondering nie. Die klem val op die fisiese operasie en sekere meegaande rituele dade. Verder is daar nog baie ooreenkoms met die tradisionele.[10)]

Onder die proefpersone in Potchefstroom is geen invloed van die inisiasieskool opgemerk nie, alhoewel hulle ook die onderwys aanvaar het.

II/...

---

10. Wilson, M., Langa, p.105.

## II. ONTSPANNING: SPORT, SANG EN MUSIEK, DANS, LEES, TUINMAAK

### A. Die tradisionele in verband met ontspanning

#### a. Sport

In die stamkultuur van die Wes- en Suid-Sotho, Zoeloe en Xhoza word 'n verskeidenheid spele en ander vorme van vermaak aangetref wat uit gewoonte beoefen word. In die stamlewe het dit 'n sterk opvoedkundige strekking. Daar is 'n sterk nabootsingselement. Dit kan beskou word as 'n weergawe van die volwasse lewe.[11)]

Die vryetydsbesteding van die volwasse lede van die samelewing bestaan hoofsaaklik uit sosiale aktiwiteite, soos bierpartye, dans en sang. In die ou dae het jag ook 'n belangrike rol gespeel. Mans speel onder al die Bantoevolke 'n spel met 'n bord en klippies of harde saad. Die speelbord het gaatjies in en word volgens vasgestelde reëls gespeel. Vrouens speel klip-klippie. Daar is 'n gaatjie binne 'n sirkel en hulle speel met klippies.[12)]

In die stam word speletjies gevind wat seuns en dogters afsonderlik volgens geslag of gesamentlik speel. In die speletjies van die jeug kan drie groepe onderskei word: onskuldige kinderspeletjies wat heeltemal informeel van aard is; speletjies wat formeel van aard is met die opvoedkundige strekking van 'n voorbereiding vir die/...

---

11. Coertze, P.J., op.cit., p.135.
12. Bruwer, J.P., Die Bantoe van Suid-Afrika, p.164-165.

die volwasse lewe en speletjies waar die seuns veral hulle andersoortigheid openbaar en wat ook vaardigheid-speletjies insluit.[13)]

b. Sang en musiek

Die liedere wat deur die stambantoe gesing word, inspireer tot hoë ideale en dapper dade, maar dit brandmerk en beskerm ook die lafaards en weerhou die skurk van bose dade. Veral die satiriese lied is 'n kragtige faktor om gedrag te beïnvloed. Die inhalige, die dief, die lafaard en owerspeler word die onderwerp van die liedere, terwyl die loflied op die held en die deugdelikhede nie alleen die volwassene kan beïnvloed nie, maar aan die kinders morele standaarde en lewensideale kan voorhou.[14)]

Die liedere vorm gewoonlik 'n integrale deel van rituele plegtighede, soos reënseremonies, sowel as van sosiale aangeleenthede, soos inisiasie- en huwelik-seremonies. Sang word ook beoefen gedurende sosiale funksies soos bierpartye. Onder die indiwiduele liedere val ook die prysliedere, wat gewoonlik deur die opperhoof se sanger gekomponeer en voorgedra word.

Gesamentlike sang speel 'n belangrike rol by die Bantoe. Dans- en bierpartye, huweliksgeleenthede, begrafnisseremonies, baie rituele plegtighede bied geleentheid aan die Bantoe om hulle sangkuns gesamentlik te beoefen. Herhaling is 'n kenmerkende eienskap van Bantoesang.[15)]

Die/...

13. Schmidt, J.J., op.cit., p.168.
14. Coertze, P.J., op.cit., p.136.
15. Bruwer, J.P., op.cit., p.162-163.

Die Bantoe is groot liefhebbers van musiek. Dit is 'n onmiskenbare item in sosiale tydsbesteding soos danse en bierpartye, maar dit vorm ook 'n deel van rituele en sosiale seremonies.

Die Bantoe het 'n betreklike groot verskeidenheid musiekinstrumente soos tromme of tamboere, rammelaars, snaarinstrumente, fluite en blaashorings.

(i) Tromme

Dit kom vry algemeen onder die Bantoe voor, alhoewel die Nguni blykbaar oorspronklik in die plek hiervan die harde leerskild gebruik het en wapens daarop geslaan het.

(ii) Rammelaars

Dit word veral gebruik gedurende dansseremonies om die ritmiese geluide vir die verskillende danspassies aan te vul.

(iii) Snaarinstrumente

Die Bantoe maak gebruik van 'n groot verskeidenheid snaarinstrumente waarvan daar nie minder as 8 verskillende tipes bestaan nie. Almal het uit die boog ontwikkel. Hierdie instrumente word oorwegend indiwidueel bespeel.

(iv) Fluite en blaasinstrumente

Die gewone enkelfluit word vervaardig van horings, bene en riete. Die enigste blaasinstrument wat in die vorm van 'n trompet gebruik word, is die blaashoring/...

horing of beuel.[16)]

c. Dans

Die Bantoe se volksdanse bestaan uit twee tipes. Sommige danse vind plaas gedurende sosiale geleenthede, terwyl ander weer suiwer ritueel is. Ritme en voetbeweging kenmerk hierdie danse. Daar bestaan dan ook baie min sosiale plegtighede wat nie in een of ander stadium deur dans aangevul word nie. Danse wat gedurende minder ernstige geleenthede beoefen word, openbaar die kenmerke van gewone volkspele.[17)]

d. Lees

Alhoewel die stam-bantoe nie bekend was met die geskrewe woord nie, en dus nie lees as 'n vorm van ontspanning beoefen het nie, het die mondelinge oordrag van volksverhale, legendes en fabels 'n eie waarde. Die kinders hoor dit en kry 'n indruk van die moraliserende betekenis daarvan.[18)]

Onder hierdie volksvertellings is verhale uit die volksverlede wat soms baie ver teruggaan. Veral helde word vereer. Daar is ook baie vertellings waarin die verbeelding vrye teuels gegee word. Die mitologiese verhale vertel van gode, demigode en natuurverskynsels.

Die enigste moontlike skrif wat daar bestaan het, vind ons in die simboliese rangskikking van krale wat/...

---

16. Bruwer, J.P., op.cit., p.158-162.
17. Ibid., p.163.
18. Coertze, P.J., op.cit., p.136.

wat gedra is, ook bekend as minnebriewe.[19]

e. Tuinmaak

Die landboubedryf is 'n belangrike bestaansbron in alle Bantoesamelewings. Die vrou speel in hierdie bedryf die grootste rol, alhoewel sy in 'n meerdere of mindere mate ook deur haar man en kinders bygestaan word. Die handpik word op die landerye gebruik. Dit bestaan uit 'n breë ysterlem wat van 'n houtsteel voorsien is.

Elke Bantoegesin begeer om 'n stukkie bewerkbare grond te besit, alhoewel hulle nie indiwidueel besitreg daarop het nie. Dit bly stamgronde, alhoewel dit in normale omstandighede onvervreembaar is. Hierdie vorm van grondbesit noem ons kommuniale grondbesit.

Nuwe landerye word gewoonlik deur die man skoongemaak, en dele wat onvrugbaar word, word laat lê. Fyntuine word soms omhein.

Mielies en kafferkoring is die vernaamste gewasse. Ook word boontjies, grondboontjies, waatlemoene, pampoene, suikerriet, ens., verbou.

Produkte mag egter nie gebruik word alvorens die kaptein die oesperiode seremonieel ingelui het nie. Die produkte word behoorlik weggebêre. Om sukses te verseker word van magiese middels en rituele seremonies gebruik gemaak. Die Fees van die Eerste Vrugte is een van/...

19. Bruwer, J.P., op.cit., p.156 e.v. Vergelyk verder Schapera, I., op.cit., p.292 e.v.

van die treffendste seremonies.[20]

B. <u>Ontleding van gegewens ingesamel in verband met ontspanning</u>

a. <u>Sport</u>

Die sport waaraan die verskillende lede van die huisgesin deelneem, is die volgende:

(i) <u>Vader</u>

| | | |
|---|---|---|
| a. Tennis | - | 30 |
| b. Sokker | - | 19 |
| c. Gholf | - | 6 |
| d. Kaartspel | - | 6 |
| e. Dambord | - | 2 |
| f. Atletiek | - | 1 |
| g. Boks | - | 1 |
| h. Judo en karate | - | 1 |

(ii) <u>Vrou</u>

| | | |
|---|---|---|
| a. Tennis | - | 36 |
| b. Korfbal | - | 5 |
| c. Kaartspel | - | 4 |
| d. Gholf | - | 1 |
| e. Sagtebal | - | 1 |
| f. Judo en karate | - | 1 |
| g. Tafeltennis | - | 1 |

(iii)/...

20. Bruwer, J.P., op.cit., p.113-115. Vergelyk in hierdie verband ook Schapera, I., op.cit., p.134-137.

(iii) Seuns

a. Sokker - 24
b. Atletiek - 17
c. Tennis - 3
d. Boks - 1
e. Rugby - 1
f. Judo en karate - 1
g. Krieket - 1

(iv) Dogters

a. Korfbal - 21
b. Atletiek - 19
c. Tennis - 9
d. Judo en karate - 1

Die populêrste van die sportsoorte onder die proefpersone is tennis (albei geslagte), sokker en korfbal by die onderskeie geslagte, en atletiek. 'n Hele paar speel gholf, terwyl die ander sportsoorte maar minimaal verteenwoordig word.

Sport in die skole is natuurlik nie net ontspanning nie, maar ook 'n leermiddel. So is daar sokker, netbal, interskoolse atletiekkompetisies, skoolkore en koorkompetisies.

b. Sang en musiek

Sang as 'n ontspanningsmiddel is baie populêr by die Bantoe onderwyser. Sewe-en-dertig van die getroudes en 24 van die ongetroudes sing vir ontspanning.

Waar daar 'n huisgesin is wat sing, is die

gebruik/...

gebruik soms om saam te sing. Slegs in enkele gevalle sing die man alleen. Op die vraag of sanglesse geneem word om die sang te verbeter, het 9 getroudes en 4 ongetroudes bevestigend geantwoord.

Die enigste lesse wat geneem word, as dit formele sanglesse genoem kan word, is op skool waar daar 1 periode per week aan formele sanglesse bestee word, en in die kerk waar kerkkore afgerig word. Dit is 'n klagte by die twee wat graag sanglesse wil neem dat hier in Potchefstroom vir hulle geen fasiliteite is vir sangonderrig nie.

Op die vraag waarom meer fasiliteite vir sangonderrig benodig word, is die antwoorde soos volg:

1. Alleen deur onderrig kan sang van hoogstaande gehalte gelewer word.
2. Alleen deur die sing van goeie liedere kan goeie smaak vir musiek bevorder word.
3. Sanglesse kan ook help om die standaard van kerkmusiek te verbeter.

Op die vraag na formele lesse in verband met die bespeling van musiekinstrumente is soos volg geantwoord:

Slegs 5 getroudes en 5 ongetroudes neem formele musieklesse. Weer eens was daar die klagte dat daar geen fasiliteite is nie. Slegs een onderwyser het self onderrig gegee in die speel van die fluit. Die beperkte fasiliteite wat hier is, is dan ook so duur dat baie wat graag nog les wou neem, dit nie kan bekostig nie. Die wat wel les neem, neem dit dan ook maar net periodiek

en/...

en wel in Johannesburg as hulle daar op besoek is.

Tabel 41

Instrumente wat bespeel word

| Soort instrument | Man | Vrou | Kinders |
|---|---|---|---|
| Ghitaar | 1 | - | - |
| Orrel | 4 | 4 | 2 |
| Fluit | 1 | - | 2 |
| Trompet | 1 | - | - |
| Klavier | 4 | - | 2 |

Uit bostaande tabel blyk dit duidelik dat die verskeidenheid instrumente en die aantal persone wat dit bespeel, min is. Dit is opmerklik dat in vergelyking met die res die orrel en die klavier besonder gewild is.

c. Dans

Op die vraag of daar gedans word, was die antwoorde soos volg: tien getroudes en 12 ongetroudes dans gereeld. By die getroudes vind ons dat die man en vrou gereeld dans en dat die kinders, as hulle oud of groot genoeg is om te dans, die dans met die ouers meemaak. Ons vind dat op die volgende plekke gedans word:

1. Tuis op die maat van musiek oor die radio.
2. In die gemeenskapsaal as daar 'n dans is.
3. By partytjies en troues word ook gereeld gedans.

Enkele van die ongetroudes gaan soms Saterdagaande in Johannesburg dans omdat die danse van Potchefstroom te „droog" is om te geniet.

Die volgende is die onderwysers se geliefkoosde danse:

1/...

1. Tango.
2. Jakkalsdraf.
3. „Quickstep".
4. Twist.
5. Wals.
6. Vastrap.
7. „Jive".
8. „Ballroom-dancing".
9. Een leer homself ook balletdanse tuis.

Die populêrste danse is:

a. „Jive".
b. „Quickstep".
c. „Tango".
d. „Ballroom-dancing".

Vyf getroude pare en 6 ongetroudes neem danslesse. By die getroudes gaan die man en vrou gewoonlik saam danslesse neem en kom dan die kinders tuis leer.

Sommiges leer nuwe passies by kuiergaste. Verder word daar lesse in die ontspanningsaal geneem en by die sosiale sentrum in Johannesburg.

Weer eens vind ons die klagte dat hier bykans geen fasiliteite is om enige danslesse formeel te neem nie.

d. <u>Lees</u>

Lees as ontspanningsaktiwiteit is baie populêr by die onderwysers. Veertig van die getroudes lees dan ook vir ontspanning. Die man, vrou en kinders lees

almal/...

almal.

Ook die ongetroudes lees graag. Ses-en-twintig van hulle het onomwonde verklaar dat hulle graag lees. In die volgende tabel sal aangetoon word wat hulle graag lees. Ook word onderskei tussen Tswana, Engelse en Afrikaanse leesstof wat deur hulle gehanteer word.

Tabel 42

Tydskrifte, boeke en koerante wat die onderwysers lees

| Afrikaans | | Engels | | Tswana | |
|---|---|---|---|---|---|
| Tydskrifte en Koerante | Boeke | Tydskrifte en Koerante | Boeke | Tydskrifte en Koerante | Boeke |
| Vaderland | Bybel | World | Shakespeare | Wamba | |
| Huisgenoot | Opvoedkundige boeke | Star | Readers Digest | Bona | |
| Transvaler | Etiket | Drum | Prisoner of Zenda | Utlwang | |
| Rooi Rose | Romans | City Post | Ideal Marriage | Nalidi | |
| Kyk | Outobiografie | Zonk | Charles Dickens | Motsawalle | |
| Harold | Stories uit die Klassieke en Geskiedenis | Times | Poetry book | | |
| Brandwag | As die galg dreig | Comics | Ben Hur | | |
| Optima | Leeus van Magoeba | The World | Treasure Island | | |
| Sarie Marais | Mof en sy mense | Mail | They who never return | | |
| Taalgenoot | | Femina | Edgar Wallace | | |
| Bantoe-Onderwysblad | | Personality | Peter Cheney | | |
| | | My Fair Lady | Pride & Prejudice | | |
| | | Women's Weekly | Oliver Twist | | |
| | | Womens Journal | | | |
| | | True Africa | | | |
| | | Grace | | | |
| | | Life | | | |

Uit bostaande tabel blyk dit duidelik wat die Bantoe die graagste lees. In baie gevalle word slegs die skrywer van die boek genoem. In beide Afrikaans en Engels word melding gemaak van poësie wat graag gelees word. Die soort boeke wat hulle die meeste van hou, is fiksie en ontspanningslektuur. Ons besef dat die Bantoe se literatuurlys nog nie baie groot is nie; nogtans vind ons dat dit ver van uitgeput is as ons die lys aanskou.

Wat leesfasiliteite betref, kan die onderwysers gebruik maak van die openbare biblioteek in Ikageng. Ná Johannesburg spog die dorp met die beste biblioteek in Transvaal. Die biblioteek beskik oor die dienste van 'n voltyds-gekwalifiseerde bibliotekaris en is goedgekeur deur die Provinsiale Biblioteekdiens, wat ook die grootste leweransier van boeke aan die biblioteek is. Die interbiblioteekleningstelsel is in gebruik. Die gebou is volgens provinsiale standaarde opgerig. Daar is tans oor die 3,000 lede. Die meeste van die onderwysers is lede van die biblioteek en neem gereeld boeke uit.

e. <u>Tuinmaak</u>

Op die vraag of hulle tuinmaak vir ontspanning het hulle soos volg geantwoord:

Sewe-en-dertig getroudes en 17 ongetroudes het gesê dat hulle tuinmaak vir ontspanning.

Almal plant blomme en groente in hulle tuine. Nie veel het gesê watter soort blomme hulle in hulle

tuine plant nie. Enkeles het die volgende genoem:

1. Grasperke.
2. Struike.
3. Dahlias.
4. Namakwalandse madeliefies.
5. Leeubekkies.
6. Lelies.
7. Pride of India.
8. Rose.
9. Anemone.

In die groentetuin word die volgende geplant:

1. Vrugtebome.
2. Aartappels.
3. Wortels.
4. Beet.
5. Slaai.
6. Kool.
7. Tamaties.
8. Boontjies.
9. Spinasie.
10. Mielies.
11. Uie.
12. Pampoene.
13. Ertjies.

C. Gevolgtrekkings in verband met ontspanning

Wat sport betref vind ons dat tennis en atletiek die populêrste is, gevolg deur sokker en korfbal. Tennis en atletiek is populêr omdat dit 'n gemeng-

de/...

de sportsoort is waaraan albei geslagte kan deelneem. Dit is interessant dat die een vader sy seun wou laat rugby speel. Die feit dat gholf gespeel word, wys ons dat, nieteenstaande dit 'n duur spel is, dit tog gespeel word, waarskynlik om eer en aansien in die gemeenskap te verwerf. Boks word wel genoem, maar is tog nie baie populêr nie. Die ontwikkelde Bantoe is baie duidelik nie lief vir die soort ruwe spel nie. Dié wat wel nog boks as sport beoefen of bepleit, doen dit om die eer en applous van die toeskouers.

Die wat judo en karate neem, doen dit vir selfverdediging. Dit is 'n Oosterse sport wat die Westerse volke by hulle geleer het, en nou neem die Bantoe dit oor. Ook die een wat ballet neem, toon Blanke invloed.

In hierdie verband is dit interessant om te vergelyk wat die posisie in Langa is. Daar is 'n ryke verskeidenheid klubs waarvan die meeste sportklubs is, nl. rugby, sokker, krieket, tennis, gholf, boks, gewigoptel en netbal.[21] Oor die verdeling sê Wilson: „The sport clubs may be divided into those patronized by townsmen and those by countrymen. Most Country clubs have a homeboy basis." Klubs wat te groot word, verdeel onderling en die neiging is om weg te breek van die Kleurlinge.[22] Die neiging bestaan ook om klubs te stig op grond van die plekke waar lede vandaan kom.[23] Alhoewel daar in Ikageng nie so 'n groot ver/...

21. Wilson, M., Langa, p.113.
22. Ibid., p.114.
23. Ibid., p.117.

verskeidenheid klubs is nie, is die onderwysers tog aktiewe lede van die paar wat daar bestaan.

Wat sang en musiek betref vind ons dat hulle nog baie lief is vir sang. Maar hulle soek fasiliteite om sang en musieklesse te neem. Hulle strewe is om so goed as moontlik te word.

Die klavier is veral die instrument wat hulle bespeel. Vir hulle is dit 'n simbool waarvolgens hulle waarde in die gemeenskap bepaal kan word. Dan is die klavier as 'n meubelstuk 'n prestigeaanwins in die huisgesin. Ook kan die bespeling van 'n groot instrument jou populariteit bevorder.

In Langa bestaan daar 'n aantal orkeste en kore: „The cleavages are again between townsmen and countrymen, between different age-groups and classes in town and between countrymen from different neighbourhoods."[24)]

Hulle bly ook nog lief vir dans. Die dans wat hulle die graagste dans, is baie moeilik. As ons in aanmerking neem dat die tango op oor die tagtig erkende maniere gedans kan word, en dat dit 'n sierlike dans is, kan ons verstaan wat dit as prestigesimbool vir hulle beteken. Ook is die dans mooi om na te kyk as ander dit goed kan dans, en die grasie wat met die passies uitgeoefen word, is werklik wonderlik. Ook hier soek hulle fasiliteite om danslesse te kan neem. Die enigste dans wat tog iets tradisioneel in hom het, is die „Jive".

Alhoewel/...

---

24. Wilson, M., op.cit., p.126.

Alhoewel hulle so ver as moontlik van bestaande bronne gebruik maak, is hulle eie leesstof beperk. In die algemeen is almal lief vir lees as ontspanning. Hulle leesstof varieer van fiksie, strokiesverhale tot Shakespeare. Hulle lees veral Engels omdat hulle hulle studiejare in skole deurgebring het waar Engels die oorheersende taal was, en paslike leesstof is makliker verkrygbaar in Engels as in Afrikaans. Daar is in die laaste jare egter duidelik tekens dat Afrikaans veld wen. Dit is egter opmerklik dat ook Engelse en Afrikaanse poësie gelees word.

Die lees van moeilike werke het egter 'n ander betekenis vir hulle. Vir die Bantoeonderwyser is jy slegs 'n vreemde taal magtig as jy soveel moeilike woorde in die vreemde taal ken as moontlik. Al word die moeilike woorde soms in 'n verkeerde verband gebruik, maak dit nie saak nie. Of hy die boek werklik verstaan maak nie saak nie. Hy wil groot woorde leer, want dit is van belang. Hierdie feite word gestaaf deur die boeke wat die onderwysers uitneem en is algemeen bekend by diegene wat met aspirant-onderwysers te doen het.

Hulle maak wel tuin, maar meestal 'n groentetuin. 'n Blomtuin is nie populêr nie. 'n Mens sou verwag dat 'n blomtuin 'n uitstekende prestigesimbool kan wees.

III/...

## III. KERK EN ANDER ORGANISASIES

### A. Die tradisionele in verband met kerk en ander organisasies

By die Bantoe het elke lid van die familie sekere verpligtinge, en namate hulle ouer word, verander sekere pligte en kom daar nuwes by. Die lede is baie getrou opgelei vir hulle verpligtinge, maar daar was geen organisasies waarby 'n lid kon aansluit as hy daarin belangstel nie.

In die Bantoegemeenskap word sukses en welvaart nie gebind aan kennis alleen nie, en moeilikhede word oorkom, nie soveel deur die toepassing van wetenskap nie, maar wel deur die gebruik van magie en 'n beroep op die voorvaders. Vir die werk van natuurlike magte, vir reën om te val en vir oeste om te ontwikkel, is dit essensieel „that correct ritual and custom be faithfully adhered to".... „The moulding of the individual to the social norm is achieved chiefly through ritual and ceremonial."[25)]

Daar is dus nie sprake van 'n kerk soos ons dit ken nie, en daarom is daar ook geen kerkorganisasies nie. Hulle is wel sterk religieus maar heidens.[26)]

Die koms van die sendelinge het Christendom en kerkorganisasies gebring. Baie Bantoe is daarin opgeneem/...

---

25. Schapera, I., Bantu-speaking Tribes of South Africa, p.98.
26. Coertze, P.J., Inleiding tot die Algemene Volkekunde, p.178.

opgeneem.[27] Volgens Gerdener was daar in 1957 sowat 4,122,250 Christene onder die Bantoe.[28]

B. Ontleding van gegewens ingesamel in verband met kerk en ander organisasies

a. Kerk

In die meeste gevalle behoort die man, vrou en kinders aan dieselfde kerk. Ons vind ook gevalle waar die vrou aan 'n ander kerk behoort, maar dan behoort die kinders aan dieselfde kerk as die vader, bv.

Vader: Metodis.

Moeder: Anglikaan.

Kinders: Metodiste.

Ons vind slegs een geval waar nie een van die familie aan 'n kerk behoort nie. Hier volg nou 'n lys van die kerke waaraan hulle behoort:

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Metodistekerk | - 48 |
| 2. | Roomse Kerk | - 31 |
| 3. | A.M.E. (African Methodist Episcopal) | - 20 |
| 4. | Anglikaanse Metodiste | - 16 |
| 5. | Lutherse Kerk | - 15 |
| 6. | Wesliaanse Methodiste | - 6 |
| 7. | Hermansburgers | - 4 |
| 8. | Presbiteriaanse | - 3 |
| 9. | N.G. Kerk | - 2 |
| 10. | Ethiopiese Kerk | - 2 |

Uit/...

27. Vir die rol wat kerklike organisasies onder die vroue speel, word verwys na Mia Brandel-Syrier: Black women in search of God. Sy behandel veral Manyano. (Die verenigings van moeders.)
28. Gerdener, G.B.A., Recent developments in the South African Mission Field, p.292.

Uit die bostaande lys sien ons dus dat hulle aan 'n groot verskeidenheid kerke behoort. Die gemiddelde kerkbesoek van die getroude onderwyser is drie dienste per maand. Dit wissel van een diens per maand tot ses dienste per maand. Een gesin het gesê dat hulle die kerk een keer in ses maande besoek. Die gemiddelde kerkbesoek van die ongetroudes is ook drie dienste per maand. By die ongetroudes wissel dit van een tot vier dienste per maand.

Al die ongetroude mans was lid van hulle onderskeie kerke se kerkraad, terwyl 17 getroude mans kerkraadslede is.

Twaalf van die ongetroude vroue het aan die een of ander groep vir vroue van hulle onderskeie kerke behoort.[29] Hier volg 'n lys van die organisasies waaraan hulle behoort:

1. Manyano (Bedieningsgroep) - 5 [30]
2. Koor - 4
3. Young Women's Society - 2
4. Young Peoples Department - 2
5. Jeugkring - 1
6. Sondagskool - 1

Twaalf getroude vroue het aan kerkorganisasies behoort. Die organisasies waaraan hulle behoort het, is die volgende:

1./...

29. Vergelyk Brandel-Syrier, op.cit., p.27 e.v.
30. Ibid., p.27 e.v.

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Mothers Union | - 3 |
| 2. | Manyano | - 3 |
| 3. | Y.W.C.A. | - 2 |
| 4. | Koor | - 2 |
| 5. | Home Builders | - 1 |
| 6. | Prayer Women's Union | - 1 |
| 7. | Women's Prayer Meeting | - 1 |
| 8. | Church Council | - 1 |
| 9. | Sacred Heart | - 1 |
| 10. | Legion of Mary | - 1 |

Onder die talle organisasies in Langa is die kerkorganisasies in die meerderheid. In baie gevalle val die predikant se mantel op sy kind. Die pos word dus in sommige gevalle oorerflik.[31)] Die aktiefste van die kerkorganisasies is dié vir getroude vroue.[32)] As ons dit vergelyk met Ikageng vind ons dat dit ooreenstem met bevindings in Langa.

Selfs hier het die kerk ook statussimbool geword. So behoort die ontwikkelde middelklas onder die inwoners veral aan die volgende kerke: die Anglikaanse, Presbeteriaanse, „African Methodist Episcopal", (A.M.E.) en Metodistekerke. Daar is ook bevind dat „the decent people in town are mostly church goers."[33)]

Die lidmate kan egter nog nie die geloof in die/...

31. Wilson, M., op.cit., p.91.
32. Ibid., p.99.
33. Ibid., p.101.

die bonatuurlike en toordery afskud nie. In hierdie verband sê Wilson: „There can be little doubt that the fear of witchcraft and sorcery presses hard on many church members."34) Dit is veral opmerklik dat die middelklasgroep in die geheim besoeke aflê by toordokters.35) In Ikageng is ook spore gevind van 'n belangstelling in die bonatuurlike en toordery.

b. Ander organisasies

Hieronder verstaan ons organisasies wat sosiaal van aard is, bv. ontspanningsklubs en organisasies wat betrekking het op hulle werk, bv. onderwysersverenigings.

Sewe ongetroudes en agt getroudes is lede van 'n ontspanningsklub. Twintig ongetroudes en agt-en-dertig getroudes is lid van 'n onderwysersvereniging.

Tabel 43

Posisies wat hulle in die verenigingslewe beklee

| Posisie | Getroudes | | Ongetroudes | |
|---|---|---|---|---|
| | Man | Vrou | Man | Vrou |
| Voorsitter/ster | 3 | 1 | - | - |
| Ondervoorsitter/ster | 1 | - | - | - |
| Tesourier | 1 | - | - | - |
| Sekretaris(esse) | - | 1 | - | - |
| Bestuurslid | 2 | - | - | - |
| Gewone lid | 21 | 16 | 10 | 18 |
| Totaal | 28 | 18 | 10 | 18 |

Sewe/...

34. Wilson, M., op.cit., p.111.
35. Ibid., p.110.

Sewe getroude mans en 2 getroude vroue dien op bestura, terwyl nie een van die ongetroudes ampsdraers van enige van hulle organisasies is nie.

### C. Gevolgtrekkings in verband met kerk en ander organisasies

Die onderwysers behoort aan baie kerke waarvan die meeste sektes is. Kerkbesoek wissel van swak tot redelik. Wat die gemiddelde kerkbesoek opskuif, is die getal wat ampsdraers in die kerk is, en as sodanig die kerk gereeld moet besoek. Die vrou besoek die kerk baie meer as die man. Vandaar ook die groot aantal kerkorganisasies waaraan die vroue behoort.

Ander organisasies waaraan hulle behoort, is hulle onderwysersvereniging en ontspanningsklubs. Hulle speel 'n redelike groot rol in die verenigingslewe as ampsdraers.

## IV. BESPARING EN VERSEKERING

### A. Die tradisionele in verband met besparing en versekering

Besparing en versekering soos ons dit ken, was nie bekend in die stamlande nie, maar die beginsels is tog duidelik te bespeur, bv. in die berging van die oes en die saad vir die volgende saaityd.

Daar bestaan 'n aanmerklike verskil onder die Bantoevolke ten opsigte van die berging van graanprodukte. Die Nguni en Venda het die gebruik om dit in gate in die beeskraal weg te bêre. Hierdie gate is

uitgepleister/...

uitgepleister en word met plat klippe toegemaak. Die graan word soms in gevlegte skuurtjies gebêre. Die Sotho- en Tsonga-volke en ook die Ovambo gebruik gewoonlik groot gevlegte mandjies. Soms gebruik die Sotho-volke 'n kleihouer as stoorplek. Uit hierdie graanskure word die voedsel deur die vrou gehaal namate dit vir alledaagse gebruik benodig word.[36)]

Die bees speel ook 'n baie belangrike rol onder die Bantoevolke. In baie van die sosiale en rituele gebruike speel die bees 'n uitsonderlike rol. Die beestrop verteenwoordig in werklikheid kapitaal wat deur die voorgeslag aan hulle nakomelinge toevertrou is, en kan dus nie sonder meer vervreemd word nie. Beeste is dan ook 'n betaalmiddel by verskillende geleenthede.[37)]

### B. Ontleding van gegewens ingewin in verband met besparing en versekering

Na hierdie analise van die gegewens sal gepoog word om 'n gesinsbegroting te rekonstrueer. Aangesien hierdie ondersoek net met die onderwysersgroep te doen het, is dit nie moontlik om met ander groepe in die samelewing te vergelyk nie.

#### a. Besparing

Een-en-vyftig van die 74 onderwysers kry dit

reg/...

---

36. Bruwer, J.P., Die Bantoe van Suid-Afrika, p.114. Vergelyk ook hieroor Schapera, I., The Bantu-speaking Tribes of South Africa, p.136.
37. Bruwer, J.P., Ibid., p.111 e.v.

reg om maandeliks iets te spaar. Twee-en-dertig hiervan is getroudes en 19 ongetroudes. Die getroudes se spaargeld wissel van R1 tot R40. Dié wat 'n groot bedrag spaar, bv. van R30 tot R40, is gesinne waar die man en die vrou albei verdien. So is daar 14 getroude pare waar die man en die vrou onderwys gee.

Ongetroudes se spaargeld wissel van R1 tot R6 per maand. Dit gee 'n gemiddelde van R4.05 per maand. Die getroudes spaar gemiddeld R11.47 per maand per persoon (R22.94 per huisgesin).

Die gemiddelde bedrag wat die groep per maand per persoon spaar, is R7.76.

Tabel 44

Waar geld gespaar word

| | Getroudes | Ongetroudes |
|---|---|---|
| Bank | 19 | 12 |
| Poskantoor | 6 | 3 |
| Bougenootskap | 5 | 2 |
| Bantoebeleggingskorporasie | - | - |
| Hou geld in die huis | 2 | 2 |

Uit bostaande tabel sien ons waar hulle bank. Sommige wat nie geld bank nie, sê dat hulle graag sal wil bank, maar paaiemente op iets wat hulle gekoop het, is te hoog, of die familieverpligtinge neem te veel geld in beslag, sodat hulle nie geld oor het om te spaar nie.

Die studie openbaar dat nie-Afrikaanse instellings meer gewild is. Twee bekende Engelse banke het die meeste kliënte, terwyl die Afrikaanse banke elk

slegs/...

slegs een kliënt het.

Ons vind dat nie een by die Bantoebeleggingskorporasie belê nie. Hier volg die redes waarom hulle nie daar belê nie:

1. Twee het gesê dat hulle van die korporasie gehoor het, maar niks daarvan weet nie.
2. Een het gesê hy glo nie 'n mens kan geld daar belê nie.
3. 'n Ander sê dit is die swakste plek om geld te belê (informant kan nie motiveer nie en het gepraat van hoorsê.)
4. Een sê hy het daarvan gehoor en sou daar belê het as hier 'n tak was.

Nege-en-sestig van die informante het niks van die Bantoebeleggingskorporasie geweet nie, en 'n groot persentasie het eers in die vraelys daarvan gehoor. Ek haal aan: „Ek weet niks van die Bantoebeleggingskorporasie nie. Elke dorp het 'n bank waar ek my geld gou kan kry. Waarom sal ek nou by die Bantoebeleggingskorporasie gaan belê?"

b. Versekering

(i) Begrafnispolis

Agt ongetroudes en 25 getroudes het 'n begrafnispolis uitgeneem. By feitlik alle ondernemings is polisse uitgeneem. In 4 gevalle is 'n sekere bedrag by 'n bougenootskap belê vir begrafnisdoeleindes. Die maandelikse premies wat betaal word, wissel van R0.35 tot R4.00 na gelang van die grootte van die polis.

(ii) Versekering

Ons vind dat daar wel 'n aantal is wat polisse uitgeneem het, soos blyk uit die volgende tabel:

Tabel 45

Verspreiding van versekering

| | |
|---|---|
| Man | 12 |
| Vrou | 9 |
| Kinders | 4 |

Een het 'n polis by 'n versekeringsmaatskappy uitgeneem wat bankrot gespeel het en het sedertdien nog nie weer belang gestel in versekering nie.

Een glo nie aan versekering nie en belê 'n vaste bedrag elke maand, en wel soos volg:

Man R 3.25

Vrou R 4.10

Seuns R 2.25

Dogters R 2.25

Die bedrag waarvoor sekere proefpersone lewensversekeringspolisse uitgeneem het, wissel by die mans van R200-R2000, by die vroue van R200-R1000, by die kinders van R100-R500. Polisse is veral uitgeneem vir R500 en R1000. Hulle verseker hoofsaaklik by nie-Afrikaanse maatskappye.

Die soort versekering wat hulle hoofsaaklik uitneem, is lewensversekering. Slegs 4 getroude mans het uitkeringspolisse uitgeneem, en wel onderskeidelik vir R500, R1000, R1200 en R2000. Alle polisse vir kinders/...

kinders is studiepolisse.

(iii) Waarom polisse uitgeneem/nie uitgeneem is nie

1. Redes waarom 'n polis uitgeneem is

a. Die polis kan gebruik word as jy in die moeilikheid is.

b. As jy sterf, het jou familie nie nodig om geld te soek om jou te begrawe nie. Hulle kan die geld van die polis gebruik.

c. Na jou dood hoef jou vrou nie finansieel te sukkel nie.

d. Dit is 'n veilige manier om geld te spaar.

e. Indien jy in 'n ongeluk betrokke raak, kan op die polis getrek word om jou te help terwyl jy aansterk.

f. As jy aftree, is geld altyd welkom.

g. Om die geld te kry as jou kinders skool toe gaan en jy begin oud word.

h. Onderwysers kry geen pensioen nie en die uitkeerpolis sal help as jy aftree.

i. As jy aftree en die geld kry, sal dit jou help om al jou verpligtinge na te kom en dan die res van jou lewe sonder bekommernis te lewe.

2. Redes waarom 'n polis nie uitgeneem is nie

a. As jy sterf, is dit die agtergeblewenes se plig om jou te begrawe.

b. Een weet niks van 'n polis af nie.

c. Een het nog nie besluit of hy 'n polis sal uitneem nie.

d. Een is teleurgesteld, want sy polishouer het bankrot gespeel en hy het baie geld verloor en wil nie weer verloor nie.

e. Een het maar kort gelede begin werk en kon dit nie bekostig nie.

f. Geld in die bank kan enige tyd getrek word as jy dit nodig het en die versekering nie.

g. Een soek nog die beste genootskap om 'n polis by uit te neem.

### c. 'n Gesinsbegroting (gerekonstrueer)

Hierdie gerekonstrueerde begroting is uitgewerk op gemiddeldes (inkomste en uitgawes) soos deur die informante gegee. Toe die informante 'n tweede keer genader is om 'n balansstaat op te trek het hulle almal 'n tekort getoon. Die rede was dat hulle gehoop het dat ek 'n verhoging in salaris sal aanbeveel as ek die tekorte sien. Die balansstaat soos hier gerekonstrueer toon die juiste omstandighede.

| Inkomste (Getroude man) | Uitgawes | |
|---|---|---|
| 1. R83.63 per maand | 1. Huis, elektrisiteit en water | R 4.00 |
| | 2. Kos: a. Mieliemeel<br>b. Melk<br>c. Vleis<br>d. Groente ens. | R28.16 |
| | 3. Vervoer:<br>a. Brandstof<br>b. Trein ens. | R10.00 |
| | 4. Klere:<br>a. Man<br>b. Vrou<br>c. Kinders | R20.00 |
| | 5. Paaiemente op meubels, ens. | R10.00 |
| | 6. Spaar | R11.47 |
| R83.63 | | R83.63 |

C./...

## C. Gevolgtrekkings in verband met besparing en versekering

Besparings is daar ook aangetref. Die meeste spaar by erkende banke. Die hoeveelheid wat elke maand gespaar word, is relatief groot. Hulle weet egter niks van die Bantoebeleggingskorporasie nie. 'n Tjekboek is 'n groot aantrekkingskrag, veral as voor ander 'n tjek uitgeskryf kan word.

Wat versekering betref, is die belangrikste die begrafnispolis. Die rede daarvoor is om ordentlik begrawe te kan word. Daar word maandeliks betaal. 'n Groot en goeie begrafnis is by hulle van groot belang.

Daar is maar min ander versekerings. Die rede daarvoor is dat die onderwysers op een of ander tydstip geweldig om die bos gelei is, en also groot verliese gelei het.

Dié wat wel polisse uitgeneem het, het hoofsaaklik lewenspolisse uitgeneem. Hulle sê hulle wil nie hê dat hulle vrou en kinders na hulle dood moet swaarkry nie. Dit kom ooreen met die Westerse gebruik. Hulle het dit oorgeneem omdat die groepverwantskap verdwyn het, en die familieverwantskap besig is om te verbrokkel. Die gesinsgroep tree dus die sterkste na vore.

Ook is daar 4 studiepolisse uitgeneem om in staat te kan wees om die kinders verder te laat leer.

Een het egter gesê dat versekering die

swakste/...

swakste belegging is wat 'n mens kan maak.

Die paar wat uitkeringspolisse geneem het, het dit hoofsaaklik gedoen omdat hulle geen pensioen kry as hulle die dag aftree nie. Hier is nog 'n aspek wat aandag verg. As jy na vele jare in die onderwys die dag aftree, behoort jy geregtig te wees op 'n pensioen. Vanaf die begin van 1967 is daar 'n begin gemaak met die daarstelling van 'n pensioenskema vir Bantoe-onderwysers.

# HOOFSTUK VII

# HOOFSTUK VII

## KONKLUSIES EN AANBEVELINGS

Hier is 'n professionele groep wat op grond van hulle opleiding en werk 'n besondere geleentheid gehad het om te verwesters. Daar is dan ook in die hele studie nêrens bewys dat hulle nie ver gevorder het met die proses van verwestering nie. Met dieselfde asem moet ons egter sê dat daar op al hierdie terreine ook kultuurreste te vinde is wat bewus of onbewus nog aangekleef word.

Met die ontwikkeling van toerisme, die radio, vervoer, verkeer, immigrasie, korrespondensie, tegnieke, ens., word die volkere van die wêreld nader aan mekaar gebring en is daar sterk wedersydse beinvloeding en ontstaan die vrees dat die nuwe wat so tot stand sal kom, die tradisionele geheel en al sal uitwis. Mühlmann druk hierdie vrees soos volg uit: „Diese Erscheinungen sowie das Schicksal, das Indianer, Südseie-Insulaner, viele Afrikaner beim Zusammenstoss mit der westlichen Zivilisation erleiden, legen die Befürchtung nahe, dass der Völkerprozess schliesslich zu einer völligen Einebnung der Volkstümer und zur Entwicklung eines allgemeinen Rassen- und Zivilisationsbreies führen werde."[1)]

Daar sal wel aanpassing wees, maar as die beskawing/...

1. Mühlmann, W., Rassen- und Völkerkunde, p.543.

beskawing nie 'n volk fisies uitwis nie, kan die tradisionele (Volkstum) nie vernietig word nie. „Nach ethnologische Erfahrungen ist schliesslich Volkstum stärker als Zivilisation."[2]

Mühlmann wys verder daarop dat in die geval van die natuur- en Oosterse volke, hulle met die begin van die beskawing oorrompel is en alles wat hulle eie was, verruil het vir die vreemde. „Sobald sie aber die Machtmittel der Zivilisation zu handhaben verstehen und erprobt haben, stellt sich ein neues nationales Selbstgefühl ein, und man denkt nicht daran, das eigene Volkstum aufzugeben."[3]

Uiterlikhede soos werkgereedskap, tegniese middele, klere, huisraad, ens., word aanvaar sonder om die werklike volkseie prys te gee. Die nuwe lei dus eintlik na 'n nuwe waardering van die volkseie. Elemente uit die nuwe word wel ingedra en op eie manier verwerk.[4]

'n Ander faktor wat van uiterste belang is, is die taal as draer van die kultuur. Solank 'n volk sy eie taal behou, sal hy nog baie van sy volkseie behou. Van die proefpersone het nog nie een sy moedertaal verruil vir een van die amptelike tale nie. Die beleid om die moedertaal as voertaal in primêre onderwys te gebruik, is ook bevorderlik vir die behoud van die modertaal.

Ons/...

---

2. Mühlmann, W., op.cit., p.544.
3. Ibid., p.544.
4. Ibid., p.544.

Ons vind verder dat die Westerse patroon wat hulle nastreef en probeer uitleef, by die onderwyser grootliks statussimbole geword het, met ander woorde, nuwe simbole vir die statusposisie wat hulle tans beklee. Hulle, die onderwysers, het nou 'n soort stand op hulle eie geword deur die aansien wat hulle deur hulle studies verwerf het. Omdat hulle ampsdraers van verenigings en lede van Adviesrade geword het, is hulle raadgewers en leiers op sosiale gebied vir hulle eie gemeenskap. Tog is daar tekens dat die nuwe opkomende groepe, veral die handelaars, besig is om hulle te verdring. Hulle sal hulle posisies nog vir 'n aantal jare handhaaf, maar sal dan bereid moet wees om dit met die ander te deel of self op die agtergrond te raak.

Ruim 80% van die onderwysers het Engelse name. Om Engelsgesind te wees en 'n Engelse naam te hê, gee meer status in die gemeenskap. Hierdie Engelse gesindheid kan ook verklaar word uit die feit dat Bantoe-onderwys in die sendingskole feitlik uitsluitlik Engelsgeoriënteerd was. Dit het geskied ten spyte van die feit dat die meerderheid van die Blanke bevolking Afrikaanssprekend was. Hierdie posisie is verander toe moedertaalonderwys in die primêre skool ingevoer is in 1955, en toe besluit is dat die algemene vakke in die sekondêre skool om die helfte deur Afrikaans en Engels as voertale gedoseer moet word. In 'n sekere sekondêre skool, waar die onderwysers Afrikaanssprekende Blankes is, het hulle die studente in twee jaar tot 'n ander insig in verband met Afrikaans gebring. Nou besef die

studente/...

studente dat 'n mens nie net beskaafd is as jy Engels magtig is nie. Daar is egter in die jongste jare beslis 'n ommeswaai in die rigting van Afrikaans.

Die proefpersone weet hoofsaaklik aan watter volkseenheid hulle behoort, maar verwar maklik die stam en die volkseenheid. Daar is dus 'n algemene beweging weg van die tradisionele. Nege en 'n half persent het nie meer geweet aan watter totem hulle behoort nie. Die funksie van taboes wat met die totemistiese gebruik saamgaan, het feitlik onbekend geword. Die Zoeloes is in die opsig wat hulle leefwyse betref, nog nader aan die tradisionele as die Tswana.

Daar is waarheid in 'n artikel wat in Die Vaderland verskyn het en wat onder andere sê: „Die moontlikheid bestaan dus wel dat die Bantoe oor 'n geslag die enigste inheemse ras in Afrika mag wees wat feitlik geheel en al verwesters mag wees wat sy smaak betref."[5] Hierdie aanhaling bring ons dus by die volgende probleem, nl.: het die akkulturasieproses nie maar weer vir ons bewys dat dit 'n proses is wat die uitwendige die eerste en die maklikste verander nie? Die uiterlike bring tog vir die onderwyser aansien, status en prestige. Hy lê hom toe daarop om status te verwerf. Hy het dus uiterlik verwesters en feitlik soos 'n westerling geword, maar wat van die innerlike? Ons vind dat die uiterlike by die onderwyser, d.w.s. wat hy dra, eet en waar hy woon, vir hom die maatstaf is/...

5. Die Vaderland, 4 Augustus, 1965, p.11.

is waarmee hy hom met ons vergelyk. Sy status wat hy deur die uiterlike verwerf het, is sy norm waarmee hy hom met ander vergelyk en waarmee hyself sy posisie in die Westerse beskawing bepaal.

Daar kan twee aspekte onderskei word in die proses van akkulturasie by die Bantoeonderwyser, nl.:

a. Uiterlike akkulturasie.

b. Innerlike akkulturasie.

By die ondersoek was daar net sprake van uiterlike akkulturasie soos gevind in sy huis en meublement, wat hy eet en drink, wat hy aantrek. Genoemde kultuurelemente is waarneembaar en „meetbaar", terwyl die proses van innerlike akkulturasie nie regstreeks aanwysbaar is nie, en wel deeglik seker 'n goeie kennis van die psigiese antropologie sal verg om beter te kan bepaal in hoe 'n mate die proses van innerlike akkulturasie gevorder het.

Uit die studie blyk dit duidelik dat die proses van uiterlike akkulturasie baie vinnig vorder. Dit is baie duidelik dat die sosiale lewe van die onderwysersgroep in Ikageng 'n groot ooreenkoms vertoon met die middelklas soos beskryf in Langa.

Die toestande ten opsigte van klassevorming en prestigesimbole in Langa word hier kortliks weergegee en vergelyk met Ikageng. In Langa bestaan reeds 'n middelklas. Die kern word gevorm deur die klein groep professionele manne en vroue - onderwysers, verpleegsters, prokureurs, dokters, predikante. Hierby kan egter

gevoeg/...

gevoeg word die rykes wie se gedrag en lewenswyse hulle laat kwalifiseer as ‚decent people'. „Education, occupation and wealth tend to go together."[6)]

Onderwysers word maklik opgeneem en professionele manne en vroue - onderwysers, verpleegsters, prokureurs en dokters - word onmiddellik in die „Oascuse me" groep opgeneem.[7)] Dit is dus duidelik: „the society is transformed from one based on kinship to one based on association."[8)]

Sekere klubs dra meer prestige as andere,[8)] en ook rykdom en professionele kwalifikasies dra prestige.[10)]

Die wat die hoogste status in Langa het, is die „who have absorbed most of western culture." Mühlmann sal culture in hierdie geval sien as Zivilisation in teenstelling met volkskultuur of Volkstum. Die ideale tipe vir die middelklas is die gerespekteerde man wat geskool is in die een of ander rigting en wat 'n groot salaris verdien, of wat 'n goeie inkomste het uit sy professie. Hy moet 'n motor bestuur en in 'n Westerse huis woon wat net soos die middelklas Blankes se huis gemeubileer is en wie se kleredrag en voedsel nie onderskei kan word van dié van die Blanke gemeenskap nie. In sy spele, dans en musiek moet sy smaak baie na aan dié van die Blankes van dieselfde geslag wees. Alhoewel/...

---

6. Wilson, M., and Mafaje, A., Langa, p.137.
7. Ibid., p.139.
8. Ibid., p.180.
9. Ibid., p.139.
10. Ibid., p.141.

hoewel hy moontlik Xhosa by die huis spreek, moet hy vlot in Engels wees. Hy moet Engels in baie publieke omstandighede gebruik, insluitende sy eie sportkomitees, musiekklubs en in sy verhouding met die Blankes.[11)]

Ons weet dat die Bantoebeleggingskorporasie net op die ontwikkeling van ondernemings in die tuislande toegespits is, en dat daar sedert 1959 reeds R1,960,000 in die tuislande vir ekonomiese ontwikkelinge belê is.[12)]

As ons wil hê dat die Bantoe moet leer om hulleself te help, is dit noodsaaklik dat die Bantoebeleggingskorporasie 'n organisasie daar sal stel om die mense in die stede beter in te lig aangaande beleggingsmoontlikhede by die korporasie. Die groot bedrae wat belê word, is tog nie alleen van belang nie. Solank die Bantoeonderwyser nog sy huidige status in die gemeenskap beklee, kan hy baie vir homself en die korporasie beteken wat beleggings betref. Die onderwyser kan ander ook inspireer om daar te belê. Hulle wil weet wat die rente en voordele is as hulle daar belê. Hulle is bereid om daar te belê as die korporasie hulle inlig. Intussen belê hulle in die gewone handelsbanke.

Die behoefte aan 'n maatskappy wat hom besonderlik sal toelê op versekering vir die Bantoe word gevoel. Na 'n deeglike opleiding en ervaring kan die Bantoe dit later self bestuur en kan die maatskappy sy belange verder uitbrei in sy verskeie

fasette/...

---

11. Wilson, M., and Mafaje, A., op.cit., p.145 e.v.
12. Die Vaderland, Woensdag, 4 Augustus 1965, p.11.

fasette na die tuislande.

Die standaard van die onderwysers se opleiding moet verhoog word, al beteken dit 'n verlenging van hulle kursusse met 1 of 2 jaar.

Daar word aanbeveel dat die regering dit ernstig moet oorweeg om vir die onderwysers as professionele groep 'n pensioenskema in te stel.[13)]

Fasiliteite moet daargestel word vir musiek- en sangonderrig buite skoolverband. Genoemde fasiliteite moet behoorlik beheer word. Dit sal die Bantoe leer om ook 'n smaak vir swaarder musiek te ontwikkel.

Kan daar nie by die opleiding van onderwysers aandag gegee word aan aspekte soos die volgende nie?

(i) Voorligting in verband met beroepskeuse, sodat hulle beter leiding aan hulle eie mense kan gee in dié verband.

(ii) Ouerplig.

(iii) Versekering.

(iv) Belegging.

As daar aandag aan genoemde punte gegee word, sal die onderwysers in staat gestel word om 'n waardevoller rol in sy eie gemeenskap te speel.

Ten laaste word net op die volgende gewys nl.: dat opleiding en salariëring ingestel moet wees op verhoging van die beroeps- en sosiale status om meer onderwysers te trek en minder te verloor aan ander lonende beroepe.

---

13. Toe met hierdie verhandeling begin is, was daar geen pensioenskema vir die Bantoeonderwyser nie. Sedertdien het die staat begin om 'n pensioenskema vir die onderwysers daar te stel vanaf 1967.

## ENGLISH SUMMARY

An investigation was conducted into the social and economic life of the Bantu teachers in the township of Ikageng, Potchefstroom. The aim was to determine the progress of acculturation in this group. In view of their education and profession much progress could be expected. Because continual reference had to be made to the traditional, the traditional was given as an introduction to every main subsection, before the data collected were analysed and the conclusions were given.

The information was collected by means of a questionnaire and personal interviews.

Chapter I is devoted to the concept of acculturation. Attention has been given to the nature, the process, factors promoting or opposing the process and the four phases in the development of racial contact in South Africa.

In Chapter II a study is made of the background of the teachers. Attention is given to the places the teachers come from, their qualifications, positions held, salaries, matrimony etc. Very few teachers have a higher academic qualification than Junior Certificate. Sixty six (89%) of the teachers are professionally qualified.

Chapter III is devoted to engagement and marriage. Although strong European influence was revealed, many and strong traditional traits still exist. The clothes, transport, feasts really become symbols/...

symbols which tend to put the teachers on par with the white community.

In Chapter IV attention is given to housing, furniture and transport. These show that the process of acculturation as developed to a very great extent. Especially furniture and means of transport are very much the same as that of the European. Many of the above mentioned have become symbols revealing the status of the teachers.

Food, drink and clothes are analysed in Chapter V. The buying, preparation of meals and eating-places receive attention. As far as their clothing and drinking habits are concerned, European influence is very strong. Certain practices suit the dignity of the teacher.

The social life which include education, re-creation, church and other organisations, saving and insurance, is analysed in Chapter VI. Attention has been devoted to informal and formal education. Strong European influence was found in sport, dancing, singing, music, etc. They are usually members of churches or sects and organisations for women play an important part. Most of them have funeral-insurance and save reasonable amounts.

Conclusions and recommendations are given in Chapter VII. The study reveals that although ac-culturation has advanced considerably, a large number of traditional culture traits still exists. This is partly due to the fact that they still use their

traditional/...

traditional home language and succeed in accommodating elements of western civilization with components of traditional Bantu culture. The conclusions have a bearing mainly as far as "external" acculturation is concerned.

BRONNELYS

# BRONNELYS

## BOEKE

ASHTON, H., The Basuto. London, Oxford University Press, 1953.

BEALS, R.L., and HOIJER, An Introduction to Anthropology, (Second Edition) New York, The Macmillan Company, 1962.

BEALS, R.L. Urbanism, Urbanization and Acculturation, American Anthropologist, Vol. 53, 1951.

BRANDEL-SYRIER, Mia, Black women in Search of God, London, Lutterworth Press, 1962.

BRUWER, J.P., Die Bantoe van Suid-Afrika, Johannesburg, Afrikaanse Pers Boekhandel, 1956.

COETZEE, J.H. Moderne tendense in die ontwikkeling van die stedelike Bantoe in die Unie. Sesde Jaarkongres 9 - 12 Sept., 1957, gehou te Margate, Instituut van Administrateurs van nie-blanke aangeleenthede.

COERTZE, R.D., (red.), Inleiding tot die algemene volkekunde, Voortrekker Pers, 1960.

COOK, P.A.W., The Education of a South African Tribe, Cape Town, Juta, 1934.

FORTES, M., and EVANS-PRITCHARD, E.F., African Systems, London, Oxford University Press, (1940) 1961.

FOSTER, G.M. Traditional cultures and the impact of technological change, New York, Harper Brothers, 1962.

GERDENER, G.B.A., Recent development in the South African Mission Field, Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers, 1958.

HERSKOVITS, M.J., (i) Acculturation, Gloucester, Mass. Peter Smith, 1958.

(ii) Anthropology and culture change in Africa. Two lectures delivered on invitation of the Committee of Academic Interest of the University of South Africa on August 20 and 21, 1957.

(iii) Man and his works, New York, Alfred, A. Knopf, 1960.

HEORNLÉ, R.F.A., South African Native Policy and the Liberal Spirit. Johannesburg, Witwatersrand University Press. (s.j.)

HUNTER, M., (i) Reaction to Conquest. London, Oxford University Press, (1936) 1961.

(ii) Methods of Study of Culture Contact. Africa, Vol.7, 1934.

KRIGE, E.J., The Social System of the Zulu. Pietermaritzburg, Shuter and Shooter, (1936) 1957.

KROEBER, A.L., Anthropology. New York, Harcourt, Brace and Company, 1948.

LABUSCHAGNE, J.M.T., Blanke bestuurstelsels en hulle invloed op die tradisionele politieke instellinge in die Transkei. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1965.

MALINOWSKI, B., (i) Dynamics of Culture Change. An Inquiry into Race Relations in Africa. New Haven, Yale University Press.

(ii) A Scientific Theory of Culture and other Essays. A Galaxy book. New York, Oxford University Press, 1960.

MARITZ, C.J., Die Bestuursontwikkeling van die Tswanastammegroep met besondere verwysing na die skakeling tussen die stad en tuisland. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1966.

MAYER, P., Townsmen or Tribesmen. Cape Town, Oxford University Press, 1961.

MÜHLMANN, W., Rassen- und Völkerkunde. Braunschweig, Friedr, Vieweg und sohn, 1936.

OWENS DIARY, The Diary of the Rev. Francis Owen, missionary with Dingaan in 1837-38 together with extracts from the interpreter in Zulu, Messrs. Hulley and Kirkman ed. by E. Cory, Cape Town, Van Riebeeck soc. 1962.

PARRINDER, E.G. African Traditional Religion. London, Hutchinson's University Library, Hutchinson House.

PAUW, B.A., Religion in a Tswana Chiefdom. Published for the International African Institute by the Oxford University Press. London New York Toronto 1960.

PIM, H., Introduction to Bantu Economics, Lovedale Press, 1930.

POTGIETER, E.F., (i) Dinamiese Aspekte van die Suid-Afrikaanse Kontaksituasie. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, 1957.

(ii) Probleme in verband met die Kontaksituasie tussen Westerse- en inboorlingvolke Suid van die Sahara. Simposium gereël deur die Komitee vir Wetenskaplike aangeleenthede van die Universiteit van Suid-Afrika op 26 Mei 1956.

RADIN, P., Primitive Religion. Its Nature and origin. New York, Dover Publications, 1957.

RIEKERT, P.J., Die huweliksreg van die Bahurutshe onder invloed van die Suid-Afrikaanse Regsadministrasie 1967. P.U. vir C.H.O. (Konsep D.Phil proefskrif).

SCHAPERA, I., (Ed.) (i) Bantu Speaking Tribes of South Africa. An Ethnographical Survey, Cape Town, Maskew Miller Limited, 1953.

(ii) The Tswana. In Daryll Forde (Ed.) Ethnographic Survey of Africa, Southern Africa, Part III International African Institute, London (1953), 1963.

(iii) Field Methods in the Study of Modern Culture Contact. Africa, Vol. VIII, 1935.

(iv) Migrant Labour and Tribal Life. London, Oxford University Press, 1947.

SCHAPERA, I., (Ed.) (v) Western Civilization and Natives of South Africa. London, George Routledge and Sons Limited. Broadway House 68-74 Coster Love E.C. 1939.

(vi) Married Life in an African Tribe. London, Faber and Faber Limited, 1940.

SELIGMAN, C.G., Races of Africa. London, Oxford University Press, 1959.

SLOTKIN, J.S., Social Anthropology. New York, The Macmillan Company, 1950.

SCHMIDT, J.J., (i) Die huweliksluiting onder die Bantoe in die stedelike woongebied binne die Munisipaliteit van Klerksdorp. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958.

(ii) Stamverbondenheid van 'n Stedelike Bantoegemeenskap. ('n Ondersoek na die mate van ontstamming van die Bantoebevolking binne die munisipaliteit van Klerksdorp). Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif P.U. vir C.H.O., 1965.

SOGA, J.H., The Ama-Xosa: Life and Customs. Lovedale, Lovedale Press, South Africa, 1931.

TAYLOR, E.B., Primitive Culture. Part II. New York, Harper Torchbooks, Harper and Brothers Publishers (sj.).

VAN ZYL, H.J., Die Bakgothla van Masetlha. Johannesburg, Voortrekker Pers, 1958.

WALTER, P.A.F., Race and Culture Relation. London, New York. McGraw Hill Book Co., 1952.

WESTERMAN, D., The African Today and Tomorrow. London, Oxford University Press, 1949.

WILSON, MONICA and MAFEJE, A., Langa. Cape Town, Oxford University Press, 1963.

WILSON, M., Methods of study of culture contact in Africa. Memo XV, International Inst. of African Languages and Cultures, 1938.

TYDSKRIFTE/...

TYDSKRIFTE

BANTOE-ONDERWYSBLAD, Vol. XIII No.7, Augustus 1967.

GRACE, Vol.I, No.9, June 1965.

KOERANTE

DIE VADERLAND, 4 Augustus (Woensdag) 1965.

AMPTELIKE PUBLIKASIES

MILES, J.D., Suid-Afrika (Republiek) Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing. The Drinking Pattern of the Bantu in South Africa. Research Series No. 18, Dept. Education, Arts and Science. (sp.) 1965.

SUID-AFRIKA, (REPUBLIEK), Departement van Bantoeonderwys: Wetgewing en regulasies. Die Staatsdrukker, Pretoria.

SUID-AFRIKA, (REPUBLIEK), Departement van Bantoeonderwys.

(i) Leerplanne vir die Junior Sertifikaat.

(ii) Leerplanne vir die Laer Primêre skole.

(iii) Leerplanne vir die Hoër Primêre skole.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, Kommissie vir die Sorio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika. Samevatting van die verslag. Pretoria, Staatsdrukker (1955 of 6) 214 p. (U.G. 61/1955).
Voorsitter F.R. Tomlinson.

SUID-AFRIKA, (REPUBLIEK), Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Blanke Bewoning van die Platteland, Staatsdrukker, Pretoria, 1959.

# B Y L A E S

## BYLAE I

## SALARISSKALE VAN BANTOEONDERWYSERS

### A. LAER PRIMÊRE SKOLE OF KLASSE

(a) Gekwalifiseerd (mans, getroud en ongetroud en vrouens).

(i) Laer Primêre Onderwysersertifikaat (L.P.O.S.).

Mans en vrouens.

R294x18-312x24-384x36-492.

(ii) Hoër Primêre Onderwyssertifikaat (H.P.O.S.)

Mans en vrouens

R336x24-384x36-600x48-648.

(b) Ongekwalifiseerd.

Laer as Junior Sertifikaat (J.S.):

Mans: R132x18-204

Vrouens: R114x18-150.

J.S.: Mans: R240x18-312x24-336.

Vrouens: R204x18-240.

Matriek: Mans: R336x24-384x36-456.

Vrouens: R276x18-312.

4 Graadkursusse: Mans: R360x24-384x36-492.

Vrouens: R294x18-336.

8 Graadkursusse: Mans: R384x36-564.

Vrouens: R312x24-360.

Graad: Mans: R420x36-600.

Vrouens: R336x24-384.

L.P.O.S.I: Mans: R168x18-240 (na 4 jaar) 204x18-312x24-384x36-456.

Vrouens: R150x18-222 (na 4 jaar) 168x18-312.

L.P.O.S.II: Mans: R204x18-258 (na 4 jaar) 222x18-312x24-384x36-492.

Vrouens: R168x18-240 (na 4 jaar) 186x18-312x24-336.

B. HOËR PRIMÊRE SKOLE OF KLASSE, VAKOPLEIDING EN NA-PRIMÊRE SKOLE

(a) Gekwalifiseerd (ongetroude mans se salaris is soos dié vir vrouens).

L.P.O.S.: Mans: R384x36-600x48-936.

Vrouens: R294x18-312x24-384x36-492.

H.P.O.S.: Mans: R456x36-600x48-1032.

Vrouens: R336x24-384x36-600x48-648.

Matriek en Professionele Sertifikaat: (Prof.)

Mans: R564x36-600x48-1080x60-1440.

Vrouens: R456x36-600x48-840.

4 Graadkursusse en Prof.:

Mans: R600x48-1080x60-1500.

Vrouens: R492x36-600x48-888.

8 Graadkursusse en Prof.:

Mans: R648x48-1080x60-1560.

Vrouens: R528x36-600x48-936.

Graad en Prof.: Mans: R744x48-1080x60-1680.

Vrouens: R600x48-1032.

(b)/...

(b) Ongekwalifiseerdes (getroude en ongetroude mans en vrouens).

Laer as J.S.: Mans: R132x18-204.
Vrouens: R114x18-150.

J.S.: Mans: R240x18-312x24-336.
Vrouens: R204x18-240.

Matriek: Mans: R336x24-384x36-456.
Vrouens: R276x18-312.

4 Graadkursusse: Mans: R360x24-384x36-492.
Vrouens: R294x18-336.

8 Graadkursusse: Mans: R384x36-564.
Vrouens: R312x24-360.

Graad: Mans: R420x36-600.
Vrouens: R336x24-384.

L.P.O.S.I: Mans: R168x18-240 (na 4 jaar) 204x18-312x24-384x36-456.
Vrouens: R150x18-222 (na 4 jaar) 168x18-312.

L.P.O.S.II: Mans: R204x18-258 (na 4 j.) 222x18-312x24-384x36-492.
Vrouens: R168x18-240 (na 4 j.) 186x18-312x24-336.

St.VI + 2 j. Nywerheidsopleiding:
Mans: R204x18-312x24-384x36-492.
Vrouens: R168x18-312x24-336.

St.VI + 3 j. Nywerheidsopleidinf:
Mans: R384x36-600x48-744.
Vrouens: R294x18-312x24-384x36-456.

St./...

St.VI + 4 j. Nywerheidsopleiding:

Mans: R420x36-600x48-792.

Vrouens: R312x24-384x36-492.

St.VI + 5 j. Nywerheidsopleiding:

Mans: R456x36-600x48-840.

Vrouens: R336x24-384x36-528.

C. PRINSIPAALSTOELAES

(a) Primêre skole

| Graad van skool | Inskrywing | Prinsipaal | Vise-prinsipaal |
|---|---|---|---|
| A | 25-50 | R36 | - |
| B | 51-100 | 72 | - |
| C | 101-200 | 108 | - |
| D | 201-300 | 144 | - |
| E | 301-450 | 180 | - |
| F | 451-600 | 216 | 36 |
| G | Bo 600 | 256 | 72 |

(b) Vakopleiding en Na-primêre skole

| | | | |
|---|---|---|---|
| S.A. | 1-99 | 240 | - |
| S.B. | 100-199 | 360 | 144 |
| S.C. | 200-299 | 480 | 180 |
| S.D. | 300 en meer | 600 | 240 |

D. TOELAES AAN ASSISTENTE

Permanente assistente (mans en vrouens) in Sekondêre- en Opleidingskole ontvang die volgende toelaes bo en behalwe hulle salarisse.

Junior Sekondêre skole (St.8): R48 per jaar.

Senior Sekondêre skole (Matriek): R108 per jaar.

E. PROVISIONELE POSTE

Mans: R168 vas.

Vrouens: Ongekwalifiseerd: R132 vas.
Gekwalifiseerd: R150 vas.

BYLAE/...

# BYLAE 2

## OPSOMMING VAN LEERPLANNE: DEPARTEMENT VAN BANTOEONDERWYS

A. Leerplan vir die Laer Primêre Skool (sub A tot st.II)

Vakke:

Huistaal

Gesondheidsleer

Godsdiensonderwys

Afrikaans

Engels

Rekenkunde

Omgewingsleer

Skrif

Musiek

Kuns en Kunsvlyt

Tuinbou

B. Leerplan vir die Hoër Primêre Skool (st.III tot st.VI)

Vakke:

Huistaal

Godsdiensonderwys

Afrikaans

Engels

Rekenkunde

Sosiale Studie

Gesondheidsleer

Natuurstudie

Musiek

Naaldwerk/...

B. (Vervolg)

Naaldwerk

Huisvlyt

Tuinbou (insluitende boomaanplanting en grondbewaring)

Handwerk - Kuns en Kunsvlyt

Handwerk - Hout- en Metaalwerk

Skrif

Die vaksillabusse is voorsien van algemene opmerkings en wenke aan die onderwysers.

C. <u>Leerplan vir die Junior Sertifikaat (vorm I tot vorm III)</u>

Vakke:

Afrikaans (A-graad, B-graad en C-graad)

Algemene Rekenkunde

Algemene Wetenskap

Bantoetale (A-graad en B-graad)

Biologie

Boekhou

Godsdiensonderrig

Engels (A-graad en B-graad)

Handel

Handelsrekene

Houtwerk

Huisvlyt (Kursus A en Kursus B)

Kunsvlyt

Landbou

Latyn

Musiek/...

Musiek en sang

Natuur- en Skeikunde

Rekenkunde

Snelskrif

Sosiale Studie

Tikskrif

Wiskunde

Bybelkunde

D. Leerplanne vir die Senior Sertifikaat

Vir die Senior Sertifikaat word een van twee sillabusse gevolg, nl:

a. G.M.R. (Gemeenskaplike Matrikulasieraad)

b. Nasionale Senior Sertifikaat. [1)]

---

1. a. Leerplan vir die Laer Primêre Skool. Departement van Bantoeonderwys, 1963.
   b. Leerplan vir die Hoër Primêre Skoolkursus. Departement van Bantoe-onderwys, 1963.
   c. Leerplanne vir Junior Sertifikaat 1961. Departement van Bantoeonderwys, 1961.

BYLAE/...

BYLAE 3

VRAELYS

HOOFSTUK I: AGTERGROND VAN DIE ONDERWYSERGROEP VAN POTCHEFSTROOM

1. Huisnommer: ________ Straatnaam: ______________

2. Persoonlik:

A. VAN: ________________________________________

B. NAME: (i) BANTOENAME: (a) Man: ___________

___________

(b) Vrou: __________

___________

(ii) EUROPESE NAME:(a) Man: ___________

___________

Vrou: __________

___________

3. Herkoms:

A. Aan watter stam behoort jy? ______________

B. Aan watter totem behoort jy? _____________

C. Waar is jy gebore? (Noem die plek en distrik)

_____________________________________________

D. Waar het jy voorheen oral onderwys gegee? __

_____________________________________________

E. Hoekom het jy na Potchefstroom gekom? ______

_____________________________________________

4. Onderwyskwalifikasies:

A. Wat is jou kwalifikasies?

(i) Akademies: ______________________________

(ii) Professioneel: __________________________

5. Opleiding:

A. Waar het jy jou opleiding gehad? __________

B. Hoekom daar? ______________________________

C. Studeer jy nog verder? Ja/Nee (Onderstreep die regte antwoord.)

D. Waarin studeer jy verder? _________________

E. Aan watter inrigting? _____________________

6. Posisie:

Watter posisie beklee jy tans? (Onderstreep die regte antwoord).

(i) Hoof: Ja/Nee.

(ii) Assistent: Ja/Nee.

(iii) Gesubsidieer: Ja/Nee.

(iv) Provisioneel: Ja/Nee.

(v) Privaat: Ja/Nee.

7. Wat is jou salaris? R_______ per maand.

8. Wat is jou ouderdom? _______ jare _____ maande.

9. Huwelikstatus:

A. Getroud/Ongetroud. (Onderstreep die regte antwoord.)

B. Indien wel getroud, werk jou vrou? Ja/Nee (Onderstreep die regte antwoord.)

C. Waar werk sy? ______________________________

D. Hoekom werk sy? ____________________________

10. Gesinsgrootte:

A. Seuns: _______

B. Dogters: _____

11. Sal jy graag meer seuns/dogters wil hê/of wil jy nie meer kinders hê nie? (Onderstreep die regte antwoord.)

12/...

12. Hoekom? ______________________________

______________________________

HOOFSTUK II: HUWELIKSLUITING EN VERLOWING

1. Behoort jou vrou aan jou stam? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

2. Het jy verloof geraak met 'n verloofring? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

3. Indien wel, watter soort ring? Seëlring Diamantring. (Onderstreep die regte antwoord.)

4. Is jy verloof volgens Bantoe-Blanke manier? Onderstreep die regte antwoord.)

5. Beskryf die verlowingseremonie kortliks: ______

______________________________

______________________________

6. Is jy in die kerk/by die Bantoesakekommissaris getroud/ by albei getroud? (Onderstreep die regte antwoord.)

7. A. Was daar 'n onthaal na die huwelikseremonie? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

   B. Indien wel:

      (i) Waar was die onthaal? ______________

      ______________________________

      (ii) Wat was die vorm wat die onthaal aangeneem het? ______________

      ______________________________

   C. (i) Was daar drank? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

      (ii) Watter soorte drank en hoeveel van elk?

      ______________________________

      ______________________________

8. A. Watter klere het die bruid gedra? (Beskryf kortliks.) ______________________________

______________________________

B. Watter klere het die man gedra? (Beskryf kortliks.) ______________________________

______________________________

9. Hoe is die uitnodigings vir die huwelik uitgestuur? Kaartjies/Mondeling. (Onderstreep die regte antwoord.)

10. Wie is almal genooi? ______________________________

______________________________

11. A. Was daar 'n bruidsmotor? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

B. Indien wel, watter soort motor? ______________

12. Is jy getroud buite gemeenskap/binne gemeenskap van goedere? (Onderstreep die regte antwoord.)

13. A. Het jy lobola betaal? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

B. (i) Wat was die vorm van die lobola? __________

(ii) Hoeveel? ______________________________

14. Gee 'n kort beskrywing van die tradisionele huwelikseremonie as jy volgens Bantoemanier getroud is.

______________________________

______________________________

______________________________

15. Watter rol het die familie in die huwelik gespeel?

______________________________

______________________________

______________________________

HOOFSTUK/...

## HOOFSTUK III: HUISBESIT, MEUBLEMENT EN VERVOER

### I. HUISBESIT:

A. Kombuis
Eetkamer
Woonkamer (sitkamer)
Eet-Woonkamer
Badkamer
Slaapkamer (hoeveel?)
Studeerkamer
Stoep

(Onderstreep die vertrekke in jou huis.)

B. Het jy hom groter gemaak as wat hy oorspronklik was? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

C. Is jou erf net so groot soos/groter/kleiner/ as al die ander se erwe? (Onderstreep die regte antwoord.)

D. (i) Wil jy graag 'n groter huis hê as wat jy het?
(ii) Indien wel, hoekom? ______________________
______________________________________________

E. Het jy jou huis gehuur/gekoop/volgens erf- en diensskema gekry? (Onderstreep die regte antwoord.)

### II. Meublement:

A. Noem die meubels op in elke vertrek van jou huis.

Vertrek/...

| Vertrek | | Meubels |
|---|---|---|
| (a) Woonkamer (sitkamer) | : | ______ |
| | : | ______ |
| (b) Eetkamer | : | ______ |
| | : | ______ |
| (c) Slaapkamers | : | ______ |
| | : | ______ |
| (d) Kombuis | : | ______ |
| | : | ______ |
| (e) Badkamer | : | ______ |

B. Waar het jy die meubels gekoop? ______

______

C. Het jy die meubels kontant gekoop/op huurkoopstelsels gekoop? (Onderstreep die regte antwoord.)

D. (i) As jy 'n radio het, watter soort en watter model? (Bv. tafelmodel, batterystel, radiogram, ens.) ______

(ii) Hoekom die bepaalde soort model? ______

______

III. VERVOER

1. Het jy 'n motor? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)
2. Indien wel, watter soort? ______
3. Waarom die soort? ______

   ______

4. Indien jy nie 'n motor besit nie, van watter vervoer maak jy gebruik? ______

   ______

HOOFSTUK/...

## HOOFSTUK IV: DRANK, VOEDSEL EN KLEDINGGEWOONTES

### I. Drank:

1. Maak jy gebruik van Blanke drank? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)
2. Watter Blanke drank verkies jy om te drink?

   ______________________________

   A. Man : ______________________

   : ______________________

   B. Vrou : ______________________

   ______________ : ______________________

3. Maak jy gebruik van die biersaal om 'n drankie te neem? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)
4. Gaan die vrou saam na die biersaal? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)
5. Drink jy jou drankie in die kroeg/biertuin/privaatsitkamer as jy na die biersaal gaan? (Onderstreep die regte antwoord.)
6. Brou jou vrou bier tuis? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)
7. Word van die bier soms verkoop wat tuis gebrou word? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)
8. As jy tuis jou drankie maak, maar jou drank kom van die biersaal, wie word gestuur om dit te gaan haal? ______________________
9. (i) Neem jy soms 'n drankie voor ete? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

   (ii) Watter soort drankie neem jy? ______________

   ______________________________

II/...

## II. EET EN VOEDSEL

1. Wie berei die voedsel voor? ______________________

2. Wie koop die kos? ________________________________

3. Word daar fees gehou as die voedsel in die tuin reg is vir gebruik? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

4. (i) Eet al die lede van die gesin saam? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

   (ii) Indien nie, hoekom nie? ____________________

   ______________________________________________

5. Word daar geëet in die kombuis/eetkamer/lapa? (Onderstreep die regte antwoord.)

6. (i) Waarmee word geëet? Messe/vurke/lepels/hand. (Onderstreep die regte antwoord.)

   (ii) Waarin word geëet? Blik-of erde-of klei-bakkies, skotteltjies. (Onderstreep die regte antwoord.)

7. Hoeveel etes per dag word geëet? ______________

   ______________________________________________

8. Wat word met elke maaltyd geëet?

   (i) Oggendete ________________________________

   (ii) Middagete _______________________________

   (iii) Aandete ________________________________

9. Watter van die volgende voedsel word in die huis gebruik? (Onderstreep die voedselsoort en sê dan waar dit gekoop is.)

Voedsel/...

| Voedsel | | Waar gekoop |
|---|---|---|
| (1) | Melk | : ________ |
| (2) | Vleis | : ________ |
| (3) | Mieliemeel | : ________ |
| (4) | Brood | : ________ |
| (5) | Blikkiesvis | : ________ |
| (6) | Blikkiesvleis (Beef) | : ________ |
| (7) | Blikkiesgroente | : ________ |
| (8) | Koffie | : ________ |
| (9) | Tee | : ________ |
| (10) | Konfyt (jam) | : ________ |
| (11) | Roomys | : ________ |
| (12) | Koeldranke | : ________ |

10. (i) Eet die kinders min/matig/baie lekkers? (Onderstreep die regte antwoord.)

(ii) Indien wel, watter soort lekkers? ________

________

III. KLEDINGGEWOONTES

1. Maak jou vrou soms van die huisgesin se klere? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)
2. Indien wel, noem die kledingstukke wat jou vrou vir elk van die volgende maak:

   A. Man ________

   B. Vrou ________

   C. Seuns ________

   D. Dogters ________

3/...

3. Waar word julle klere gekoop? (Noem die plekke na die persone wat genoem is.)

A. Man ______________________

B. Vrou ______________________

C. Seuns ______________________

D. Dogters ______________________

4. Noem watter klere gekoop word vir:

A. Man ______________________

B. Vrou ______________________

C. Seuns ______________________

D. Dogters ______________________

5. Dra jy as man 'n hoed? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

6. Watter soort hoed koop jy die graagste? ________

HOOFSTUK V: SOSIALE LEWE: OPVOEDING, ONTSPANNING, SPORT, KERK EN ORGANISASIES

I. Opvoeding:

A. Wie is die hoof van die huisgesin? Man/Vrou. (Onderstreep die regte antwoord.)

B. Wie tug die kinders?

(i) Die eerste 6 jaar van hulle lewe ______

(ii) Na 6-jarige ouderdom ______________

(iii) Mag ouer kinders die jongeres tug? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

II. Ontspanning en sport

A. Aan watter sport neem die volgende lede van die familie deel? (Onderstreep die regte antwoord.)

(i)/...

(i) Man: Gholf
Tennis
Rugby
Sokker
Enige ander sport (noem) ____________

________________________________________

(ii) Vrou: Gholf
Tennis
Enige ander sport (noem) ____________

________________________________________

(iii) Seuns: Rugby
Sokker
Tennis
Atletiek
Enige ander sport (noem) ____________

________________________________________

(iv) Dogters: Korfbal
Tennis
Atletiek
Enige ander sport (noem) __________

________________________________________

B. (i) Word daar in die huis gesing vir ontspanning? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

(ii) Deur watter van ondergenoemde lede van die gesin word gesing? (Onderstreep die regte antwoord.)

Man

Vrou

Kinders

C. (i) Word enige sanglesse geneem? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

(ii) Hoekom? ________________________________________

D/...

D. (i) Word enige musieklesse geneem? Ja/Nee.
(Onderstreep die regte antwoord.)

(ii) Hoekom? ______________________________

E. Watter instrumente word deur lede van die gesin bespeel?

| Lid van gesin | | Soort instrument |
|---|---|---|
| Man | : | ______________________ |
| Vrou | : | ______________________ |
| Kinders | : | ______________________ |

F. (i) Word daar soms gedans? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

(ii) Vul die volgende besonderhede vir elkeen van die genoemde lede van die huisgesin in:

| Lid van gesin: | Waar word gedans: | Soort dans |
|---|---|---|
| Man : | ______________ : | __________ |
| Vrou : | ______________ : | __________ |
| Kinders : | ______________ : | __________ |

G. (i) Word daar soms danslesse geneem? Ja/Nee.
(Onderstreep die regte antwoord.)

(ii) Indien wel, sê waar die volgende lede die lesse neem:

| Lid van die gesin: | | Waar word die lesse geneem. |
|---|---|---|
| Man | : | ______________________ |
| Vrou | : | ______________________ |
| Kinders | : | ______________________ |

H. (i) Word daar soms gelees vir ontspanning?
Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

(ii) Wat lees die volgende lede van die gesin?

Lid/...

| Lid van gesin: | Naam van tydskrif, ens. | |
|---|---|---|
| | Tydskrifte | Boeke |
| Man | ______________ | ______________ |
| Vrou | ______________ | ______________ |
| Kinders | ______________ | ______________ |

I. Word daar soms tuingemaak vir ontspanning? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

J. Wat word in die tuin geplant? ______________

______________________________

III. Kerk:

A. Aan watter kerk behoort jy en jou huisgesin?

(i) Jy ______________

(ii) Vrou ______________

(iii) Kinders ______________

B. Hoeveel keer besoek jy die kerk per maand?

______________________________

C. Is jy lid van die kerkraad? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

D. (i) Behoort jou vrou aan enige kerkorganisasie vir vroue? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

(ii) Indien wel, noem die organisasie ______________

______________________________

IV. Ander organisasies:

A. Behoort jy of jou vrou aan enige van die volgende organisasies?

(i) Ontspanningsklub. Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

(ii)/...

(ii) Onderwysersvereniging. Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

B. Watter posisie beklee julle? (Onderstreep die regte antwoord.)

| | Man | | Vrou |
|---|---|---|---|
| Voorsitter/ster | Ja/Nee | : | Ja/Nee |
| Onder-voorsitter/ster | Ja/Nee | : | Ja/Nee |
| Sekretaris/isse | Ja/Nee | : | Ja/Nee |
| Bestuurslid | Ja/Nee | : | Ja/Nee |
| Gewone lid | Ja/Nee | : | Ja/Nee |

V. Besparings en assuransies:

A. (i) Spaar jy maandeliks 'n sekere bedrag geld? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

(ii) Indien wel, hoeveel? R________

B. Waar bank jy jou geld wat jy spaar? (Onderstreep die regte antwoord.)

(i) Bank, Ja/Nee. Watter bank? ______________

(ii) Poskantoor. Ja/Nee.

(iii) Bougenootskap. Ja/Nee.

(iv) Bantoebeleggingskorporasie. Ja/Nee.

(v) Hou jy jou spaargeld in die huis? Ja/Nee.

C. Indien jy nie gebruik maak van die Bantoebeleggingskorporasie nie, sê hoekom nie? ______

______________________________________________

D. (i) Besit jy 'n begrafnispolis? Ja/Nee. (Onderstreep die regte antwoord.)

(ii) Indien wel, by watter genootskap? _________

______________________________________

E/...

E. Wat is die maandelikse premies? R____________

F. Watter van die volgende persone is verassureer?

(Onderstreep die regte antwoord.)

| | Vir hoeveel | By watter genootskap | Soort polis |
|---|---|---|---|
| Man | | | |
| Vrou | | | |
| Seuns | | | |
| Dogters | | | |

G. Hoekom het jy jou of lede van jou gesin verassureer/nie verassureer nie? (Onderstreep die regte antwoord en gee redes.)____________

____________________________________

____________________________________